Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

Deur die Geloof

==========

Hebreërs 11

==========

Ds. MJ Booyens

Gesprekke oor die geloof uit die Ou Testament

Woord Vooraf

U het hier geen "wetenskaplike studie" oor Hebreërs 11 nie. Dit is bloot 'n gesprek oor gelowige mense en dit is bedoel vir gelowige mense

Indien dit die leser se geloof sou skraag en sterk; indien dit hom of haar bly en dankbaar maak, omdat hy of sy deur die geloof lewe, dan is dit vir my genoeg.

Die Skrywer
Heilbron 1981

Deur die geloof . . . is deel een van 'n reeks van drie boeke.

Deel twee is: Jou geloof het jou gered (gesprekke oor die geloof uit die vier Evangelies).

Deel drie is: Die werk van julle geloof (gesprekke uit die boek "Handelinge" oor die geloof).

Inhoudsopgawe

1. Ek glo 4
2. Glo is sien 6
3. Jou geloof spreek tot andere 8
4. Ons glo in die almagtige Skepper 10
5. Deur die geloof het Abel.... 12
6. Deur die geloof wandel Henog met God 14
7. Deur die geloof het Noag 16
8. Deur die geloof het Abraham (1) 18
9. Deur die geloof het Abraham (2) 20
10. Deur die geloof het Abraham (3) 22
11. Deur die geloof het hulle 24
12. Deur die geloof het Sara geboorte gegee 26
13. Deur die geloof het Abraham en Sara 28
14. Deur die geloof . . . soek hulle 'n vaderland 30
15. Deur die geloof bly hulle 32
16. God skaam Hom nie vir hulle nie 34
17. Deur die geloof offer Abraham vir Isak 36
18. Deur die geloof reken hy dat God mag het om uit die dood op te wek 38
19. Deur geloof seën Isak vir Jakob en Esau 40
20. Deur die geloof seën Jakob Josef se seuns 42
21. Deur die geloof het Jakob aanbid 44
22. Deur die geloof het Josef.... 46
23. Deur die geloof het Moses se ouers.... 48
24. Deur die geloof het Moses.... (1) 50
25. Deur die geloof het Moses.... (2) 52
26. Deur die geloof het Moses.... (3) 54
27. Deur die geloof het Moses.... (4) 56
28. Deur die geloof het Moses.... (5) 58
29. Deur die geloof het Moses.... (6) 60
30. Deur die geloof het Israel.... 62
31. Deur die geloof het die mure van Jerigo geval 64
32. Deur die geloof het Ragab, die hoer... 66
33. Deur die geloof het Barak.... 68
34. Deur die geloof het Gideon 70
35. Deur die geloof het Simson 72
36. Deur die geloof het Jefta.... 74
37. Deur die geloof het Samuel 76
38. Deur die geloof het Dawid .... (1) 78
39. Deur die geloof het Dawid.... (2) 80
40. Deur die geloof het die profeet Jesaja 82
41. Deur die geloof het Jeremia 84
42. Deur die geloof het Esegiël.... 86
43. Deur die geloof het Daniël.... 88
44. Deur die geloof het Hosea 90
45. Deur die geloof het Amos 92
46. Deur die geloof het Jona.... 94
47. Deur die geloof het Miga.... 96
48. Deur die geloof het Habakkuk.... 98
49. Deur die geloof het Serubbabel en sy volk geluister na Haggai die profeet 100
50. Deur die geloof — dade 102
51. Deur die geloof was die wêreld hulle nie werd nie 104
52. Deur die geloof het ons iets beters ontvang 106

1. Ek glo

Die geloof dan is 'n vaste vertroue — Hebr. 11:1

"Ek glo" so bely ons. Ons is gelowiges.

Die geloof onderskei ons van ander mense. Dit is ons unieke kenmerkende eienskap — ons vaandel of onderskeidingsteken.

Daaraan word ons uitgeken in die kerk — "die vergadering van gelowiges".

Ons leef uit die geloof in ons huisgesin. Wanneer ons gaan slaap en wanneer ons opstaan, wanneer ons in huis sit en wanneer ons op reis is. In ons werk en spel; in ons wetenskap en kuns — oral en altyd wapper die vaandel van ons geloof.

"Ons glo" staan oor ons hele lewe geskrywe.

"Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop"

Vir die skrywer van die Hebreërbrief is die geloof die wortel van standvastigheid, teen die wankelmoedigheid en wispelturigheid van die ongeloof. Dit is 'n lewe in vertroue met die oog op die toekoms — die dinge waarop ons hoop.

Ek glo, daarom is ek verseker!

Ek het 'n uitsig en daarom besiel met innerlike krag.

Die krag deurstraal my ganse lewe.

Dit is die krag in my wat uitsien en wag en volhard ondanks druk en nood en vervolginge.

Deur die krag besit ek "lydsaamheid" — die vermoë om aan te hou en uit te hou onder druk en lyding en nood. "Want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry" — 10:36.

'n Ware geloof is 'n vaste vertroue

Ek glo, daarom besit ek 'n vaste vertroue.

"'n Ware geloof is 'n vaste vertroue, wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk dat nie alleen aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid deur God geskenk is uit loutere genade alleen terwille van die verdienste van Christus." Juis daarom het ek 'n toekoms. Juis dit wil die skrywer van hierdie brief benadruk. Ons kan met sekerheid en blymoedigheid die toekoms tegemoet stap. Ons hemel word immers oorkoepel deur die reënboog van God se verbondsbeloftes. En Hy is getrou — onwankelbaar getrou. In Hom glo ons — op Hom hoop ons — op Hom wag ons.

Ons sal nie beef of rugwaarts gaan

Die "vaste vertroue" is die grondslag waarop ons lewe vasstaan. Dit is veel meer as die vaste aarde onder ons voete.

> "Laat dan maar buig en beef
> al wat ons hier omgeef;
> laat berge uit hul stee
> wegwankel in die see —
> ons sal nie beef of rugwaarts gaan" — Ps. 46.

Ons glo — en ons het die bewys. Die "eiendomsbewys" dat ons deel het aan die koninkryk van Christus. Daarom sal ons dit nooit verloor nie. "My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My. En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie" — Joh. 10:27, 28.

God hou my vas . . .

"Ek glo" beteken nie in die eerste plek dat ek aan God vashou nie, maar dat Hy my vashou. Daarom kan ek die geloof nooit verloor nie. "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God" — Ef. 2:8.

Daarom is die dinge waarop ons hoop geen wankelmoedige of onsekere verwagting nie. Dit lê nie verborge agter newels en wolke van menslike prestasies of vermoëns nie. Dit lê onwankelbaar vas in die beloftes van God.

> "Daarom het God, omdat Hy nog kragtiger aan die erfgename van die belofte die onveranderlikheid van sy raad wou toon, dit met 'n eed gewaarborg; sodat ons deur twee onveranderlike dinge, waarin dit onmoontlik is dat God sou lieg, kragtige bemoediging kan hê, ons wat ontvlug het, om vas te hou aan die hoop wat voorlê; en ons het dit as 'n anker van die siel wat veilig en vas is" — Hebr. 6:17-19.

Ek is verseker!

Ons kan met Paulus ons pelgrimslied sing: "Ek is verseker!!"

> "Maar nee, ons sal oorwinnaars bly
> deur Hom vir Wie ons leef en ly.
> Ja 'k weet gewis, geen lewe of dood,
> geen eng'lemag bomenslik groot,
> geen skepsel in die skepping wyd,
> geen ding in tyd of ewigheid —
> niks kan ons van Gods liefde skei
> wat ewig-vas in Christus bly" —
>
> Skrifberyming 10 — Totius.

2. Glo is sien

Die geloof dan.... is 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie — Hebr. 11:1

"Sien is glo" sê die wêreld.

"Glo is sien" sê die gelowige.

Daar is *sienlike* en *onsienlike* dinge.

> "Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, bewerk vir ons 'n alles oortreffende ewige gewig van heerlikheid; omdat ons nie let op die *sigbare dinge* nie, maar op die *onsigbare;* want die *sigbare dinge is tydelik,* maar *die onsigbare ewig"* — 2 Kor. 4:17,18.

Die "ongelowige" Thomas wou eers sien, voordat hy glo. Jesus sê vir hom: "Omdat jy My gesien het, Thomas, het jy geglo; *salig is dit wat nie gesien het nie en tog geglo het"* — Joh. 20:29.

Ons sien die onsienlike

Baie mense het Jesus tydens sy lewe op aarde gesien en tog nie in Hom geglo nie. Na sy opstanding het weinig Hom egter gesien. Hy het Hom nie in sy opstandings-heerlikheid aan die menigtes vertoon nie, maar alleen aan "sy getuies". En op hulle getuienis moet ons glo, al het ons Hom nie met die natuurlike oë gesien nie.

"Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en eenvoudige geestelike wese is wat ons God noem: ewig, onbegryplik, *onsienlik,* onveranderlik, oneindig, almagtig; volkome wys, regverdig, goed en 'n alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is" — Nederlandse Geloofsbelydenis Art. 1. God is *transendent* — Hy kan nie deur menslike sintuie waargeneem word nie, omdat Hy geheel anders is as alle geskape dinge. Hy is immers die Skepper van alles. Ons kan Hom derhalwe nie natuurkundig "bewys" nie. Ons *glo* dat Hy is.

Ons sien deur die geloof

En tog *sien* ons Hom deur die *geloof.* Ons kan dit Job nasê: *"Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien"* — Job 42:5. Glo jy, dan kom daar 'n wesenlike verandering in jou lewe. Dan ontvang jy die "geloofsoog" en jy sien die hand van God in jou persoonlike lewe en in die skepping en die wêreldgeskiedenis. Ons sien nou wél "deur 'n spieël in 'n raaisel — dit is 'n gebroke en onvolledige beeld van die werklikheid. "Ons ken ten dele" — 1 Kor. 13. En tog sien ons. Ons sien deur die geloof talle bewyse — daagliks — van die onsienlike dinge.

Ons glo en sien sy werke

In die verloop van die geskiedenis *sien* ons dat God in sy Woord die waarheid gesê het. Daarom bely ons van die Woord van God: " .... omdat hulle (die Bybelboeke) ook die bewys daarvan in hulleself het, aangesien die blindes self kan tas dat die dinge plaasvind wat daarin voorspel is" — Nederlandse Geloofsbelydenis art. 5.

Selfs in die wetenskaplike en tegniese ontwikkelinge van ons tyd, sien ons die werke van God. Waarlik die mens kon nie van 'n aap afstam nie — die mens wat sulke asemberowende wondere voortbring uit sy onverklaarbare verstand. Alleen een ding is moontlik: die mens is anders as die dier — hy is geskape na die beeld van God as 'n redelike, sedelike en godsdienstige wese.

En wat van die wonderkragte wat in die natuur blootgelê word? Waarlik die mens dring meer en meer met sy verstand in die geheime wat God in sy skepping gelê het!

Ons glo — en sien sy genade

En het jy jouself in die *geloof* in die arms van God gewerp, dan *sien* jy sy hand van genade wat jou elke dag versorg en bewaak. Jy sien dat Hy, die Skepper van hemel en aarde, dieselfde hemel en aarde en alle dinge nog met sy hand onderhou en so regeer dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, spys en drank, gesondheid en krankheid en alle dinge, nie by toeval nie, maar uit sy vaderlike hand ons toekom — Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 27.

Geduld — dank — vertroue

Omdat jy deur die geloof die onsienlike dinge sien, is jy in teëspoed geduldig. Jy weet immers dit is jou deel uit die hand van jou hemelse Vader. En jy weet ook dat Hy daarmee aan jou goeie gawes gee wat jy nodig het. Soos Paulus sê: Dit werk vir jou uit 'n alles oortreffende gewig van heerlikheid. En gaan dit met jou voorspoedig, dan loop jy oor van dankbaarheid. Ontvang ook dit as soveel gawes uit die hand van 'n liefhebbende Vader en prys Hom deur jouself as 'n lewendige dankoffer aan Hom toe te wy.

En die onsekere toekoms? Jy loop dit tegemoet met die vaste vertroue op jou getroue God en Vader dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie, aangesien alle skepsele so in sy hand is dat hulle teen sy wil nie kan roer of beweeg nie. Ek glo — daarom sien ek die Onsienlike!

Die wat rein van hart is, sal God sien

Ek wil tog nie afsluit voordat ek hierby 'n kort naskrif gevoeg het nie. Ek het dit gelees:

In Rusland — in een of ander stad — is byeenkomste van Christen-kinders gehou, waar hulle Bybelonderrig ontvang het. Eendag word hulle verras deur 'n paar kommunistiese agente. Een van die manne neem 'n agtjarige dogtertjie onder hande. Streng vra hy: "As daar 'n God is, waarom sien ek Hom nie?" Na 'n oomblik van nadenke antwoord die dogtertjie: "Die Bybel sê: Die wat rein van hart is, sal God sien. Daarom sien ons Hom en u nie."

Dit is kinderlike wysheid om op jaloers te wees.

3. Jou geloof spreek tot andere

> *Deur die geloof.... het die mense van die ou tyd getuienis ontvang — Hebr. 11:2*

Hoe tree die geloof aan die lig:

Die skrywer sluit aan by vers 1 wat verduidelik *wat* die geloof is. Nou gaan hy aantoon hoe die geloof aan die lig getree het by mense uit die ou tyd. Die Skrif gee getuienis of vertel van wat met hulle gebeur het op die gebied van die geloof. Die Bybel gee getuienis van Wie God is en wat Hy gedoen het. Hy openbaar Homself en sy werke aan ons. Maar Hy gee in die Skrif ook getuienis van sy werke in die lewe van mense. Paulus verwys na Israel se reis deur die woestyn, in besonder na die optrede van die volk, en dan sê hy: "Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het" — 1 Kor. 10:11.

Wolk van getuies

Gelukkig is alle getuienis van mense en die voorbeeld wat hulle gestel het, nie vir ons as waarskuwings bedoel nie. Veral hierdie voorbeelde uit Hebreërs 11 dien vir ons tot bemoediging. "Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus die Leidsman en Voleinder van die geloof ...." — Hebr. 12:1.

Ons het hier te doen met mense. Hulle het wel in 'n ander tyd as ons gelewe. Hulle lewensomstandighede was heeltemal verskillend van dit waarmee ons elke dag te doen het. In een opsig was hulle egter vlees van ons vlees en been van ons been. *Hulle was gelowige sondaars.* Gelukkig was hulle geen supermense nie. Hulle is ook maar in sonde ontvang en gebore en het elke dag moes stry teen die sonde wat ons so maklik omring. Hulle lewensbeginsel was egter dat hulle deur die geloof aan God verbind was. Deur die geloof het hulle die vaste vertroue besit, waarop ons hoop, en die bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

"Geloofsmense"

Die skrywer gee egter geen lewensbeskrywing van hierdie "wolk van getuies" uit die ou tyd nie. Hy vertel ons van hulle as "geloofsmense" — mense wat uit die geloof gelewe het. En dan kies hy as voorbeelde enkele of soms maar een bepaalde gebeurtenis uit hulle lewe, waaruit duidelik spreek dat hulle in God geglo het.

Sou ons die geskiedenis van die mense lees in die Ou Testament, dan sou ons moontlik kan wys na opvallende gebeurtenisse in hulle lewe, wat vir ons soos hoogtepunte lyk. Dit slaan hy soms rustig oor en noem iets wat selfs onopvallend en nietig lyk. En tog slaan hy telkens die spyker op die kop. Hy noem elke keer iets waaruit die geloof kenmerkend en duidelik aan die lig tree. Hy wil duidelik aantoon dat die geloof en die geloof alleen die beginsel en krag in hulle lewe was.

Vir die Jood 'n struikelblok

Hy skryf in die eerste plek aan Hebreërs — dit is Jode wat tot geloof in Christus gekom het. In die tyd het die Jode in die algemeen baie nadruk gelê op die menslike werke om God te behaag. Veral die Fariseërs het gebod op gebod en reël op reël gestapel om te toon hoe 'n mens moet lewe om die guns van God te verdien.

In die tyd kom Christus in die wêreld. Hy eis nie werke — goeie dade — om die guns van God te wen nie. Hy eis bloot dat mense in Hom moet glo en dan ontvang hulle in Hom — die Verlosser — die volle saligheid as gawe of guns. Dit ontvang hulle verniet, omdat Hy alleen daarvoor betaal het en ook alleen daarvoor kon betaal.

Dit kon 'n Jood moeilik aanvaar. Daarom was die kruis vir die Jode 'n struikelblok — 1 Kor. 1. Die leer van die vrye genade alleen deur die verdienste van Christus, is die tema van die ganse Hebreërbrief. Maar die skrywer wil nou duidelik maak dat dit nie alleen die leer van die Nuwe Testament is nie. Ook in die "ou tyd" het mense alleen deur die geloof salig geword en uit die geloof gelewe.

Glo — geld ook vir die Ou Testament

Die hele Bybel verkondig dieselfde beginsel. Die Bybel is 'n eenheid. In die Ou Verbond het mense nie anders tot God gekom as in die Nuwe nie. Daarom is dit vir die skrywer te doene en daarom kies hy bepaalde mense en bepaalde gebeurtenisse uit hulle lewe, waaruit hulle geloofsgestalte duidelik aan die lig kom.

So gaan ons nou verder, op die voetspoor van die skrywer, kyk na die voorbeelde. Die Skrif gee getuienis van hulle dat hulle geglo het. En die getuienis is oorgelewer aan ons wat glo. Soos hulle moet ook ons glo.

Ons is ryker as hulle, omdat ons leef in die tyd van die vervulling. Maar ons staan naas hulle. Ons moet hulle navolgers wees deur uit die geloof te lewe.

4. Ons glo in die almagtige Skepper

> *Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die Woord van God toeberei is — Hebr. 11:3*

Skepping — almal moet glo

Voordat die skrywer by die mense van die ou tyd kom, praat hy eers van "ons". Die groot daad van die skeppingswerk van God kan hy nie verbygaan nie. Selfs die mense van die "ou tyd" was by die skepping nie teenwoordig nie. Hier staan alle mense gelyk.

Selfs die ongelowiges staan naas ons as dit die skepping betref. Ook hulle was nie daar nie. Hulle bou bepaalde teorieë op en lees sogenaamd die geskiedenis van die ontstaan van die aarde en die lewende wesens uit aardlae en fossiele af, maar dit bly uiteindelik maar "geloof" in hulle menslike teorieë. Soos een van hulle, 'n ewolusionis Prof. Kerkut, verklaar het: Dit is bloot 'n gerieflike werksbasis, maar bly uiteindelik 'n saak van geloof.

Kyk ons verder na die heelal — vir ons menslike denke oneindig in sy onbepaalbaarheid — dan bly dit by menslike instrumente en berekeninge en gissinge. Hieroor sê die bekende sterrekundige, Sir Bernard Lovell: Wie sou ooit weet hoe dit was toe die tyd nog *zero* was?

Waar was jy, toe Ek die aarde gegrond het?

Niemand was daar aanwesig nie. Almal moet glo — al glo hulle nie in die Bybel nie. Al verwerp hulle die gedagte van 'n almagtige Skepper. "God donder wonderbaar met sy stem: Hy doen groot dinge wat vir ons onbegryplik is. Kan jy saam met Hom die hemel uitbrei wat vas is soos 'n gegote spieël? Onderrig ons wat ons aan Hom moet sê: ons kan niks voortbring vanweë die duisternis nie" (Job 37).

God roep Job — en alle mense — tot verantwoording: "Wie maak die raadsbesluit daar tot duisternis met woorde sonder kennis? Waar was jy toe Ek die aarde gegrond het? Gee te kenne as jy insig het. Wie het sy afmetinge bepaal? — jy weet dit mos. Of wie het daaroor die meetsnoer gespan?" — Job 38.

Deur die geloof weet ons

"Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word nie ontstaan het uit sienlike dinge nie." God het alles toeberei — die hele skepping. Dit glo ons op grond van sy heilige Woord. Ons geloof is en bly gebonde aan die Bybel. God sê dat Hy dit gedoen het en daarom is dit so. Dit is vir ons die einde van alle teëspraak.

Hy het gespreek, en dit was

Die Bybel leer ons en ons glo dit, dat God die wêreld deur sy *woord* toeberei het. Ons lees die refrein in Gen. 1: "En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig. En God het gesê: Laat daar 'n uitspansel wees! En dit was so." So kan ons maar die hoofstuk deurlees. God het alles geskape deur sy woord — deur bloot uit te spreek dat dit moet gebeur en dit was so. Wonderlik is die almagswoord van God! Wat kan ons nietige mensies teen Hom antwoord? "Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër.... want Hy het gespreek, en dit was; Hy het gebied, en dit staan" — Ps. 33. Juis daarom kan ons saam met Dawid sing: "Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande" — Ps. 19. En met Jesaja: "Slaan julle oë op in die hoogte en kyk! Wie het hierdie dinge geskape? Hy laat hulle leërskare uittrek volgens getal, Hy roep hulle almal by die naam, van-weë die grootheid van kragte en omdat Hy sterk van vermoë is;

daar word nie een gemis nie" — Jes. 40:26.

Uit niks van nêrens toevallig?

Agter die dinge wat ons sien — met ons sintuie kan waarneem — is die "Onsienlike God". Hy het dit alles bewerk. Die heerlike en ryke en sinvolle skepping het nie maar sommer uit 'n onbestemde *iets* van nêrens af toevallig ontstaan nie. Daaragter is die onsienlike Skepper.

Die Vader — die Seun — die Heilige Gees

En, hoewel ons bely: "Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde", weet ons dat God die Vader en die Seun en die Heilige Gees by die skepping betrokke was. Ons Middelaar en Verlosser is ook die "Skeppingsmiddelaar". Daarom kon Johannes sê: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon — ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid" — Joh. 1:1, 3, 14. Ons Skepper is ook ons Verlosser in die vleesgeworde Woord, Jesus Christus.

Maar ook die "Gees van sy mond" was werksaam by die skepping. En Hy is die Heilige Gees wat van ons "nuwe mense" maak deur die wedergeboorte en ons "herskep" na die beeld van ons Heiland.

Hoe ryk is die skepping! Hoe ryk is ons geloof! Loof die Here, o my siel!

5. Deur die geloof het Abel....

Deur die geloof het Abel 'n offer aan God gebring — Hebr. 11:4

Sonder offer geen genade

Aan die ingang van die heilsgeskiedenis brand 'n offer. Sonder die offer is daar geen heil — geen genade, geen verwagting — ja, selfs geen vreugde nie.

Die goeie mens het 'n slegte mens geword — die sondelose 'n sondaar. Tussen God en die mens het skeiding gekom. Die mens tree in bondgenootskap met die duiwel en val uit die verbond met God.

Offer eerste geloofsdaad

God self gryp egter in. Hy stel vyandskap tussen die mens en Satan. "Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad" — Gen. 3:15. Daarmee laat God die mens, wat Hy gemaak het om Hom te dien, nie los nie. En dat Hy die sondige mens vashou, tree hier aan die lig. Abel kom met sy offer. Hy gee uiting aan sy hulde vir God. Dit is die eerste godsdienstige daad waarvan ons na die sondeval lees. Hy tree opnuut die HERE tegemoet. Hy werp hom voor Hom neer en bied aan Hom sy gawes.

So tree Abel na vore in sy *geloofsgestalte.* Dit is sy kenmerkende daad as gelowige. Wat sê hy daarmee?

Mens geskape om te offer

Die oorspronklike bestemming van die mens was maar net dit. Hy sou geheel aan God behoort en in sy heilige diens hom geheel aan God toewy. God het die mens daartoe geskep — om te offer — elke dag — elke oomblik. Die mens moes homself met alles wat hy het aan God teruggee. Dit is offer. Dit is die een sinvolle daad van die vry mens - en van die vrygemaakte mens in Christus.

Offerlyn tot die einde

Daarom loop die offerlyn deur tot aan die einde. "Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer — dit is julle redelike godsdiens" — Rom. 12:1. Godsdiens is diens van die Here. Dit het Abel geweet. Dit sê Paulus ook aan ons. Jy moet jouself aan God offer — 'n lewende, heilige aan Hom welgevallige offer. En tot aan die einde sal dit waar wees en bly. "Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, *want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges"* — Openb. 19:7, 9. Die kleed van die bruid van Christus is haar offerdade. Die bruid werk met innerlike vreugde en weemoedige verlange na die Bruidegom, aan haar kleed. Dag na dag sit sy by die weefstoel en die spinwiel. Onvermoeid bly haar hande besig. Sy is besig met 'n bruidskleed. Dit is haar self-offer.

Glo — dan offer jy

Geloof? Ja dit is geloof!

Geloof sonder die werke is dood!

Toon my jou geloof uit jou werke!

Glo jy — dan offer jy!

Die ware geloof kan nie anders as om vrugte van dankbaarheid voort te bring nie.

Abel offer sy hart

Kain en Abel nader met hulle gawes na die altaar. Kain bring van sy vrugte wat hy gekweek het. Abel van sy kleinvee wat hy geteel het. Wat maak dit saak? Elkeen kan meer bring wat hy het. Solank hyself maar daarin betrokke is — en God.

In sy offer lê Abel homself op die altaar. Hy offer sy hart. Ek behoort aan u Here. Dit is 'n gelowige offer. Dit is die enigste ware offer; die uit die geloof. Om van jou besittings aan te dra en jyself is nie daarin inbegrepe nie, beteken niks nie. God sien dit nie aan nie.

Kain hou homself buite sy offer

Dit is Kain se fout. Hy gee wel iets, sonder om homself te gee, want hy glo nie. Hy doen maar mee. In ons idioom: Hy is of laat hom doop. Hy doen belydenis. Hy kom kerk-toe. Maar hyself bly daarbuite. Vir hom is dit 'n koue plig of 'n aangekweekte gewoonte.

Abel spreek nog, nadat hy dood is

"Deur die geloof het Abel 'n beter offer aan God gebring as Kain, waardeur hy getuienis ontvang het dat hy regverdig was, omdat God oor sy gawes getuienis gegee het; en deur dieselfde geloof spreek hy nog nadat hy dood is."

En Kain? "Die duiwel lê en loer voor die deur en sy begeerte is na jou," waarsku God. Maar Kain vermoor sy broer. En vlug met 'n merkteken weg van God af — die ewige verlorenheid in.

Waarom? Omdat hy nie geglo het nie.

Abel se geloof dra egter vandag nog vrugte. Hy spreek nog nadat hy dood is. Luister na die stem van Abel en sy offer en volg hom na!

6. Deur die geloof wandel Henog met God

Henog het God behaag — Hebr. 11:5

Henog het met God gewandel

Ons lees in Genesis 5 van Henog: "en Henog.... het met God gewandel." Dit moet ons verstaan in verband met Judas 14, 15: "En Henog, die sewende van Adam af, het ook teen hulle geprofeteer en gesê: Kyk, die Here het gekom met sy heilige tienduisendtalle, om gerig te hou oor almal en al die goddelose mense onder hulle te straf oor al hulle goddelose werke wat hulle goddelooslik gedoen het, en oor al die harde woorde wat die goddelose sondaars teen Hom gespreek het."

In die dae van Henog het die nakomelinge van Kain se boosheid tot volle ontwikkeling en krag gekom. Hulle het met uitdagende godslastering die God van die hemel getart. Die mense het almal baie oud geword en dit het aan hulle die geleentheid gegee om in hulle eie lewe tot 'n byna helse sonde-genot uit te groei. "Maar die aarde was verdorwe voor die aangesig van God, en die aarde was vol geweld" — Gen. 6:11.

Henog — die profeet

Teenoor die goddelose geslag van sy tyd het Henog as 'n profeet van God opgetree. Hy word dikwels verkeerd voorgestel — as 'n liewe, sagaardige mens, wat stilweg met God gewandel het. Dat hy met God gewandel het wil nie sê dat hy 'n sagaardige vrome, week en innig, 'n alte teer blommetjie en te hemels vir hierdie aarde, was nie. Hy laat ons veel eerder aan Elia dink — op wie se gebed vuur uit die hemel neergedaal het. Hy was 'n prediker van die toekomstige toorn van God oor die geslag van sy tyd. Vir hom was die oordeel van God naby en werklik. Hy sê selfs "die Here het gekom". Hy het gestaan as 'n magtige en onbuigbare getuie van God te midde van die bose voorsondvloedse geslag. Met aangrypende dreiging het hy sy geslag tot bekering geroep en die nabyheid van die gewisse oordeel van God duidelik aangekondig.

Nie alleen binnekamervrome nie

Henog was nie maar 'n binnekamervrome nie. Hy het nie maar in afsondering en weke se gepeins die verborge omgang met God geniet nie. Nee, hy het na buite getree as heilige en besielde held. Hy het die openbare lewe opgesoek en was daar getuie vir die regte van sy God. Onder hoon en bespotting en dreiging het hy die eer vir God opgeëis.

Heilige erns

Dit was die vrug van Henog se geloof. Hy het God behaag en sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag. Sy innige gemeenskap met God was 'n geloofsgemeenskap. "Hy het met God gewandel," beteken ook dat hy in die geloof gewandel het. Sy lewe met God was vir hom heilige erns. Juis daarom kon hy ook nie swyg nie — hy moes optree in die goddelose wêreld en die eer van sy God soos basuinstote verkondig.

Hy het die dood nie gesien nie

En dan gebeur iets met hom — iets onbegryplik wonderlik. "Deur die geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie, omdat God hom weggeneem het." By Henog — en later ook by Elia — het ons 'n voorafflits van die hemelvaart van Christus.

Van Christus se priesterlike offer — sy lyding; en van sy profetiese werk deur die volle raad van God aangaande ons verlossing te verkondig en van sy koninklike regering oor alle eeue, het ons baie "skaduwees" en voorbeelde in die Ou Testament.

Priesters het geoffer — profete het gepreek en konings het regeer — veral Dawid, die man na God se hart. Daarin is Christus afgebeeld. Maar die "ou mense" kon moeilik oor die dood heensien. Hulle het hul vasgeklem aan 'n lang lewe op aarde. Eers Paulus kon, na Christus se opstanding sê: "Ek verlang om heen te gaan en met Christus te wees."

Voorafflits van Christus se hemelvaart

In Henog en Elia se "hemelvaart" het ons egter selfs 'n tweërlei heenwysing na ons Heiland se triomftog na de hemel. Dit staan daar as getuienis vir die mense van die ou tyd dat die dood nie die finale seggenskap het nie. Mense kon selfs die dood vryspring. Henog het die dood nie gesien nie — hy is weggeneem na God. Sy geloof is beloon — hy het oorgegaan in aanskouing. Omdat Hy God behaag het — deur die geloof. Hy het die "onsienlike gesien" in die geloof — net soos ons. Maar hy het die dood nie gesien nie.

Dood, waar is jou angel?

Ons sê altyd met die psalmdigter: "Wie leef daar wat die dood nie eenmaal sal aanskou nie?" En tog: Wanneer die basuin blaas en Christus met sy engele verskyn, word ons wat nog lewe verander, in 'n oogwink, in 'n oomblik, en met onsterflikheid beklee. Wie weet of ons werklik die dood sal aanskou? En selfs elkeen wat God behaag deur in die geloof te lewe, sal lewe al het hy gesterwe. Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou verskrikking?

7. Deur die geloof het Noag

> *Deur die geloof het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het, aangaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak — Hebr. 11:7*

Hy sal ons troos

Toe Noag gebore is, het sy vader Lameg gesê: "Dit is hy wat ons sal troos." Hy sal tot 'n troos wees op 'n vervloekte aarde. Ja, hy is in 'n donker tyd gebore. Toe het ons die eerste "kultuuropbloei" van die mensdom gesien. Siters en fluite is bespeel — die musiekinstrumente wat Jubal, uit die geslag van Kain, uitgevind het. Tentbewoners en veeboere het oor die aarde versprei. Geweld en oorlog het ook nie uitgebly nie, want Tubal-Kain se koper- en ysterware, is spoedig ook omgesmee tot swaarde en spiese.

Dit het jolig begin gaan. Die seuns van die dienaars van God het ontaard en vir hulle mooi vroue gekies uit die geslag van Kain. Pragkinders is gebore — 'n geslag van reuse. En die mens het op sy eie arm begin staatmaak. En geëet en gedrink en getrou — of selfs soos diere gepaar — en God vergeet.

God het belowe

Maar Noag verdwyn nie in die golf van kultuur en sonde nie. Hy bly die "kind van vertroosting", omdat hy geglo het. God het immers aan die mensdom 'n belofte gegee — die belofte van die "Saad" van die vrou wat die kop van die slang (duiwel) sou vermorsel. En die belofte moet gestand gedoen word — daarom word Noag en sy gesin uiteindelik gespaar in die oordeel van die sondvloed. Wat Noag se pa by sy geboorte bely het, word waar gemaak — uiteindelik in die geboorte van die Verlosser van die mensdom — Jesus Christus, onse Here hulle en ons enigste troos.

Prediker van geregtigheid

Hy sou egter nie "kind van vertroosting" kon wees, sonder om ook 'n prediker te wees nie — prediker van geregtigheid. Hy het 'n goddelike waarskuwing ontvang, oor die dinge wat nog nie gesien is nie — die komende oordeel van God. En hy het dit geglo — en toe bou hy 'n skip — die ark — op droë grond. Dit dien wel tot redding van sy huisgesin, maar dit is ook 'n veroordeling van die wêreld waarin hy geleef het. En God het vir Noag gesê: "Die einde van alle vlees het volgens my besluit gekom; want die aarde is deur hulle vervul met geweld. En kyk, Ek gaan hulle saam met die aarde verdelg. Maak vir jou 'n ark. En Noag het dit gedoen."

Deur die ark te bou, preek Noag

So het Noag op aangrypende wyse tot die mense van sy tyd gepreek. Hy het hulle nie alleen gewaarsku deur wat hy gesê het nie, maar veral deur wat hy gedoen het. "Deur die ark het hy die wêreld veroordeel" as prediker van God se geregtigheid. Vir baie jare het Noag en sy seuns getimmer en gebou aan die reuse-skip op droë grond. 'n Mens kan jou voorstel dat dit die "grap" van die tyd was — Noag bou 'n skip op droë grond.

Stil verrys daar 'n welsprekende getuie teen die sonde van die hele menslike geslag. Elke hamerslag was 'n dreigende stem wat roep: "God laat Hom nie bespot nie! Hy gaan reg doen!" Agter die stem van die ark was die stem van God — in Christus; Christus wat heengegaan het om, in die dae van Noag te preek, tot hulle wat eertyds ongehoorsaam was. Deur Hom het die ark gepreek en Noag en al die profete uit die ou tyd — 1 Petr. 3:19, 20.

Preek ook die oordeel wat kom

Maar die taal van die ark is ook die stille en dreigende prediking van Christus oor hierdie bose en owerspelige geslag. Die "Vader" het "Hom mag gegee om ook te oordeel, omdat **Hy** die Seun van die mens is" — Joh. 5:27. En die mense?

Hulle bly soos die geslag van die tyd van Noag. "En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees." Hulle het geëet en gedrink, getrou en in die huwelik uitgegee, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en het dit nie verstaan voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, "so sal ook die koms van die Seun van die mens wees — Matt. 24:37-39.

Maar Noag het "'n erfgenaam geword van die geregtigheid wat volgens die geloof is.

Noag en ons geloof is ons ark

Sonder die geloof sou Noag ook maar ondergegaan het in die vloedwaters van God se oordeel. Omdat hy geglo het, is die geregtigheid van God hom genadiglik gegee — toegereken sonder verdienste. Ja, sy geloof het hom gered!

Sy geloof het egter 'n ryke vrug gedra. Hy het gepreek — deur sy geloofsdade — toe hy die ark gebou het.

God is dit wat Noag gered het — uit loutere genade — uit vrye welbehae.

Maar Noag moes self die ark bou — waardeur hy gered is.

Hy word self deur God gebruik as instrument om sy eie redding te bewerk. Geloof sonder werke, is dood. Kom, luister en doen — omdat u glo!

8. Deur die geloof het Abraham (1)

> *Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek — Hebr. 11:8.*

Van hom sê God: "Abraham, my vriend" — Jes. 41:8. En Paulus noem hom "die vader van almal wat glo" — Rom. 4:11, 12.

Hier, in Hebreërs 11, word aan Abraham meer aandag gewy as aan enige ander geloofsheld. Hier word nie alleen een en of ander gebeurtenis na vore gebring om hom in sy "geloofgestalte" te tipeer nie, maar verskeie grepe uit sy lewe geneem.

Abraham is geroep

Abraham is geroep. Hoe en wanneer? Dit kan ons moeilik met sekerheid sê.

Volgens Genesis 11:31-12:1 het hy saam met sy vader Tera en sy gesin weggetrek uit Ur van die Chaldeërs en in Haran gaan woon. Daar het die HERE aan hom gesê: "Gaan uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys."

Stéfanus sê egter in sy toespraak voor die Joodse Raad: "Die God van heerlikheid het verskyn aan ons vader Abraham toe hy in Mesopotamië was, voordat hy in Haran gewoon het, en vir hom gesê: Trek uit jou land en uit jou familie, en kom na die land wat Ek jou sal wys" — Hand. 7:2, 3.

Die HERE het hom dus twee keer geroep. Oor die eerste roeping het hy klaarblyklik met sy familie gepraat en die hele gesin het saam weggetrek en in Haran gaan woon. Maar dan kom die roeping weer tot Abraham. Hy het wel sy land verlaat, maar nog nie sy familie en sy vader se huis nie. Bowendien was Haran nie sy bestemming nie. Hy was nog nie in die land wat die HERE hom sou wys nie. Daarom moes hy maar weer oppak en wegtrek.

Roeping laat Abraham trek

Abraham moes egter nie alleen sy land en sy familie verlaat nie. Josua sê later aan die volk Israel: "Oorkant die Eufraat het julle vaders van oudsher gewoon — Tera, die vader van Abraham en die vader van Nahor, en hulle het ander gode gedien" — Jos. 24:2. Abraham kom uit 'n heidense geslag en het waarskynlik, voor sy roeping, self die ander gode gedien. Sy roeping hou ook in dat hy van die afgode afskeid moes neem.

Ons roeping beteken dan ook afskeid

Alreeds in sy roeping is Abraham die prototipe of voorbeeld van alle gelowiges. Daarin is hy ook ons "vader". Wanneer die Here roep moet ons afskeid neem — van ons familie of leefwyse of woonplek of afgode — en selfs van almal tesame. "Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie. Wie sy lewe vind, sal dit verloor; en wie sy lewe verloor om My ontwil, sal dit vind" — Matt. 10:37-39. *Hoe* God Abraham geroep het — of Hy aan hom verskyn het en of Hy in sy innerlike met Hom gepraat het — weet ons nie. Ons weet alleen dat God werklik geroep het. Abraham was bewus van die werklikheid van sy roeping. Hy het geweet: dit is God wat my roep. Hy het die stem van God herken. En dit is vir ons, "as nageslag van Abraham" — Gal. 3:29 — van die allergrootste belang.

God roep ons — Hoe? — Wanneer?

Kan ons begryp dat God vir Abraham — juis Abraham — uit 'n afgodiese gesin en seker self ook 'n afgodedienaar, "geroep" het? Ook van Abraham geld die uitspraak van Paulus: "Wie

het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word?" — Rom. 11:35. "Om dan mense tot geloof te bring, stuur God uit goedertierenheid verkondigers van hierdie baie blye boodskap *na wie Hy wil* en *wanneer Hy wil.* Deur hulle diens word die mense *geroep* tot bekering en die geloof in Jesus Christus, die gekruisigde. "Want hoe kan hulle in Hom glo van Wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie?' " — Rom. 10:14, 15. So lees ons in die Dordtse Leerreëls en wie kan dit ontken?

Verhard jou hart nie

Vir ons is die roeping van die grootste belang — die roeping deur die Woord van God. Hy roep tot bekering — tot geloof. Abraham het hom bekeer — hy het die afgode verlaat. Hy het selfs weggetrek uit sy land en daartoe sy vader se huis en sy familie vaarwel toegeroep. Hy het geoffer wat God vra — so het hy geantwoord op sy *roeping.*

> Dit is Abraham in sy "geloofsgestalte" by sy roeping. Antwoord op God se roepstem! Verhard jou hart nie — luister en gehoorsaam. Dan is jy 'n gelowige. Dit openbaar ook jou "geloofsgestalte".

9. Deur die geloof het Abraham (2)

> *Deur die geloof.... het hy weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom — Hebr. 11:8*

Lê jou hand in die hand van God

Abraham antwoord op die roepstem van God. Hy gehoorsaam en trek die onbekende in. Hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom. Dit is geloofsgehoorsaamheid — dit is wat dit beteken om uit die geloof te lewe. Hy waag dit met God —dit is al!

Die volgende het êrens op 'n "nuwejaarskaart" gestaan: "Ek sê aan die man wat by die ingang van die jaar staan: 'Gee aan my 'n lig, sodat ek veilig die onbekende tegemoet kan gaan!'

En hy antwoord: 'Gaan die duisternis in en lê jou hand in die hand van God. Dit is vir jou beter as lig en veiliger as 'n bekende weg.'"

U sal my lei deur u raad

Dit is wat Abraham hier doen. Hy het nie eers 'n verkenner vooruit gestuur om te gaan vasstel waar die onbekende beloofde land is nie. Hy wou ook nie eers seker weet hoe die vooruitsigte daar is nie. Hy het eenvoudig blindelings aan God gehoorsaam — hy het aan die hand van God weggetrek — die onbekende toekoms in.

Ons dink ook aan die digter Asaf se bittere "geloofstryd" in Psalm 73. En sy uiteindelike rus:

> "Nogtans is ek altyddeur by U;
> U het my regterhand gevat.
> U sal my lei deur u raad —
> en my daarna in heerlikheid opneem."

Ek behoort aan my getroue Saligmaker

En ons kom selfs naderby. Ons kinders leer uit die Heidelbergse Kategismus. En die allereerste vraag en antwoord in die kosbare boekie is:

"Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?"

"Dat ek met liggaam en siel, in lewe en in sterwe, nie aan myself nie, maar aan my getroue Saligmaker, Jesus Christus, toebehoort...."

Dit is die hart van ons geloofsbelydenis. Ons behoort nie aan onsself nie. Gelukkig nie — ons is verlos ook van onsself. Dit het met Abraham ook gebeur. Hy is verlos van homself.

Daarom kon hy breek met al wat vir hom dierbaar was — sy woonplek, sy ouers se huis, sy afgode. Hy het homself gekruisig en vir hom tel nou net een ding: "Here, wat wil U hê dat ek

moet doen?"

En dan werp hy hom in die arms van sy hemelse Vader. Hy verlaat hom geheel op God en laat hom die onbekende toekoms inlei.

Sien die Onsienlike

So lewe Abraham uit die geloof. Hy sien die "Onsienlike" — Hebr. 11:27. En so is en bly dit met elkeen, wat glo soos Abraham geglo het. Hy leef uit die geloof — daarom leef hy elke dag aan die hand van sy Vader, al is die pad ook al hoe donker.

God roep — en ons trek weg — die onbekende in.

Ons breek met bekende begrippe en "vaste" ankers.

Ons waag dit met God!

In ons eie persoonlike lewe beteken dit dag vir dag stryd en volharding en selfs vertwyfeling.

Maar een ding weet ons:

"My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My. En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie" — Joh. 10:27, 28.

Kom maar, duiwel

Kom maar, duiwel — jy wat kom met groot woede omdat jy min tyd het!

Kom maar, wêreld met jou begeerlikhede en verleidinge! Hoe maklik kry jy 'n greep op ons?

Kom maar, magte en owerhede — selfs in die gestalte van die wrede en gewetenlose kommunisme! Julle wat mense verslaaf en Christene martel en vermoor!

Kom maar siekte in jou pyn en verdriet en dood — en grawe maar ons grafte!

Kom maar — probeer maar deur te ruk en te pluk aan ons geloof!

Ons weet onsself is swak en struikel en skrik en sidder dikwels! Maar ons weet ook — God hou ons vas in sy almagtige hand. Niemand kan ons uit sy hand ruk nie!

Ons het die ewige lewe — omdat ons glo — en ons sal tot in ewigheid nie verlore gaan nie!

Is ons geloof dan so sterk? Ja! Waarom dan?

Omdat "glo" nie in die eerste plek beteken dat ons aan God vashou nie, maar dat Hy ons vashou! Dit was Abraham se krag!

10. Deur die geloof het Abraham (3)

Deur die geloof het hy as vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos in 'n vreemde land — Hebr. 11:9

Tevrede met 'n belofte

Abraham se lang reis kom tot 'n einde. Hy is in die land Kanaän — die land wat God hom gewys het en aan hom belowe is. In die land aangekom — "ontmoet" hy die HERE met die belofte: "Aan jou nageslag sal Ek hierdie land gee" — Gen. 12:7. Met die belofte moes Abraham tevrede wees.

"En Hy het hom geen erfdeel daarin gegee nie .... selfs geen voetbreed nie — Hand. 7: 5. Niks in Kanaän kon Abraham sy eiendom noem nie.

Vreemdeling tussen vyande

Meer nog; dat hy as "vreemdeling" in Kanaän vertoef, beteken in sy tyd dat hy prakties te midde van *vyande* woon. Ons kan selfs uit die teksverband aflei dat Abraham self dit so gesien het — en vreemd opgekyk het — dat hy in die land, wat God aan hom belowe het, 'n vreemdeling tussen vyande was.

En dit het hy sy lewe lank gebly.

Kanaän was vol bewoonde stede. Die inwoners het in huise gewoon. Hy moes egter sy lewe lank as 'n swerwer "in tente" woon. 'n Mens kan sê dat dit vir hom, as 'n soort herdersvors, nie vreemd sou wees nie. Hy versit sy tente maar van plek tot plek, waar die weiding goed is. In sy innerlike sou egter altyd die besef lewe: "Ek het hier geen vaste eiendom nie — selfs geen voetbreed nie. Ek is 'n vreemdeling in my eie land — die land waarheen die Here my gelei en wat Hy self aangewys het as my woonplek."

Waarom het Abraham nie omgedraai nie?

En tog het Abraham nie omgedraai en teruggetrek na die land van sy herkoms nie. Ons lees selfs nie dat hy met God daaroor getwis het of selfs maar net gevra het daarna nie. Waarom kon Abraham so lewe en so volhard? Waarom kon hy aanhou en vashou aan die belofte van God alleen? Hy kon dit doen, omdat hy geglo het: "Deur die geloof het hy as vreemdeling gaan woon in die land van die belofte, soos in 'n vreemde land."

Wat het hy geglo? Hy het geglo dat God sou doen wat Hy belowe het. Die belofte was sy anker. God kan nie lieg nie. Hy kan sy belofte nie verbreek nie. Dit het hy geglo — en so is dit altyd met die geloof.

Sy erfenis aan sy kinders

Dink daaraan wat Abraham aan Isak en Jakob as erfenis nagelaat het! As aardse erfenis was dit bloot 'n grafspelonk wat hy aangekoop het om Sara, sy vrou, te kon begrawe — Gen. 23:17-20. Maar hulle het 'n veel ryker erfdeel van hom gekry. Dit was die belofte van God: "Aan jou nageslag sal Ek hierdie land gee" — Gen. 12:7.

So tree Abraham se "geloofsgestalte" aan die lig, toe hy as vreemdeling in die land van die belofte — as 'n vreemde land — woon. Hy sien niks en tog glo hy. Ja, hy sien niks en tog glo hy alles.

Sien niks — glo alles

Dit is die wese van die geloof. Jy sien niks en jy glo alles — omdat jy in die "Onsienlike" glo.

Ook ons is vreemdelinge en bywoners op aarde. Juis omdat ons glo, weet ons dit elke dag — ook al het ons baie aardse besittings. Dit is en bly selfs 'n wisselvallige "besit". Job het op een dag al sy aardse rykdomme verloor. Hy het God egter nie verloor nie, daarom kon hy bely: "Die HERE het gegee; die HERE het geneem — die Naam van die HERE sy geloofd." Arm is die mens wat op aardse goedere vertrou en daarop sy hoop bou.

Glo— volhard — omdat God belowe het

Die skrywer van die Hebreërbrief wil juis in besonder die eienskap van die geloof benadruk dat die gelowige volhard om aan God vas te hou — al sien hy nie. Hy het immers die beloftes van die Here wat vasstaan.

Solank ons op aarde is, leef ons uit die geloof op die beloftes van die Here. Ons glo dat Hy eenmaal kom op die wolke van die hemele. Ons glo daar wag vir ons 'n nuwe aarde onder 'n nuwe hemel. Ons glo dat ons sal lewe al het ons gesterwe. Ons glo dit alles, omdat ons weet dat God getrou is en sy beloftes waar maak. Anders sou ons die ellendigste van alle mense gewees het.

11. Deur die geloof het hulle

> *Want hy het die stad verwag wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is" — Hebr. 11:10*

Abraham verwag iets groots

Deur die geloof het Abraham as vreemdeling gaan woon in die land van die belofte. Hy is 'n vreemdeling in 'n vreemde land — en tog is dit die land van die belofte. Hy het geglo in God en sy belofte.

Daarom het hy iets groots verwag — die stad wat fondamente het. Dat sy nageslag hierdie land sou beërwe — die land van die belofte — was mooi en goed. Dit was om van te droom. Maar veel grootser en heerliker is sy verwagtinge. Om te glo het vir hom in die volle sin van die woord beteken: "Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop." Die geloof is "'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie."

Oog vir ware beloofde land

Abraham weet nie alleen met sekerheid dat sy nageslag die land Kanaän sou besit nie. Hy het ook 'n oog gehad vir die ware Kanaän, waarvan die aardse beloofde land slegs 'n afbeelding was.

Wat 'n ryke verwagting!

In die aardse Kanaän sou hy 'n vreemdeling in 'n vreemde land bly. Hy sou dit nimmer sy eiendom kon noem nie. Daar wag egter iets veel beters vir hom. Wat maak dit dan saak dat hy hier op aarde maar net 'n vreemdeling in die beloofde land was? Hy het die stad wat fondamente het, waarvan God self die boumeester en oprigter is, verwag.

In een woord: Abraham het geglo dat hy die hemel sou binnegaan.

Abraham moes wag tot na sy dood

Deur die geloof het Henog met God gewandel en die dood nie gesien nie.

Deur die geloof het Abel geoffer en getuienis ontvang dat hy regverdig was.

Deur die geloof het Noag met eerbiedige vrees die ark gebou en is saam met sy gesin gered.

Hulle al drie het die vervulling van hulle hoop op aarde belewe.

En Abraham? Nee, hy moes wag tot sy dood toe.

Maar dan woon hy nie meer in 'n tent nie.

Sterk is die kontras van sy verwagting, met sy belewing.

As 'n vreemde swerwer in 'n vreemde land verplaas hy van tyd tot tyd sy tent. Dit beleef hy.

Hy verwag egter iets wat onwankelbaar op 'n vaste fondament gebou is — 'n stad wat fondamente het.

En die stad is nie deur brose mensehande gebou nie, maar deur God self.

Hierdie verwagting van Abraham hou gewis in dat hy ook geglo het in dit waarvan ons in Genesis 12:3 lees: "in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word." Dit is die Messiasbelofte. Uit sy nageslag sal die Verlosser van al die geslagte van die aarde gebore word. Sy stad is die stad wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is.

Die stad van Christus is die Nuwe Jerusalem wat van God uit die hemel neerdaal.

Ook ons verwag dieselfde stad

By die stad het ons gekom: "Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tienduisende engele, by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes wat in die hemele opgeskrywe is .... en by Jesus, die Middelaar van die Nuwe Testament " — Hebr. 12:22, 23. "Want, voorwaar, Ek sê vir julle, baie profete en regverdiges het begeer om te sien wat julle sien en het dit nie gesien nie en om te hoor wat julle hoor en het dit nie gehoor nie" — Matt. 13:17.

Bevoorreg bo Abraham

Dit is ons voorreg bo Abraham, ons vader in die geloof. Dit waarna Abraham uitgesien het, is vir ons vervul. En tog is ook ons nog maar in 'n tentwoning.

"Want ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou het van God, 'n huis, nie met aardse hande gemaak nie, ewig, in die hemele" — 2 Kor. 5:1.

Ons woon in tente. Dit is ons brose en sterflike liggame. Die tentpenne word gaandeweg uitgetrek. Die tent se toue word slapper gemaak. Die liggaam word afgetakel — al meer en meer. Die lewe is 'n gestadige dood.

Maar ons gee die moed nie op nie — al vergaan ons uiterlike mens ook al. Die innerlike mens word dag na dag vernuwe. Want ons lewe in verwagting. Ons verwag 'n huis, nie met hande gemaak nie. Ons sien die Onsienlike. Ons let nie op sigbare dinge nie, maar op die onsigbare — want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.

So is ons ware kinders van Abraham.

12. Deur die geloof het Sara geboorte gegee

> *Deur die geloof het Sara ook krag ontvang om bevrug te word; en toe sy oor die leeftyd was, het sy gebaar, omdat sy Hom getrou geag het wat dit beloof het — Hebr. 11:11.*

God doen — ondanks Sara se "ongeloof"

Het Sara geglo dat sy 'n kind sou hê?

Abraham was oud — en Sara was oud en afgeleefd. Haar liggaam was wat dit betref *verstorwe.* Sy het menslik geen vermoë meer gehad om bevrug te raak nie. Sy het selfs in ongeloof gelag, toe sy hoor hoe die HERE vir Abraham sê:

"Ek sal oor 'n jaar sekerlik weer na jou toe kom — dan sal jou vrou Sara 'n seun hê" — Gen. 18:10.

"Sou iets vir die HERE te wonderbaar wees? Hierdie tyd, oor 'n jaar sal Ek terugkom, en Sara sal 'n seun hê" — Gen. 18:14.

Sara moes leer dat die HERE dit kon doen, ondanks haar hoë ouderdom en selfs ondanks haar ongeloof.

Sara ook geglo

En tog was Sara se geloof daarby betrokke. Uit die Griekse teks is dit duidelik dat die Hebreërbrief Sara se ongeloof in gedagte het. Eintlik staan hier: "Deur die geloof het *selfs Sara ook krag* ontvang om bevrug te word." Die wonder van die geloof was selfs die "ongelowige" Sara se deel, omdat niks vir die HERE te wonderbaar is nie. Hy is nie alleen in staat om Sara se verstorwe moederskoot vrugbaar te maak nie, maar ook aan Sara self die geloof te gee, om dit te kon vermag.

Kronkelpad by Abraham en Sara

Abraham het lankal reeds in hierdie belofte van die HERE geglo. Dit lees ons in Genesis 15:5, 6: "Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy dit kan tel. So sal jou nageslag wees. En hy het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken." Daar het ons die klassieke uitspraak wat soos 'n refrein deur die Bybel klink — veral in die briewe van Paulus. Ons word geregverdig deur die geloof en nie deur die werke nie.

En tog laat Abraham hom verlei deur die ongelowige Sara. "Jy weet, die HERE het my nie toegelaat om moeder te word nie. Gaan tog in by my slavin; miskien sal ek uit haar gebou word" — Gen. 16:2. En Hagar die slavin word verneder en die heilige huwelik besoedel, omdat hierdie egpaar nie meer op die belofte van God vertrou het nie.

Sara glo

Maar die belofte van God het gebly en Hy het sy woord waar gemaak. Alleen daarom staan hier: "Deur die geloof het Sara self ook krag ontvang om bevrug te word." Ook in haar hart het daar weer hoop gekom. Sy het weer, soos 'n jong vrou, met haar man gelewe en gehoop en uitgesien. Sy het liggaamlik meegewerk omdat sy geglo het. Deur die geloof word sy in staat gestel om te doen, wat sy eers nie begeer het nie. Nie alleen haar liggaam was verstorwe nie, maar ook die begeerte om moeder te word het al in haar gesterf. Die geloof het haar weer hoop en verwagting gegee. Daarom was haar geloofsdaad so groot, want haar geloof kom in besonder daarin uit dat sy moes volhard en vashou aan die belofte van God. Sy het Hom getrou geag en haar volkome oorgegee in sy hand. Sy het nie alleen afgewag wat miskien sou kon gebeur nie, maar sy het bewus geglo en geweet wat sou kom. Toe sy eenmaal die woord

van God aanvaar het, het sy volhard en was sy tot verdere geloofsdade in staat.

Sara *het God getrou geag*

"Sara het Hom getrou geag wat dit beloof het." So staan dit hier ter nagedagtenis aan haar — 'n geloofsheldin. "En die HERE het Sara besoek, soos Hy beloof het; en die HERE het aan Sara gedoen soos Hy gespreek het. Sara het bevrug geword en vir Abraham in sy ouderdom 'n seun gebaar — Gen. 21:1, 2.

Wankelmoedige geloof met bomenslike krag

Sara mog wel 'n wankelmoedige geloof gehad het, maar dit was uiteindelik 'n geloof met bomenslike krag. Ons kan selfs van Sara afskeid neem met die woorde van die engel Gabriël aan Maria: "Wees gegroet begenadigde." Sy was 'n begenadigde vrou — in haar ouderdom.

'n Wankelmoedige geloof, is nie juis 'n swak geloof nie. Agter die geloof in God, staan immers altyd sy onwankelbare beloftes — beloftes wat Hy nie kan breek nie. Dit het Sara ondervind en dit is ook die ervaring van menige bekommerde kleingelowige. Soos Sara lag ons ook dikwels in ongeloof, maar sy het weer gelag toe sy as gelukkige moeder haar seuntjie aan haar hart kon druk — die gelukkige lag wat moederweelde altyd bring. En dit het God gedoen en daarby het Hy haar geloof ingeskakel. Sy was mede-werksaam, omdat sy geglo het - ondanks haarself.

Ja, ondanks onsself behou ons die geloof. Ondanks onsself werk ons geloof wondere. Omdat ons 'n wonderlike Vader het.

13. Deur die geloof het Abraham en Sara

> *Daarom is daar ook gebore uit een vader, en dit 'n verstorwene, kinders soos sterre van die hemel in menigte en soos die sand aan die strand van die see, wat ontelbaar is — Hebr. 11:12*

Die geloof is vrugbaar. Dit dra oorvloedige vrugte. Dit wil die skrywer hier aan ons tuisbring.

Alleen Abraham se geloof?

So pas is van Sara se geloof by Isak se geboorte gepraat. Waarom word nou alleen Abraham genoem? Dit is tipies Bybels. Abraham is die hoof van sy gesin. Petrus verklaar selfs: "soos Sara gehoorsaam was aan Abraham en hom heer genoem het" — 1 Petr. 3:6. Dit het selfs geen verskil aan die vrou se verbondstatus gemaak dat sy nie ook die verbondsteken ontvang het nie. Mans alleen is besny — as hoof van die vrou — en die vrou was by die man inbegrepe. Daarom het sy ook, net soos die man, aan die verbond behoort.

Sy geloof het hom gered

Abraham het in God geglo. Dit het vir hom persoonlik krag en rus en uitsig beteken. Dit is hom selfs tot geregtigheid toegereken. Dit beteken dat sy sondes vergewe is en dat hy vrede met God het. En hierdie geregtigheid word spesifiek gekoppel aan sy geloof in die belofte: "Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy dit kan tel. So sal jou nageslag wees" — Gen. 15:5, 6.

In Nuwe Testamentiese taal kan ons sê: Abraham se geloof in die belofte dat hy 'n groot nageslag sou hê, het hom gered. Hy het vanselfsprekend ook geweet dat die Redder of Verlosser van al die geslagte van die aarde uit sy nageslag sou voortkom — Gen. 12:3. En dit geglo.

Geloof dra vrugte

Die geloof in die belofte was 'n vrugbare geloof. Dit is deur die geskiedenis bewys. Sy nageslag het 'n groot nasie geword. Glo ons in God, dan dra dit vrugte. Dit dra ook vrugte in ons huisgesin. Ons glo dat kinders 'n gawe van die Here is en ons glo dat hulle toekoms in die hand van die Here is. Ons lewe nie in angs en vrese dat ons te veel kinders sal hê nie, maar ons ontvang wat die Here ons gee, met groot dankbaarheid. Dit is die vrug van ons geloof op sy beloftes. Geen kind word per ongeluk of toevallig of oortollig gebore nie. So word die getal van God se uitverkorenes volgemaak en die koninkryk van die hemele bevolk.

Die skrywer dink egter ook aan die vrug van die geloof in die algemeen. Die voorbeeld van Abraham se nageslag is 'n voorbeeld van wat deur die geloof van een mens vermag kan word. "Die koninkryk van die hemele is soos 'n mosterdsaad wat 'n man neem en in sy land saai; wat wel die kleinste is van al die soorte saad, maar as dit gegroei het, groter is as die groentesoorte en 'n boom word, sodat die voëls van die hemel kom en nes maak in sy takke" — Matt. 13:31, 32.

Groei in veelvoude

Ja, as ons maar 'n geloof het soos 'n mosterdsaad, dan kan ons berge versit. Dit sê Abraham se geloof eintlik vir ons. Die een mens word baie — ontelbaar. So werk God in sy koninkryk — nie alleen met Abraham en sy nageslag nie, maar ook met ons en ons dissipels of bekeerlinge. Waar God se Woord kom en in sy beloftes geglo word, kan ons reken op vermenigvuldigingsomme — dit groei in veelvoude. Elke dissipel word immers 'n saaier. Hy laat sy lig skyn in die wêreld en die mense, wat in duisternis sit, sien die lig. Glo in die

beloftes van God!

Glo, nie deur krag of geweld nie, maar deur my Gees, sê die HERE ! — Sag. 4.

Laat maar u lamp skyn oor almal wat in u huis is — en wondere gebeur.

Een woord — een Bybel wat u weggee — een gebed vir 'n gevallene of afgedwaalde — en God se vermenigvuldiging kom in werking. Sy Gees werk met u geloof en gee groei en vermeerdering.

Glo — en jy het 'n "nageslag"

En begin maar soos Abraham. God ontsluit die moederskote. Hy gee kinders. Hy vermenigvuldig. En maak die kinders vir Hom groot en vul die koninkryk van God. En tel die sterre aan die hemel as jy dit kan tel. So sal jou nageslag wees — nie alleen vleeslik nie, maar ook geestelik.

Johannes Calvyn het geen eie kinders gehad nie en dit was vir hom 'n groot smart. Hy het hom egter daarmee getroos, dat hy baie geestelike kinders gehad het — mense aan wie hy die weg na Christus gewys het. Niemand hoef ooit eensaam en troosteloos te sterwe nie. Niemand hoef ooit te sê: "Ek is kinderloos" nie. Solank hy maar glo, soos Abraham geglo het. Onthou, ons is ook Abraham se nageslag — al is ons nie Israeliete nie — Gal. 3:29.

14. Deur die geloof . . . soek hulle 'n vaderland

Want die wat sulke dinge sê, verklaar dat hulle 'n vaderland soek — Hebr. 11:14

Brief aan vreemdelinge

Die skrywer van hierdie brief rig hom tot Jode wat in een of ander vreemde plek woon — waarskynlik in Rome. Hy sê in 13:24 onder andere: "Die wat van Italië is, groet julle." Uit ander bronne weet ons dat die Jode in die verstrooiing dikwels verdruk en vervolg is. So is die Jode in die tyd van Paulus selfs uit Rome verban. Ons lees in Handelinge 18:2: "En hy (Paulus) het 'n Jood gevind met die naam van Aquila, afkomstig uit Pontus, wat onlangs met sy vrou Priscilla uit Italië gekom het, omdat Claudius (die keiser) beveel het dat al die Jode uit Rome moes vertrek."

Hierdie Jode aan wie die brief gerig is, was egter Christene. Hulle was nog meer blootgestel aan verdrukking en vervolging. Die ander Jode was selfs dikwels die aanstigters van die vervolging teen hulle.

Sien en glo en begroet uit die verte

Met hulle omstandighede voor oë, sê die skrywer nou: "In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was. Want die wat sulke dinge sê, verklaar dat hulle 'n vaderland soek" — 11:14, 15.

Dit is asof die skrywer 'n oomblik ophou. Oor die eeue heen, vanaf Abraham, gaan sy gedagtes oor die verloop van die geskiedenis. Hy sien Abraham se nageslag — die verbondsvolk — maar ook die huidige nakomelinge van Abraham, wat in Christus glo. Ook hulle is vreemdelinge en bywoners op aarde. Ook hulle het nie 'n vaderland nie. Hulle woon in 'n vreemde land tussen vyande — vyande van die gelowiges.

Voëlvry verklaar

Vyande loer om elke draai. Christene in Rome is selfs, in die dae van keiser Nero, voëlvry verklaar. En die mense was seker in Rome. Elke dag leef hulle onder die skaduwee van die bedreiginge van hulle vyande.

Onthou egter!

So het julle voorvaders ook geleef.

Ook hulle was vreemdelinge en bywoners.

Hulle het egter geglo — soos julle.

In die geloof lewe en sterwe

En wonderlik! Nou praat hy nie van "deur die geloof" — soos deurgaans in die hoofstuk nie. Nee! "In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry." Dit gaan tans nie om 'n geloofsdaad nie. 'n Mens se eie dood is tog nie 'n daad van jouself nie. Dit is iets wat op jou weg kom, sonder jou eie toedoen. Nee, dit gaan om hulle lewenshouding. Die geloof was hulle lewensbeginsel — die toestand waaronder hulle geleef het —dag vir dag. Juis daarom kon hulle ook in die geloof sterwe.

"En ek het 'n stem uit die hemel aan my hoor sê: Skryf — salig is van nou af die wat in die Here sterwe" (Openb. 14:13). Die wat in die Here sterwe — of in die geloof sterwe — is ook hulle wat in die Here of in die geloof lewe. Die geloof is immers hulle lewensbeginsel — dag

vir dag — daarom sterf hulle ook in die geloof.

Hy het tuisgekom

En omdat hulle in die geloof gelewe het — kon hulle sterwe. Hulle geloof het dit uit die verte gesien en geglo en begroet. In die geloof leef hulle die toekoms tegemoet — en wat 'n toekoms! Hier word dit 'n nuwe "vaderland" genoem.

Hulle aardse vaderland? Daarin was hulle vreemdelinge en bywoners.

In die nuwe vaderland kom hulle tuis.

Al het Abraham as vreemdeling in Kanaän gesterf, het hy die koninkryk van die hemele beërwe. Hy het tuis gekom.

So is elke gelowige op aarde. Hy soek nie 'n aardse tuiste in rykdom en eer en aansien nie. Indien dit wel op sy weg kom, is dit maar 'n toegif. Nee, hy soek 'n ander vaderland, wat veel beter en kosbaarder is. Hy "soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid" en dan weet hy dat al die ander dinge, waaroor mense hulle kwel en waarna hulle jaag, vir hom bygevoeg sal word — Matt. 6:33.

Elkeen wat glo, leef na die nuwe vaderland. Hy soek daarna en dit blyk uit sy hele lewe. Hy soek die Here. Hy soek die hemel. Dit straal uit sy ganse lewenshouding. Hy het die kosbare skat in Christus — omdat hy glo — en dan is alle ander dinge nietig. Hier op aarde is hy 'n vreemdeling en bywoner.

15. Deur die geloof bly hulle

> *"En as hulle bly dink het aan die vaderland waaruit hulle weggetrek het, sou hulle geleentheid gehad het om terug te keer — Hebr. 11:15*

Vir Isak 'n vrou uit Haran —

Die skrywer praat hier nie alleen van Abraham nie, maar ook van sy nakomelinge — klaarblyklik Isak en Jakob. Indien hulle nie op die belofte van God vertrou het nie, dan sou hulle na Haran — of selfs na Ur — kon terugkeer. Hulle bly egter in Kanaän. Abraham se beslistheid om te bly, blyk duidelik uit sy opdrag aan sy dienaar in Genesis 24:2-8. Hy stuur die man om vir sy seun Isak 'n vrou te gaan soek in Haran, in sy land en by sy familie. En as hy nie 'n vrou kry wat wou saamkom nie, moes hy sy seun Isak nie terugneem na Haran nie. Die HERE het immers gesê: "Aan jou nageslag sal Ek hierdie land gee." Isak moes beslis in Kanaän bly.

Breek met aardse — leef met hemel voor oë

Die skrywer van hierdie brief wou egter ook tuisbring dat hulle in Kanaän gebly het, omdat hulle geglo en uitgesien het na die "ander vaderland". Hulle het afgesien van die aarde en uitgesien na die hemel. Hulle verlang na 'n beter vaderland — "dit is 'n hemelse" — Hebr. 11: 16. Deur die geloof in die beloftes van God is hulle losgemaak van die aardse dinge en het uitgesien na die hemel. Hulle het afgesien van die aardse omdat hulle die sekerheid gehad het van dit waarop hulle gehoop en tog nie gesien het nie.

Slaan die hand aan die ploeg — kyk vorentoe!

Hulle het nie agtertoe gekyk nie. Hulle het nie omgedraai nie. Hulle het deur die geloof geweet waarheen hulle lewe. Dat hulle nie omgedraai het nie, is vir die skrywer 'n beeld daarvan dat hulle afgesien het van die aarde en uitgesien het na die hemel. Hulle kon nie anders as om aan die hand van God en daarom volgens sy wil te lewe nie — en op sy beloftes te hoop nie.

Die Here Jesus sou gesê het: Hulle het nie die hand aan die ploeg geslaan en omgekyk nie. Hulle koms na Kanaän was nie alleen 'n trek van een land na 'n ander nie, maar hulle het ook gebreek met die afgode en die Here aangehang — in Hom het hulle geglo en op Hom vertrou. Hulle kon nie terugtrek omdat hulle in beginsel nie meer in die land van hulle herkoms tuishoort nie. Hulle hoort in die beloofde land — uitsiende na die nuwe, ewige vaderland wat wag.

Dit is bitter moeilik wanneer 'n mens hink op twee gedagtes. Die mens wat, nadat hy weggetrek het of van beroep verander het, altyd terugverlang na wat hy verlaat het, is steeds ontevrede en onvergenoegd. En indien hy nie tuis raak in sy nuwe omgewing nie, trek hy uiteindelik weer terug. En is dan dikwels nog meer ongelukkig.

Afvallig word

Dit is 'n ontsettende gedagte indien dit op 'n "Christen" toegepas sou word. So 'n mens verlang, soos Israel in die woestyn, terug na die vleispotte van Egipte, maar terselfdertyd ook na die slawerny waaruit hy verlos is. Hard is die oordeel van die Skrif oor sulke "Christene". Luister: "Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het, en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld, en afvallig geword het — om die weer tot bekering te hernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer gekruisig en openlik tot skande maak" — Hebr. 6:4-6.

Alleen oordeel wag

Sulke mense was in die beloofde land — na die liggaam — maar hulle het nie met hulle hart daar gebly — of moontlik nooit werklik daar gekom nie. Hulle het omgekyk en terugverlang — en uiteindelik teruggegaan — en nooit weer sou hulle die vreugde en vryheid in Christus smaak nie. "Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie, maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer" — Hebr. 10:26, 27.

Aan hom wat oorwin

Hierdie vreeslike uitsprake is 'n waarskuwing aan "kerkmense". Ons kan dit nie begryp hoe iemand "wat die Heilige Gees deelagtig geword het", weer tot afval kan kom nie. Ons verstaan dit nie, maar laat ons tog met vrees en bewing ons eie saligheid uitwerk. God roep ons na 'n nuwe vaderland. Hy wil red en behou en nie veroordeel nie. Daarom is die skrywer so ernstig met sy oproep: Volhard in die geloof tot die einde toe! !

"Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het" — Openb. 3:21.

16. God skaam Hom nie vir hulle nie

Daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle 'n stad berei — Hebr. 11:16

Hulle slaan die hand aan die ploeg

Die mense, Abraham en sy nageslag, het hulle hand aan die ploeg geslaan en kyk nie terug nie. Hulle hou vas aan God en vertrou op sy beloftes en sien uit na die stad wat Hy vir hulle berei.

Volgens die tyd van die Griekse werkwoord sê die skrywer duidelik dat die Hebreërs aan wie hy skryf hierby ingesluit is. Ook hulle glo soos Abraham geglo het. Dit geld selfs vir almal wat glo. Ja, ook van ons. Dit sê Paulus in Galasiërs 3:29: "En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename." Erfgename van wie? Van Christus ja — maar ook van Abraham.

God skaam Hom nie

En vir sulke mense skaam God Hom nie. Hy skaam Hom nie om hulle God genoem te word nie. Abraham en Isak en Jakob was nie sondelose mense nie. Die Skrif verswyg nie hulle sondes nie. Abraham het tot twee keer voorgegee dat sy vrou sy suster was, omdat hy bang was dat hulle hom terwille van haar sou doodmaak. Jakob het sy broer Esau en sy eie vader bedrieg.

En tog: God skaam Hom nie om hulle God genoem te word nie. Hy het Homself in die Bybel herhaaldelik die "God van Abraham, Isak en Jakob" genoem. Dit loop soos 'n refrein deur die Bybel heen. Hy meld Hom aan of stel homself bekend as die God van Abraham, Isak en Jakob. Hulle was vreemdelinge en bywoners in Kanaän, maar hulle rykdom was dat hulle aan Hom behoort het — en dit geglo het. En bowendien uitgesien het na die hemel — die nuwe vaderland of stad wat Hy aan hulle voorhou.

Geen God van dooies nie

Hulle het ook die stad ontvang — hulle het die hemel binnegegaan — hoewel hulle op aarde die belofte nie ontvang het nie. Op aarde het hulle dit egter geglo. Ook dit is vir ons die bewys dat Hy Hom nie geskaam het om hulle God genoem te word nie — anders sou hulle in hul sondes gesterf het. Daarom sê die Here Jesus aan die Sadduseërs, wat nie in die opstanding van die dooies geglo het nie: "En wat die opstanding van die dode betref — het julle nie die woord gelees wat tot julle deur God gespreek is nie: Ek is die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob? God is nie die God van dooies nie, maar van lewendes — Matt. 22:31, 32.

Kinders van God genoem

En ons? Skaam Hy Hom om ons God genoem te word? "Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word!" — 1 Joh. 3:1. Hy het ons so lief gehad dat Hy sy eniggebore Seun aan ons gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe kan hê. "As God vir ons is, wie kan teen ons wees?" Ja, wie kan iets teen ons vermag, omdat Hy Hom nie vir ons skaam nie? "Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie" — Rom. 8:32.

Hy lê sy Naam op ons

Hy skaam Hom nie om ons God genoem te word nie. Hy skeur daartoe sy eniggebore Seun

uit sy hart en gee Hom oor aan die dood aan die kruis, omdat Hy ons sy kinders noem. Hy verbind sy Naam aan ons en stuur ons met sy Naam die wêreld in. Dink daaraan dat jy gedoop is in die Naam van God — die Vader, die Seun en die Heilige Gees — en jy dra die Naam jou lewe in. God skaam Hom nie om jou toe te laat om sy Naam met jou saam te dra in die wêreld nie. Elke ware kind is trots op die naam van sy pa. Hy beskerm sy pa se naam met eer en eerbied in die wêreld. Hy dra immers sy pa se naam en daarmee sy eer.

Skaam ons om sy kinders genoem te word

Wat maak ons met die Naam van ons hemelse Vader? Is dit ons grootste eer om na Hom vernoem te wees? Ons hou huisgodsdiens — elke dag. Maar dan kom kuiermense en ons wil hulle nie aanstoot gee nie. Dan laat ons maar die godsdiens na. Ons skaam ons vir die Naam van ons Vader in die hemele.

Ons gaan getrou kerk-toe. Vriende kom egter kuier — dit kan selfs familie wees. Hulle het miskien nie kerkklere gebring nie — en ons bly ook maar tuis. Ons skaam ons vir die Naam van ons Vader.

By die werk swyg ons wanneer die Naam van ons Vader ontheilig word — of sommer oral in ons omgang met andere. Ons skaam ons voor die mense om in te tree vir die Naam van ons Vader. Ons beskerm ook nie sy heilige Naam in die openbaar teen lastering deur kunstenaars en voorgangers nie. Ons praat selfs saam die afgod KUNS goed, wat God se Naam vertrap. Is ons nog waarlik sy kinders? Is ons nog naamdraers van ons hemelse Vader?

17. Deur die geloof offer Abraham vir Isak

> *Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes ontvang het, het sy eniggeborene geoffer — Hebr. 11:17*

Moria 'n heiligdom

Die geloof is 'n Godswonder — niks minder nie!

Abraham bind sy eniggeborene op die altaar en die berg Moria word 'n heiligdom — die voorportaal van die hemel. Hy trek sy mes om sy kind — sy eniggeborene te slag. En God sien met welgevalle die offer aan.

Sou die Here Jesus self daaraan gedink het, toe hy verklaar het: "Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het . . ." — Joh.3:16? En Paulus: "Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het" — Rom. 8:32? Moes Abraham, die Vader van die gelowiges, selfs dien as 'n tipe of voorbeeld van die onbegryplike liefde van ons hemelse Vader, toe Hy sy Eniggeborene uit sy hart moes skeur en Hom, tot ons redding, op Golgota geslag het?

Abraham se beproewing

Abraham se geloof is swaar op die proef gestel.

Hy het in God geglo — dat sy nageslag soos die sterre van die hemel sou wees.

Hy het die belofte geglo dat Sara 'n seun in haar ouderdom sou hê. Hy het selfs die "Onsienlike" gesien in die geloof, toe hy sy tente van plek tot plek moes versit in die land van die belofte, sonder om 'n voetbreedte grond daarin te besit.

En wat sou die vervulling van die belofte van die kind uit Sara nie vir hom beteken het, toe die klein Isak gebore is nie!

Isak was nie alleen sy — en ook Sara — se kind van die ouderdom nie. En ons weet wat so 'n kind vir sy ouers kan beteken. Hoe verknogd so 'n bejaarde egpaar aan 'n laatlammetjie kan wees — ag, dit is 'n gawe van God wat ou harte jonk maak en die lewe is dan mooi. Hoe geniet ou mense nie so 'n laatkommertjie in die huis nie?

En Isak was boonop Abraham en Sara se enigste kind. Hy was ook 'n "wonderkind" — hy is gebore op die belofte van God, toe Sara se moederskoot reeds "verstorwe" was. Menslik het alle hoop by hulle ook reeds moes sterf. Maar Abraham het geglo en gewag.

Wat van die beloftes van die Here

En die kind is gebore, soos God belowe het. En Abraham het hom verbly in God se trou, maar ook in sy kind. Hy het die kind liefgehad. Die kind was vir hom die sigbare pand van God se trou — dat Hy ook al die ander beloftes sou uitvoer. Sy geloof het as 't ware oorgegaan in aanskouing — hy sien Isak en sy ou verrimpelde hand gryp die klein handjie van die kleuter vas. En miskien — wie weet? — het Abraham van die seuntjie meer gemaak as wat 'n gelowige pas. Miskien het sy geloof en vertroue selfs meer op Isak gesien as op die "Onsienlike". Daarom moes die geloof op die proef gestel word. "Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moria en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys" — Gen.22:2.

Neem jou seun — en offer hom

"Neem jou seun . . ." Watter seun? Ismael of Isak?

". . .jou enigste." Voor God het Abraham net een seun — Isak, die kind van die belofte. ". . . deur Isak sal daar vir jou 'n nageslag genoem word" (Gen. 21:12).

". . .wat jy liefhet." Daar staan dit! Abraham weet wie God bedoel en hy weet ook wat dit hom gaan kos. Hy moes die geliefde seun uit sy hart skeur. Hy moes 'n offer bring wat groter as hyself is. Hy sou veel liewer in sy kind se plek sterwe. Hy moes sy liefde vir die kind — die kind van die belofte — kruisig.

Eindelik val die naam: "Isak."

Geen goedkoop, maar gelouterde geloof

God het geen behae in 'n goedkoop geloof nie, maar in 'n gelouterde geloof. Begryp u dit? Moontlik het u daarvan gehoor. Moontlik het u iets daarvan ondervind.

Indien ons dan maar aan die voet van die kruis staan — met ons kruis. Indien ons dan maar opkyk na God se groot en onbegryplike offer — sy Eniggeborene — wat Hy vir ons sondeskuld geslag het. Dan versterf die "waarom?" in ons harte, voordat dit oor ons lippe kom. Ons staan dan wel as verminktes — met leë hande en skreiende harte — maar ons besit die geloof in die "Onsienlike". En ons ontvang krag na die innerlike mens — al vergaan die uiterlike mens ook al.

Wat moet nie alles nog in ons wegbrand, voordat ons naas Abraham mag staan nie?

18. Deur die geloof reken hy dat God mag het om uit die dood op te wek

.... want hy het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek — Hebr. 11:18

Jou saad

Ons moet tog nie oor die woorde in ons vers heenlees nie: "aan wie Hy gesê het: In Isak sal jou nageslag genoem word." Abraham het in sy beproewing nie alleen te doene gehad met sy geliefde seun Isak en die nageslag wat soos die sterre aan die hemel sou wees nie. Hier word in die oorspronklike taal nie van "nageslag" nie, maar van "saad" gepraat — sommer so sonder lidwoord. Die skrywer se gedagtegang is dieselfde as die van Paulus in Galasiërs 3:16: "Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: Een aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus."

Toe Abraham sy seun Isak neem om hom op Moria te gaan offer, was ook die belofte van die komende Messias in gedrang. Dit is die saad van Abraham wat in Isak genoem — of van gepraat sal word. Gaan Isak sterwe onder die mes van sy vader, dan sny God sy eie belofte deur. En Abraham en Isak — en alle mense — sterwe in hulle sondes. Sonder hoop of verwagting of uitsig! Die Verlosser, in Wie al die geslagte van die aarde geseën sou word, sou nooit verskyn nie.

Groot is jou geloof

Hoe geweldig is die eis van God!

Hoe magtig is die geloof — wat God aan 'n mensekind gee — om tog te gehoorsaam aan die eis!

Ja, Abraham het in meer geglo as die belofte dat sy nageslag Kanaän as erfdeel sou ontvang. Hy het veel meer geglo as dat Isak die stamvader van sy nageslag sou word. Hy het ook geglo in die belofte van God se genade — in Christus — aan die hele mensdom.

Maar selfs meer as dit. Hy het geglo dat God sy beloftes gestand sou doen, al gaan hy Isak eiehandig as offer vir Hom slag. Hy het geglo dat God mag het om selfs uit die dood op te wek. Dit wil nie sê dat hy geglo het dat Hy dit sou doen nie, maar hy het geweet dat Hy dit *kon* doen. Dit sou nie vir Hom onmoontlik wees nie.

Abraham se geloof het elke toets deurstaan. Hy het alle konsekwensies aanvaar. "Soos geskrywe is: Ek het jou 'n vader van baie nasies gemaak — voor die aangesig van God in Wie hy geglo het, wat die dode lewend maak en die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan" — Rom. 4:17. Sy geloof is des te groter omdat voor sy tyd nog nie een enkele dooie opgewek is nie.

Hy ontvang Isak terug uit die dood

En inderdaad ontvang hy Isak uit die dood terug. In die geloofsoorgawe het hy klaar sy offer gebring. Hy het klaar afstand gedoen van Isak. Vir hom was Isak klaar dood. Hy het die altaar gebou, die hout daarop gelê, sy seun Isak daarop vasgebind. "Toe steek Abraham sy hand uit en neem die mes om sy seun te slag" — Gen. 22:10. Dit is geloofsoorgawe. Hy was blindelings gehoorsaam aan God tot die einde toe. Maar dan ontvang hy Isak terug uit die dood. "Maar die engel van die HERE het na hom van die hemel af geroep en gesê: "Moenie jou hand na die seun uitsteek en doen hom niks nie; want nou weet Ek dat jy God vrees en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie" — Gen. 22: 11, 12. So het Abraham Isak nie alleen ontvang uit die vergane of dooie moederskoot van Sara nie, maar selfs opnuut

as 'n dooie wat lewend geword het. Groot is die beloning van sy geloof.

Die wonder van die geloof

Om in God te glo, beteken dat jy op Hom volkome vertrou.

Om in God te glo, beteken ook dat jy sien wanneer alles donker is en jou hele aardse uitsig afgesny is.

Om in God te glo is volkome oorgawe in sy hand — oorgawe met alles wat jy is en het.

Hy kan my vat met alles wat ek het. Dit is veiliger as 'n lig op my pad en sekerder as die gebaande weë wat ek ken.

Kom ons sing saam met Paulus:

> "Maar nee ons sal oorwinnaars bly
> deur Hom vir Wie ons leef en ly.
> Ja 'k weet gewis, geen lewe of dood,
> geen eng'lemag, bomenslik groot,
> geen skepsel in die skepping wyd,
> geen ding in tyd of ewigheid —
> niks kan ons van Gods liefde skei
> wat ewig-vas in Christus bly." — Beryming: Totius — Rom 8.

19. Deur geloof seën Isak vir Jakob en Esau

Deur die geloof het Isak vir Jakob en Esau geseën met die oog op die toekoms — Hebr. 11:20

"Ongelukkige" tekskeuse

Ons ken die geskiedenis van Isak en sy vrou Rebekka met hulle twee seuns: Esau en Jakob. Teen sy beterwete in wou hy Esau seën, terwyl dit Jakob toekom. Dit het God alreeds voor hulle geboorte bekend gemaak. Isak moes dit geweet het en tog sê hy vir Esau om 'n bokkie te gaan jag, dit vir hom klaar te maak, sodat hy hom kon seën.

Ons kan byna sê: "Gelukkig" vir Isak het Rebekka die gesprek met Esau gehoor. En "gelukkig" vir hom het Rebekka en Jakob hom bedrieg. "Gelukkig" was hy ook blind, sodat hy nie kon sien nie, anders sou die Hebreërbrief nie kon skryf oor sy geloofsdaad toe hy sy seuns geseën het nie. Die "geluk" was maar aan sy kant, sodat hy nie kon doen wat hy graag wou nie.

Ander geloofshoogtepunte

Dit lyk waarlik nie asof ons hier te doene het met 'n hoogtepunt van Isak se geloofslewe nie. Sien 'n mens nie meer van sy geloofsgestalte in Genesis 26 nie? Daar het die HERE aan hom verskyn en versoek dat hy nie na Egipte moes trek nie, maar in Kanaän bly, "want Ek sal die eed bevestig wat Ek vir jou vader Abraham gesweer het" — Gen. 26:3. En Isak bly in die land ondanks probleme met die vyandige inwoners. Hy moes selfs van plek tot plek trek en sy putte, wat hy laat maak het, elke keer aan sy vyande afstaan. Hy het geweet wat dit beteken om as "vreemdeling en bywoner" in die beloofde land te bly.

Arme Isak

Waarin sien ons dan Isak se geloof toe hy sy seuns geseën het? Jakob bedrieg Isak met die hulp van sy moeder. Hy ontvang die seën wat die eersgeborene toekom, omdat God hom uitverkies het —Gen. 27:28, 29; Rom. 9:11-13. En dan kom Esau aan met sy gaargemaakte bokkie en versoek sy pa om hom te seën. En wat is Isak se reaksie? "Ek het hom (Jakob) geseën — ook sal hy geseënd bly" — Gen. 27:33. Arme Isak — en Esau! "Kyk, ek het hom as heerser oor jou gestel..." is die droewige boodskap van Isak.

Maar kon Isak dan nie sy seën oor Jakob herroep nie? Hy sê self: "Jou broer het gekom met bedrog en jou seën weggeneem" — Gen. 27:35. Hoe kan die seën van die HERE op bedrog rus? Isak kon dit mos ongedaan maak.

Hy het geglo

Nee, hy kon nie. En hy het dit geweet, omdat hy geglo het. Die HERE het immers iets in verband met die kinders geopenbaar voor hulle geboorte. "En die HERE het haar (Rebekka) geantwoord: "Twee nasies is in jou skoot, en twee volke sal van mekaar gaan uit jou liggaam; en die een volk sal sterker wees as die ander een; en die oudste sal die jongste dien" — Gen. 25:23. Daarom slaan die skrywer van die Hebreërbrief vir Isak nie oor nie — en hy kies juis hierdie "bedenklike" geskiedenis om Isak se "geloofsgestalte" na vore te bring.

Dit was nie maar die houding: "Gedane sake het geen keer nie. Dit is jammer, maar dit is so." Nee, hy het dit gelowig aanvaar dat dit juis só en nie anders moes wees nie. Dit hou die stilswyende erkenning in dat hyself probeer het om die beloftes van die Here te omseil, maar tot sy eie behoud nie daarin geslaag het nie. God het dit verhoed deur Rebekka en Jakob toe te laat om Isak te bedrieg. Daarmee praat ons die bedrogspul nie goed nie. Die ma en seun

moes geweet het dat God dit op sy tyd en wyse wel sou beskik soos Hy beloof het.

Kan God nie van koers dwing nie

Hierdie geskiedenis staan nie verniet in die Bybel nie. En die skrywer van Hebreërs haal dit ook nie sommer lukraak aan nie. Dit hou vir ons 'n waarskuwing in — God laat Hom nie deur menslike intriges uit sy koers dwing nie. Die "geloofshelde" van die ou tyd was ook geen volmaakte mense nie. Juis daarom is hulle vir ons voorbeelde — 'n gelowige mens kan dikwels die koers behoorlik byster raak, maar sy Here laat hom nie los nie.

En is ons nie ook maar dikwels net so laatdunkend soos Isak nie? Willens en wetens loop ons verkeerd en volhard selfs daarin, totdat die Here ons tot halt roep: "Tot hierso en nie verder nie!"

Gelukkig is ons dan indien ons, soos Isak, glo. Die Here het dit so beskik — tot my behoud. Gelukkig het Hy my — soms deur skande en skade heen — voorgekeer en tot belydenis gebring. Dan bly ons, ondanks onsself geseënd.

20. Deur die geloof seën Jakob Josef se seuns

Deur die geloof het Jakob op sy sterfbed altwee die seuns van Josef geseën — Hebr. 11:21

Jakob die worstelaar

Nog meer as by Isak is die skrywer se keuse van Jakob se geloofsdade vir ons vreemd. Jakob het 'n veelbewoë lewe gehad, terwyl Isak stil en vredeliewend in sy hoekie geleef het. Is daar nie meer van Jakob te sê as bloot dit nie? Vanselfsprekend was Isak en Jakob inbegrepe by wat die skrywer alreeds in vers 13—16 sê. Hulle het ook, soos Abraham, as vreemdelinge gewoon en 'n ander vaderland verwag.

Ons kan egter begryp dat die skrywer eintlik eers by Jakob kom aan die einde van sy lewe. Hy was 'n worstelaar en in hom was daar soms bittere stryd tussen die "ou Jakob" en die "nuwe Israel". Dit het soms vir lang tydperke gelyk asof die ou Jakob — wat "bedrieër" of "listige" beteken — die oorhand het oor Israel — "stryder" of "vors van God". Paulus sou praat van die "ou mens" en die "nuwe mens" of die stryd tussen die "gees" en die "vlees" — waarmee die sonde in ons bedoel word. Aan Jakob moes God baie skaaf. Dit is eindelik asof hy in sy laaste lewensjare tot rus gekom het — ook gelouter deur verdriet en sorge om sy kinders.

Verlaat beloofde land

Eindelik verlaat hy die beloofde land en trek met sy hele gesin na Egipte, waar Josef onderkoning was. Oor die hele gebied was daar 'n groot hongersnood, maar deur Josef se wysheid was die opgegaarde koring in Egipte volop. Hier geniet hy dan eindelik die aandag van die skrywer van ons brief.

Lê beslag op kleinkinders

Josef verneem dat Jakob, sy vader, siek is. Hy neem sy twee seuns — Manasse en Efraim — saam en gaan sy vader besoek. Dan volg die wonderlike uitspraak van die afgeleefde ou patriarg: "Jou twee seuns wat vir jou in Egipteland gebore is voordat ek in Egipte na jou gekom het, is myne. Efraim en Manasse sal myne wees net soos Ruben en Simeon" Gen. 48:5.

Daarmee lê hy in die eerste plek beslag op die twee Egiptiese "prinse". Hulle behoort aan die verbondsvolk. Sy ou hande gryp hulle vas en bind hulle aan die geslag van die volk van God. Hulle behoort nie aan Egipte nie, maar aan Israel. So ontvang Josef 'n dubbele erfdeel. Hy ontvang die eersgeboortereg in die huis van Jakob. Dit was die gebruik in die tyd dat die eersgeborene 'n dubbele erfdeel ontvang.

Jakob seën die seuns van Josef

Daarop volg wat in ons teks hierbo beskryf is. Hy seën altwee Josef se seuns. Elkeen van hulle ontvang die seën van 'n eie kind van Jakob. Dit is 'n geloofsdaad. Deur hom, die hoof van die verbondsgeslag, word die seën en beloftes van die verbond ook op hulle gelê.

Josef het die seuns ordelik voor die half blinde ou vader laat kniel. Manasse, die oudste, aan Jakob se regterkant en Efraim aan sy linkerkant. So moes Manasse die seën van die eersgeborene ontvang. Maar Jakob kruis sy hande — so kom sy regterhand op Efraim se kop en linkerhand op Manasse s'n. Josef probeer om hom reg te help: "Nie so nie, my vader; want hierdie een is die eersgeborene." "Ek weet, my seun, ek weet. Hy sal ook 'n volk word, en hy sal ook groot word; nogtans sal sy jongste broer groter wees as hy" — Gen. 48:18, 19.

Deur die geloof

En die geskiedenis bewys dat Jakob reg was. Juda en Efraim was die magtigste stamme van Israel. Nadat die ryk van Israel in twee geskeur het — en alleen Juda en Benjamin getrou bly aan die huis van Dawid — is die tien stamme "Israel" en dikwels ook "Efraim" genoem. Dit is duidelik: *"Deur die geloof* het Jakob op sy sterfbed altwee die seuns van Josef geseën." Die ou vader Jakob, skryf die kinders van Josef, wat in die vreemde Egipte gebore en opgevoed is, nie as verbondskinders af nie. Hy sien hulle in die geloof as sy eie nageslag en hy gryp hulle vas in die Naam van die God van die verbond met Abraham.

Moenie u kinders en kleinkinders loslaat nie. Hulle word ook in "Egipte" tussen wêreldlinge gebore en opgevoed. Maar hulle dra die merkteken van die verbond. Gryp hulle vas met u hande — al is die al oud — en sluit hulle op in u hart. Moenie verdwaalde verbondskinders wegstoot en neerhaal nie, maar haal hulle aan en bind hulle aan Christus en sy kerk — met alle mag.

God is getrou. Hy hou die wag en gebruik daartoe in besonder ouers en selfs grootouers.

21. Deur die geloof het Jakob aanbid

" ... en hy het aanbid terwyl hy leun op die knop van sy staf' — Hebr. 11:21

Gebed 'n geloofsdaad

Hier verwys ons skrywer na Genesis 47: 31: "Toe het Israel in aanbidding gebuig oor die koppenent van die bed." Dat Genesis praat van die "koppenent van die bed" en Hebreërs van "die knop van sy staf", kan ons verklaar uit die gebruik van die Griekse vertaling van die Ou Testament. Dit maak egter aan die saak, waaroor dit gaan, wesenlik geen verskil nie. Vir ons is van belang dat Jakob in eerbiedige gebedshouding kom en die Here aanbid.

Al die vorige "geloofshelde" wat die skrywer opnoem, het gewis ook aanbid. Hier word dit egter die eerste keer nadruklik as 'n daad van geloof genoem. En dit maak van Jakob se geloof iets besonders.

"Ou Jakob" gebreek

Jakob se lewensverhaal is, menslik gesproke, minder mooi as die van Abraham en Isak. Dit is asof Jakob met sy slimmighede en soms selfs "skelmstreke" sy eie lewensweg wou oopbreek. Maar telkens kom God Hom teë en ruk hom tot besinning. By Pniël het hy selfs dwarsdeur die nag met God geworstel. Hy moes daarna liggaamlik mank deur die lewe gaan — as aandenking aan hierdie "geveg" in die nag — Gen. 32:24-32.

En nou buig hy in aanbidding voor God.

Jakob het klein geword.

Die "ou Jakob" of "listige" en selfs "bedrieër" het gesterf.

Ware bidder klein voor God

Ons kan vroom praat. Ons kan selfs baie gebede opsê — soms selfs met 'n groot omhaal van woorde. Die vraag is egter altyd: Is ons gebede werklik 'n uiting van ons lewende geloof? Is dit 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop? Is dit 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie? Sien ons die "Onsienlike" wanneer ons bid?

Dan sien ons ook onsself — met ons listige en bedrieglike harte. En dan buig ons. En wanneer ons oud is, kan dit oor die knop van ons kierie wees of oor die koppenent van ons bed — maar een ding is seker: Ons buig — want ons glo. So staan Jakob se gebed daar as 'n geloofsbaken aan die einde van sy lewe. Die vuur het uit sy hart en oë verdwyn. Hy moes sy ou liggaam voortsleep. Maar hy het nog geglo en in aanbidding gebuig voor sy HERE. Hy kon nog dit doen, en hy het gedoen wat hy nog kon doen. Hy het aanbid.

Sy graf

Maar wat was die onmiddellike aanleiding tot sy gebed? Dit volg op sy versoek aan Josef: "Wanneer ek met my vaders ontslaap het, bring my dan weg uit Egipte en begrawe my in hulle graf" — Gen. 47:30. Hy wil in die beloofde land Kanaän — die spelonk Magpela — begrawe wees. Waarom is dit vir Jakob so belangrik waar hy begrawe sou word? Hy het selfs van Josef 'n eed verwag om dit te doen. Omdat Kanaän die land van die belofte is. So sien hy die toekoms in. Hy het as vreemdeling en bywoner in die land gewoon. Hy sou selfs nie eens in die land sy moeë ou oë sluit nie. Hy het sy lewenseinde in Egipte gesien. Maar hy het die "Onsienlike" gesien. God se trouverbond en sy onwankelbare beloftes, het hom gedra tot die einde toe. Sy nageslag sou in die land Kanaän woon — daarom wou hy daar ter ruste gelê word.

Ons begrafnis

Ek het eerlik geen voorkeure waar ek begrawe wil word nie.

Dit is vir my waarlik 'n middelmatige saak en ek sou nie graag aan my familie allerlei ongerief na my dood wou veroorsaak, as gevolg van een of ander besondere begeerte nie. Maar ek sou tog wil begrawe word en nie byvoorbeeld verbrand — of soos dit in beskaafde kringe genoem word: "veras" word nie. My begrafnis is immers my laaste geloofsuiting. Dit beteken dat ek daarmee vir laas bely dat ek glo in 'n ander vaderland — die nuwe aarde onder die nuwe hemel. En verder dat ek glo dat hierdie selfde liggaam van my sal opstaan uit die graf, met my siel verenig en dan vir ewig op die nuwe aarde sal woon.

Met ons begrafnis sien ons gelowig op die begrafnis van Jesus Christus. Ook Hy is begrawe. Ook die vernedering het Hy vir ons ondergaan. Maar Hy het nie in die graf gebly nie. So word ook my graf uiteindelik 'n poort na die "beloofde land". Daarom buig ons voor Hom, ons getroue God en Vader. Ons aanbid Hom met ons eie graf voor oë.

22. Deur die geloof het Josef....

> *Deur die geloof het Josef aan die einde van sy lewe melding gemaak van die uittog van die kinders van Israel en bevel gegee aangaande sy gebeente — Hebr. 11:22*

Deur die geloof lewe Josef

Indien iemand, dan het Josef uit die geloof gelewe!

Sy lewensverhaal kan as ideaal voorgehou word aan enige jong man. Hy het geglo — en daarom anders gelewe.

Ons sou kan sê — en met reg ook:

Deur die geloof was hy die voorbeeldige kind van sy pa.

Deur die geloof het hy drome gehad wat deur God ingegee is.

Deur die geloof het hy sy broers vermaan.

Deur die geloof het hy sy eer bewaar en hom koninklik gedra, terwyl hy 'n slaaf was.

Deur die geloof het hy die verleiding van die mooi vrou van Potifar weerstaan: " .... hoe kan ek dan hierdie groot kwaad doen en sondig teen God?" — Gen. 39:9.

Deur die geloof het hy nederig gebly en die eer aan God gegee, toe hy die drome van Farao uitgelê het.

Deur die geloof was hy in staat om sy broers te vergewe, wat hom as slaaf verkoop het.

Salig is die sterwendes

Ja, oor Josef se hele lewe staan geskrywe: "Deur die geloof". Hoe kom dit dan dat die skrywer hier alleen maar verwys na "die einde van sy lewe"? Is dit vreemd dat ek nou dink aan Openbaring 14:13: "Skryf — salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en hulle werke volg met hulle." So was dit inderdaad met Josef.

Hy het in die Here gelewe — deur die geloof. Daarom kon hy ook in die Here sterwe. Daarom ook kon hy rus van sy arbeid — slawearbeid en koningswerk — en tog ook moeitevolle arbeid, want ook Josef was 'n sondaar. Ook hy sou uitsien na die rus — van die sonde en die duiwel en die verleidinge in sy slaafwees en koningwees. En sy werke volg met hom. Sy werke maak nie sy pad oop nie, maar hy ontvang dit as 'n genadeloon, wat met hom meegaan die heerlikheid in. Daar dra hy dit as sy kroon. En Josef preek nog deur die geloof — nadat hy gesterf het. Soos sy lewe was, so is ook sy sterwe. Hy het geglo en daarom sien hy 'n toekoms. Hy het geglo in die beloftes van God — soos sy vaders geglo het. Daarom vertel hy — deur die geloof — van die uittog van Israel uit Egipte. Hy het geweet dat hulle moes terugkeer na die beloofde land. Die beloftes van God staan vas — en hy het daarheen vooruitgesien. Vierhonderd jaar die toekoms in kyk hy — deur die geloof. En dan praat hy en sê dit.

Maar hy doen ook iets. Hy gee bevele af aangaande sy doodsbeendere. Die moes bewaar bly en uiteindelik saamreis na Kanaän om daar begrawe te word.

En dan het Israel meer as Josef se woord.

Hulle het ook Josef se liggaam — as 'n teken van sy vaste vertroue op dit wat hy hoop — 'n bewys van dit wat hy nie sien nie.

Deur die geloof het Josef gelewe tot aan die einde.

En deur die geloof praat hy nog nadat hy gesterf het — ook tot ons.

Wat is die belangrikste?

Nie Josef se doodsbeendere is die belangrikste nie.

Die feit dat sy volk glo en leef uit die beloftes van God, is veel belangriker.

Ons kan so maklik roem op die erfenis van ons vaders.

As dit dan nie maar by hulle doodsbeendere bly nie.

As dit tog maar 'n lewe is deur die geloof, soos hulle gelewe het.

Ons kan selfs roem dat ons die Bybel gelees en herlees het. Maar ook die Bybel kan 'n "lyk" wees — 'n dooie boek — indien ons nie daarin die ware lewe vind nie.

Ons kan voor God en die mense pronk met ons suiwere belydenis. Ongelukkig gaap die spookagtige tande van die dooie formalisme ons daaruit teë — indien ons aan die leer vashou, maar nie lewe volgens die leer nie.

23. Deur die geloof het Moses se ouers....

> *Deur die geloof is Moses na sy geboorte deur sy ouers drie maande lank weggesteek, omdat hulle gesien het dat die seuntjie mooi was; en hulle het nie die gebod van die koning gevrees nie — Hebr. 11:23*

Donker tyd

Amram en Jogebéd — Moses se ouers — het in 'n moeilike tyd geleef. Die koning van Egipte, waar Israel as vreemdelinge vertoef het sedert die dae van Josef 400 jaar gelede, wou met alle geweld die kindergeboortes onder Israel aan bande lê. Hy sê selfs vir sy eie volk: "Kyk, die volk van die kinders van Israel is meer en magtiger as ons" — Ex. 1:9. Hulle mog nie meer word nie. Hulle sou dan maklik by die vyande van Egipte kon aansluit, indien daar 'n oorlog sou kom. Farao se eerste maatreël was dwangarbeid — Israel word slawe met slawedrywers om hulle aan die gang te hou. Hoe meer hulle hulself doodwerk hoe beter. Maar dit slaag nie. Die geboortes styg eerder. Die bevolkingsontploffing maak Farao bang.

Sy tweede maatreël is dan om alle klein seuntjies, wat gebore word, te vermoor. Hulle word in die Nyl gegooi en verdrink — en word moontlik deur die krokodille opgevreet.

Glo al is dit donker

'n Donker tyd! Maar Amram en Jogebéd leef saam, soos dit 'n getroude man en vrou betaam. Hulle glo dat die Here die moederskoot oopmaak of sluit soos dit Hom behaag. Seuns is 'n erfdeel van die Here en hulle sien uit na die kindjie wat in aantog is. En Moses word op God se tyd gebore — want God het iets groots voor met die kindjie. Ook sy ouers sien iets besonder aan die kindjie. Het hulle selfs aan die klein baba kon merk dat hy in besondere sin begaafd sou wees?

En hulle steek hom weg drie maande lank.

En hulle vrees die gebod van die koning nie.

Waarom nie? Omdat hulle glo in God wat veel magtiger as Farao is. Ja, hulle glo dat God vir hierdie kindjie 'n roeping in vooruitsig het. Daarom is sy hand oor hom.

Geloof is vindingryk

Omdat hulle glo, sit hulle nie stil nie. Hulle spring aan die werk en maak planne en doen iets. Die geloof — en die liefde — maak 'n mens vindingryk. Ons glo immers in die alwyse God. En as Hy iets voor het met 'n kindjie, dan open Hy ook die weg en gebruik moontlikhede en omstandighede om sy doel uiteindelik met so 'n mensie te bereik. In Hom het Amram en Jogebéd geglo en daarom ook op Hom 'n vaste vertroue gehad.

Hulle steek die kleinding drie maande lank weg vir die oë van die beuls. Dit was die moeite werd om so 'n kosbare gawe uit die hand van God met alle mag en middele te beskerm teen die valkoë van die moordenaars. En as 'n mens dan nog weet: Jy hoef die gebod van die koning nie te vrees nie. Jy hoef jou eie bloedjie nie te gaan uitlewer nie. God verwag dit nie van jou nie. Inteendeel: Hy verwag dat jy die klein liefling moet beskerm en bewaak en vir Hom grootmaak — wat Hy ook al met hom voor het. En bowendien moet jy God meer gehoorsaam wees as die mense. En jy weet ook dat geen ding vir Hom onmoontlik is nie.

In so 'n noodsituasie het sulke mense moed en vindingrykheid nodig. En dit kry hulle ook — omdat hulle glo.

Die geloof — 'n wondergawe

Ja, die geloof is en bly 'n wondergawe.

Deur die geloof sien 'n verslaafde en gejagte volk die hand van hulle Vader.

Deur die geloof buig 'n egpaar voor God en verwek en ontvang kindertjies as 'n gawe uit sy Vaderhand.

Deur die geloof beskerm en onderhou hulle die kleintjies — en hou hulle vas vir die roeping wat die Here vir hulle weggelê het. En hulle vrees die gebod van die koning nie. Ook nie die gebooie van die kommunisme en watter ander "-isme" daar ook al in ons tyd is, wat gebooie en wette publiseer om mense in hulle geloof in God aan te tas en hulle kindertjies weg te ruk — ongebore of gebore — uit die moederskote of uit die arms.

Kindertjies word gegee om gebore te word .... en gebore om vir die Here groot te maak.... en grootgemaak om die roeping van God te vervul. Dit maak die geloof van mense. Dit is die wonder van die geloof.

24. Deur die geloof het Moses... (1)

> *Deur die geloof het Moses, toe hy groot geword het, geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word — Hebr. 11:24*

Groot werk begin klein —

Moses was die kragfiguur in die Ou Testament. Hy was in besonder 'n instrument in die hand van die HERE, wat die verloop van die geskiedenis letterlik verander het. Die groot werk van Moses het egter 'n klein begin gehad — 'n nietige begin. God se begin sien ons by Moses se geboorte, toe hy as 'n swak babatjie ontvang en weggesteek is vir Farao en sy soldate. Moses se eie begin van sy roeping sien ons hier.

Met moedersmelk

Moses het groot geword.

Hy het opgegroei in weelde en genietinge in die paleis van Farao.

Wanneer 'n kind groot geword het, begin hy oorweeg en onderskei oor wat vir hom van waarde is.

Moses het begin nadink en oorweeg en onthou.

Hy het onthou dat hy 'n Israeliet was.

Hy het onthou wat sy moeder hom geleer het in sy kleintyd.

Ag, sy moeder sou hom so lank moontlik vasgehou het.

Dat kinders tot vyf-, sesjarige ouderdom gesoog is, was nie vreemd nie — dit was eintlik die gewoonte.

En die vrome Jogebéd sou hom sekerlik soveel moontlik — saam met die moedersmelk — laat indrink van die kennis dat hy 'n kind van God is.

Hy behoort by Israel — die volk met die beloftes van God.

Keuse

En dan kom Moses tot 'n bewuste keuse.

'n Keuse beteken altyd dat bepaalde dinge van minder belang beskou word as andere. En dan word daarmee gebreek.

Aan ons word niks vertel van Moses se innerlike stryd — ook teen die magte en owerhede, die bose geeste in die lug — nie. Hy moes egter bande, wat oor jare gesmee is, deursny.

Hy is die seun van Farao se dogter genoem. Hy is beskou en behandel as 'n Egiptiese prins. Die pleegmoeder het hom seker met groot liefde grootgemaak. Sy het hom ook opgevoed in die wetenskap van die Egiptenaars — wat destyds 'n hoogontwikkelde volk was. Sy het hom ook saamgeneem na die afgodstempels en hy het deelgeneem aan die spele in die arénas.

'n Keuse is altyd teen iets of iemand.

Moses kies teen sy pleegmoeder — die dogter van Farao.

Daarmee kies hy teen Egipte en alles wat dit inhou.

Hy kies teen "die genot van die sonde" — vers 25.

Hy kies teen "die skatte van Egipte" — vers 26.

Moses kies natuurlik ook vir baie ander dinge, wat baie beter is, maar daaroor later.

Moet kan sê: Nee!

Laat ons eers besin oor die groot saak dat ons moet kan "Nee!" sê vir bepaalde dinge en daarmee kan breek. Dit is van groot gewig. Die geloof stel ons voor 'n keuse — lewensbelangrik is die keuse. Dit is ons verantwoordelikheid wat ons nie op God mag afskuif nie. Of Moses eers toe hy groot geword het tot geloof gekom het en of hy van kleinsaf geglo het, maak wesenlik geen verskil nie. Hy moes bewustelik tot 'n geloofskeuse kom. Hy — en elke verbondskind — moes, toe hy groot geword het, self onderskei en self kies.

Die wat nie glo nie — alreeds geoordeel

Ons Dordtse Leerreëls, wat handel oor die uitverkiesing van God, stel dit so — onbegryplik genadig, maar ook vreeslik ernstig. "Om dan mense tot die geloof te bring, stuur God uit goedertierenheid verkondigers van hierdie baie blye boodskap na wie Hy wil en wanneer Hy wil. Op diegene wat hierdie evangelie nie glo nie, bly die toorn van God. Die oorsaak of skuld van daardie ongeloof lê nie by God nie, maar by die mens."

Dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid .... voordat die ongelukkige dae kom en die jare aanbreek waarvan jy sal sê: Ek het daar geen behae in nie. Kies teen die genot van die sonde en die skatte van Egipte.

Jy is geen kind van Farao se dogter, wat alle losbandighede en afgode mag koester nie.

Jy dra die teken van die verbond van die ware God op jou voorhoof. Jy behoort aan Hom en wag op sy beloftes.

Wend jou af van die ongeregtigheid en soek die geregtigheid van Christus. Dit is die kosbare skat wat Moses gevind het.

Waarteen niks in Egipte enigsins opweeg nie.

25. Deur die geloof het Moses.... (2)

Deur die geloof.... het Moses verkies om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God as om 'n tyd lank die genot van die sonde te hê — Hebr. 11:25

Moses sien slawerny

Ons teks verwys na Exodus 2:11: "En in die dae toe Moses al groot was, het hy na sy broers uitgegaan en hulle harde arbeid aangesien." In sy innerlike het 'n bewuste begeerte ontstaan om na sy eie volk te gaan — sy broers — al was hulle slawe. Die verhaal vertel nie van 'n begeerte om te breek met sy pleegmoeder nie. Dit sê ook niks van die genot van die sonde en die rykdom en skatte van Egipte waarteen hy gekies het nie. Ons lees selfs nie eens dat hy verlang het om by sy eie mense te bly en met hulle saam te leef en te swoeg nie.

Bloot nuuskierig?

Dit lyk oppervlakkig of hy tog maar so min of meer nuuskierig was om 'n keer te gaan kyk na sy eie mense — die slawe van Egipte — waaruit hy afstam. Dit is byna asof ons in hom die tollenaar Saggeus sien. Die klein en veragte mannetjie van Jerigo, wat smaak gehad het vir die genot van die sonde en die rykdom en skatte van die aarde, maar wat *nuuskierig was om Jesus te sien.* Omdat hy kort was, klim hy in 'n wildevyeboom, waar *Jesus hom sien* — en toe kom daar redding vir hom en sy huis, want die Here Jesus het gekom om te soek en te red die wat verlore was — Luk. 19:1-10.

Toevallig?

So kom die "nuuskierige" Moses kyk na die slawevolk en die slawedrywers. Hy sien hoe 'n Egiptenaar een "van sy broers" op 'n genadelose wyse toetakel. Bloed is dikker as water en sy bloed of afkoms neem spontaan die oorhand in hom en hy storm af op die wrede slawedrywer. Hy sou seker nie bedoel het om dit te doen nie, maar "per ongeluk" tref hy die man so sekuur en hard dat hy bly lê — morsdood. Hy kyk gou-gou rond of iemand hom sien en krap die lyk toe in die Egiptiese sand. Mag dit maar verborge bly.

Die volgende dag is Moses weer daar. Twee Israeliete is toe besig met 'n vegparty. Nou slaan hy nie, maar vermaan die man wat ongelyk het. Die man antwoord: "Wie het jou as owerste en regter oor ons aangestel? Dink jy om my dood te slaan soos jy die Egiptenaar omgebring het?"

Vlug

Moses skrik — en hy vlug skoon uit Egipte weg en ook weg van die slawevolk af. Hy "vergeet" sy volk wat sleg behandel word en woon vir veertig jaar rustig in Midian, waar hy die skapies van sy skoonvader, Jetro, oppas.

Moses het geglo

So lyk die dinge oppervlakkig. En tog was daar baie meer by betrokke. Hy het geglo in God en in sy beloftes aan die slawevolk. Hy het klaar sy keuse gemaak en begin om aansluiting te soek by sy volk. Hy het moontlik selfs oorweeg waarom God hom in so 'n magsposisie in die huis van Farao geplaas het en homself moontlik gesien as 'n nuwe "Josef", die eertydse onderkoning van Egipte. 'n Mens kan selfs aanneem dat sy hart al die jare in Midian ook by sy eie volk en hulle nood was. God was immers besig om hom voor te berei vir sy lewenstaak.

Sleg behandel vir 'n tyd

Hy het sy volk gesien en hy het klaar gekies — teen Egipte en vir hulle.

Hy het verkies om sleg behandel te word saam met sy volk. Hy voeg hom blywend by die volk.

Deur die geloof het hy geweet dat die volk blywend staat kon maak op die guns van God.

Daarom — liewer sleg behandel saam met hulle, as om vir 'n tyd lank die genot van die sonde te besit.

Agter die "toevallige" dinge is egter ook die hand van God.

Hy hou Moses vas en lei hom deur sy raad. Hy het immers ook die geloof, om te kon kies, in die hart van die jong man gelê.

Waarom gaan keuse

Deur die geloof sien ons dinge in die regte verhouding.

Deur die geloof weeg ons aardse sondegenot op teen die ewige trou van God.

En dan kies ons met die oog op die ewigheid.

Ons kan sonder sondegenot en rykdom en skatte klaarkom.

Maar kan ons sonder God lewe?

> "Wil julle nie ook weggaan nie?"
> "Here, na wie toe sal ons gaan?
> U het die woorde van die ewige lewe.
> En ons het geglo en erken dat U die Christus is, die Seun
> van die lewende God" — Joh. 6:67-69.

Waar anders vind ons dit wat God ons gee in Jesus Christus? Hy gee ons die ewige lewe, wat die grootste vreugde denkbaar — al hier op aarde — inhou en ons sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie. Daarom: Liewer sleg behandel saam met die volk van God as om 'n tyd lank die genot van die sonde te hê.

26. Deur die geloof het Moses... (3)

Deur die geloof het Moses.... die smaad van Christus groter rykdom geag as die skatte van Egipte, want hy het uitgesien na die beloning — Hebr. 11:26

Bevoorregte volk

Moses voeg hom deur die geloof by die volk van God. Die volk belewe wel op die tydstip smaad en verdrukking, maar hulle kon op die blywende guns van God staatmaak. "Hulle is Israeliete aan wie die aanneming tot kinders behoort en die heerlikheid en die verbonde en die wetgewing en die erediens en die beloftes; aan wie die vaders behoort en uit wie die Christus is na die vlees — Hy wat oor alles is, God, lofwaardig tot in ewigheid! Amen" — Rom. 9:4, 5.

So beskryf Paulus die skatte van Israel, teenoor die skatte van Egipte. Daarvoor het Moses gekies. Juis dit moes die Hebreërs in Rome in die tyd van die skrywer onthou. Hulle kon gemakshalwe maar met die wêreld meegaan, omdat hulle die smaad van Christus te moeilik vind om te dra. Die smaad van Christus het vir hulle vervolging en verdrukking beteken.

Smaad van Christus groter rykdomme

Die smaad van Christus is groter rykdomme as die skatte van Egipte. Ag, om skatte te besit is op sigself geen sonde nie. As jy dit maar sien as 'n gawe uit die hand van God. Ons lees nêrens dat die Here Job hom sy aardse besittings verwyt het nie. Hy het hom selfs agterna nog met veel meer aardse skatte geseën, omdat hy aan God vasgehou het. Solank die skatte maar nie die plek van die geloof inneem en dit verdring nie. Dan word dit 'n afgod, want "alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde — Rom. 14:23.

Moses moes en het gekies. Kies hy Egipte met sy skatte, dan sondig hy en kies nie uit die geloof nie. Hy kies egter deur die geloof — daarom kies hy vir Israel met alles wat dit inhou. Daarom kies hy die smaad van Christus. Hy ag dit 'n groter rykdom as die skatte van Egipte. Gelukkig is elkeen wat so kies.

In Christus is alle beloftes Ja! en Amen!

Die "smaad van Christus" is vir Moses die kosbare skat — die allerkosbaarste. Dit is die hoofinhoud van die beloftes aan Israel. So het die HERE aan Abraham belowe: "in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word" — Gen. 12:3. Later herhaal die Here die belofte, by monde van Jakob, aan Juda: "Die septer sal van Juda nie wyk nie, nog die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees" — Gen. 49:10.

Tipe van Christus self

Daarom ondergaan allerlei mense in Israel soms omstandighede en dien as voorbeelde of tipes van Christus. So was Moses trouens self — die middelaar van die ou verbond — 'n tipe of voorbeeld van die ware Messias wat sou kom. Maar ook die volk is tipe of voorbeeld van Christus. Wanneer die volk ly en verdruk word, word Christus gesmaad en verneder. Hierdie volk dra immers die belofte dat die Christus uit hom sou voortkom. So sien ons die volk, in Openbaring 12:1, 2: "En 'n groot teken het in die hemel verskyn: 'n vrou wat met die son bekleed was, en die maan was onder haar voete, en op haar hoof 'n kroon van twaalf sterre; en sy was swanger en het uitgeroep in haar weë en barensnood." Voor haar staan die draak, die duiwel, om haar kind te verslind, sodra sy geboorte sou gee. "En sy het 'n manlike kind gebaar, wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer; en haar Kind is weggeruk na God en sy troon" — Openb. 12:5.

Smarte en barensnood

Hier vind ons eintlik 'n beskrywing van die geskiedenis van Israel deur die eeue heen — ook in Egipte. Hulle is die vrou — geëer deur die Here — maar steeds in die smarte van barensnood, omdat die volk die *Kind* moes voortbring. Daarom staan die draak of slang ook altyd gereed teenoor hulle om die Kind te gryp en te verslind — ook in Egipte. Op aanstigting van die duiwel het Farao die seuntjies in die Nyl gegooi en op sy aandrang verdruk hy die volk. Dit gaan vir die Satan nie om die volk nie, maar om die Kind — die belofte van Christus. Hy wil die belofte van die Kind ongedaan maak. Daarom kan ons skrywer sê: "Moses het die smaad van Christus groter rykdom geag as die skatte van Egipte." Christus is gesmaad en verdruk in Egipte — in die volk waaruit Hy sou voortkom.

Salig is julle

So word Christus nog steeds gesmaad.

Hy word gesmaad wanneer sy hedendaagse kerk verdruk en vervolg word.

"Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om my ontwil."

Daarom: "Verbly en verheug julle, omdat julle loon groot is in die hemele" — Matt. 5.

27. Deur die geloof het Moses... (4)

> *Deur die geloof het hy Egipte verlaat sonder om die toorn van die koning te vrees, want hy volgehou soos een wat die Onsienlike sien — Hebr. 11:27*

Die uittog

Moses het Egipte twee keer verlaat. Die eerste keer het hy vir Farao gevlug, nadat die dood van die Egiptenaar bekend geword het. Hy het dus gevlug "uit vrees vir Farao".

Ons teks verwys na die tweede keer. Dat is nadat Moses by die brandende doringbos deur die HERE geroep is. Hy is op bevel van die HERE terug na Egipte en na Farao. Onbevrees het hy telkens voor Farao verskyn en die versoek van die HERE elke keer herhaal: "Laat my volk trek." Die tien plae het gevolg. Elke keer moes Moses bid dat die Here die plaag moes wegneem — en elke keer is Farao se hart verhard en het hy teruggekom op sy woord.

Hy het die koning nie gevrees nie

Moses het Farao egter nie gevrees nie. Hy het weer en weer teruggekom. Eindelik kom die tiende plaag — alle eersgeborenes van die koning af tot by die nederigste slaaf — sou in 'n bepaalde nag sterf. Watter "natuurlike" verklaringe Farao ook al aan al die vorige plae kon gee, nou sou hy moes swig.

Hy en sy volk. Die doodsengel het sy slag geslaan en in elke Egiptiese huis was daar trane — hulle het hardop geweeklaag.

En die koning kon nie anders nie. Sy eie volk kon dit nie meer verdra nie en die onverklaarbare sterfte van die oudste kind in elke huis, kon nie menslik verklaar word nie. Dit is die vinger van God.

Moses waag dit met God

En tog is en bly die uittog uit Egipte vir Moses self 'n geloofsdaad — 'n waagstuk met God. Hy neem 'n geweldige verantwoordelikheid op hom. Farao kon immers weer van plan verander — soos inderdaad gebeur het. Hy het die volk weer agterna getrek met sy leër van strydwaens en ruiters.

Hy het Farao egter nie gevrees nie. Luister na sy laaste gesprek met Farao: "Maar Farao sê vir hom: Gaan weg van my af! Pas op dat jy my aangesig nie weer sien nie; want die dag as jy my aangesig sien, sal jy sterwe.

En Moses antwoord: U het reg gepraat. Ek sal u aangesig nie weer sien nie" —Ex. 11:28, 29.

Dit is geloofsvertroue. Hy het geglo. En dan gaan hy en dra die bevele van die HERE oor aan die volk om hulle gereed te maak vir die uittog. Hulle gaan trek, want die HERE het dit gesê.

Moses se geloof wankel nie

En deur die geloof neem Moses die groot verantwoordelikheid op sy skouers. Hy lei 'n volk — oud en jonk — groot en klein — uit Egipteland uit. Hulle was vir hoeveel jare 'n slawevolk. Hulle het afgeleer om self besluite te neem en selfstandig hulle eie rigting te kies. En hulle trek die woestyn in — met al die ontberinge wat dit inhou.

Maar Moses, hulle leier, wankel nie. Hy waag dit met God en die weerlose en ordelose volk trek die wildernis in. Hulle doen dit op die woord van die man en hy aanvaar dit, want hy sien die "Onsienlike".

Die Onsienlike

Hy sien die "Onsienlike".

Die geloof, dan is 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie — Hebr. 11:1.

Niemand het ooit God gesien nie — Joh. 1:18.

Hy (Christus) is die Beeld van die onsienlike God — Kol. 1:15.

Die salige en enigste Heerser, die Koning van die konings en die Here van die here, wat alleen onsterflikheid besit en 'n ontoeganklike lig bewoon, wat geen mens gesien het of kan sien nie, aan Wie toekom eer en ewige krag — 1 Tim. 6:15, 16.

Die geloof doen wonders

In die geloof sien Moses vir God. Dan verdwyn alle vrees.

Dan is geen opdrag te moeilik en drag te swaar nie. Bokant Farao en sy strydwaens en perderuiters, sien Hy God op sy ewige troon.

Bokant die woestheid en verlatenheid van woestyn-ellende sien hy die "Onsienlike" wat waak en lei en voorsien in elke nood. Daarom staan hier ook: "hy het volgehou." Hy het nie opgehou by Farao en by die halsstarrige volk nie. Nee, hy het volgehou, ondanks alles, want hy het die "Onsienlike" gesien.

Hy het nie alleen gesien nie, maar sy geloof was ook 'n vaste vertroue op die dinge wat hy hoop.

Wat 'n verantwoordelikheid om te glo.

Omdat hulle glo word mense in kommunistiese lande gemartel en gedood. Hulle kinders word uit vadershand en van moeders-boesem weggeruk. En tog hou hulle vol. Omdat hulle glo in die "Onsienlike".

God is nog dieselfde — die Onsienlike. Sien ons, wat glo, Hom ook — soos Moses?

28. Deur die geloof het Moses.... (5)

Deur die geloof het hy die pasga gehou — Hebr. 11:28

Die paasfees ingestel

Hier doen Moses twee dinge deur die geloof. Albei staan wel in verband met die paasfees. Die instelling van die pasga is 'n blywende fees. Die besprinkeling van die bloed was 'n eenmalige gebeurtenis. En tog hou dit ook toekomsmusiek in. (Die besprinkeling van die bloed in volgende hoofstuk).

In Exodus 12 lees ons twee keer van die instelling van die paasfees. In die eerste verse word dit wel ook verorden met die oog op die toekoms, maar dan vasgebind aan die uittog deur die bloed wat aan die deurkosyne gestryk moes word — vir die bepaalde nag.

Aan die einde van die hoofstuk word die blywende instelling dan weer herhaal. Dit moes nie bloot 'n eenmalige geleentheid wees nie, maar 'n blywende herdenking aan die verlossing uit die slawehuis van Egipte.

Suiwer die ou suurdeeg uit

Die paasfees is 'n verlossingsherdenking. Jaar na jaar eet die volk ongesuurde brood. Dit is onsmaaklik, maar het ryke inhoud.

"Suiwer die ou suurdeeg uit. sodat julle 'n nuwe deeg kan wees — soos julle inderdaad ongesuurd is — want ook ons Paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus" — 1 Kor. 5:7.

Suiwer die sonde uit. Reinig julle van die boosheid. Want Christus, ons Paaslam, is vir ons geslag — ook tot ons heiligmaking. Juis daarom moet ons sy liggaam eet en sy bloed drink — wat afgebeeld word deur die brood en wyn in die nagmaal. Ons word innerlik gevoed en gelaaf en ons word deur die Heilige Gees meer en meer vernuut na die ewebeeld van Christus. So suiwer ons die ou suurdeeg uit en eet ongesuurde brode.

Bitter sous

Daarby moes hulle bitter sous drink.

Die verblyf in Egipte was immers bitter.

Die bitter sous versinnebeeld die smaad van die slawerny in Egipte.

Dit is egter meer as bloot 'n herinneringsfees.

Dit sien selfs vooruit — profeties — na iets anders.

Israel se smaad is Christus se smaad.

Israel se bitterheid is Christus se bitterheid.

Israel se bitterheid beeld ook Christus se bitter lyding af.

Ons hoor Hom in Getsémané:

"Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan."

Maar die beker gaan Hom nie verby nie.

Aanstons sê Hy vir die bende wat Hom kom soek:

"Dit is Ek!"

En Hy gee Hom oor — Hy neem die beker op.

Hy laat Hom bind — om ons te ontbind.

Hy ly smaad en vernedering — opdat ons bevry kan word.

Hy roep: "My God, my God, waarom het U my verlaat?"

Opdat ons nimmermeer deur God verlaat sou word nie.

Geloof en paasfees

Deur die geloof het Moses die pasga gehou. Eintlik moet ons lees: Hy het dit ingestel om te bly — deur die eeue heen. Die volk se geloof moes daaraan gebind word. Hulle moes onthou: "Ek is die HERE, jou God, wat jou uit Egipteland uit die slawehuis uitgelei het."

Daarom moes hulle hulself heilig vir die fees. Die ou suurdeeg moes uitgesuiwer word. Die God wat verlos het, verwag ook heiligheid van ons. "Wees heilig, want Ek is heilig!" Reinig jou van die sondesmet wat jou besoedel. Dink aan jou verlossing.

Die volk moes ook die bitter slawerny in Egipte onthou, waaruit hulle verlos is. Hulle *moes* die bitter sous drink en daaraan dink.

Sien vooruit

Maar die volk moet ook vooruitsien.

> "Ek is die brood van die lewe;
> wie na My toe kom sal nooit honger kry nie;
> en wie in My glo sal nooit dors kry nie" — Joh. 6: 35.

En Hy is die brood van die lewe, omdat Hy die allerbitterste

bitter sous gedrink het.

Hy is vir ons sondeskuld geslag.

Hy het die helse smarte vir ons gedra.

Is dit vreemd dat Hy die nagmaal instel by sy laaste paasmaal?

En ons doen dit tot sy gedagtenis.

En ons weet — voor wag die ware feesvreugde — Op die nuwe aarde onder die nuwe hemel.

29. Deur die geloof het Moses... (6)

Deur die geloof het hy.... die besprinkeling van die bloed (gehou), sodat die verderwer hulle eersgeborenes nie sou aanraak nie — Hebr. 11:28

Die lam en sy bloed

Moses het die pasga gehou.

By die paasfees moet 'n lam, sonder gebrek, geslag word.

Die lam moes heel gaar gemaak word en, by die eerste viering, staande geëet word.

Daaraan moes die hele gesin meedoen.

Die bloed van die lam moes egter nie weggegooi of geëet word nie. Die Israeliete moes die bloed aan die deurkosyne van hulle huise stryk.

Want die nag kom die "verderwer" — die doodsengel.

Hy kom na Egipte en trek by al die huise langs.

Waar die bloed aan die deurkosyne is, gaan hy verby.

Hulle bly almal ongedeerd.

Waar egter geen bloed is nie, kom die verderwer die huis binne.

En hy tref die gesin — in hulle eersgeborene.

Die oudste kind in elke Egiptiese huis sterwe.

Deur die geloof

Omdat Moses geglo het, het hy bepaal dat die bloed op die deurkosyne gesprinkel moes word. Hy het geglo dat die HERE sou doen wat Hy sê. En die geloof het sy volk gedeel. Hulle het gehoorsaam gedoen wat Moses gesê het — op bevel van die HERE. En hulle eersgeborenes is gespaar.

Eersgeborenes

Die eersgeborene was vir die mense van die ou tyd 'n besondere kind. Die oudste seun het 'n dubbele erfporsie uit sy vader se boedel ontvang — 'n dubbele kindsdeel. By Israel was die eersgeborene die priester van die huis en hoof van die geslag. Saam met die eersgeboortereg het Jakob ook die eersgeboorteseën ontvang. Die belofte aan Abraham en Isak gaan oor op Jakob en nie op Esau nie. Later, toe die stam van Levi en die geslag van Aaron uitgekies is as die priesterstam, moes elke eersgeborene in Israel "teruggekoop" word van die Here deur 'n offerande. So moes Jesus van Nasaret as Eersgeborene van Maria, ook "losgekoop" word — Luk. 2:22-24.

Die Here tref die Egiptenaars in die kosbaarste wat hulle het.

Hy tref hulle in hulle geslagshoof — die kind wat die "moederskoot geopen" het. Die kroonprins sterf. En die oudste van die nederigste slaaf, sterf ook.

Maar terwille van die bloed van die lammetjie, is Israel se kosbaarste besit behou. Hulle geslag word in stand gehou.

Hulle kon as volk voortbestaan omdat hulle beskerm is deur die bloed aan die deurkosyne.

Besprinkeling van die bloed

Die "besprinkeling van die bloed" is 'n tipiese uitdrukking wanneer verwys word na die offer. Abel het ook van die beste van sy kleinvee geoffer. En tog sou dit by Abel nog nie so begryp wees nie. Hy het gedink aan 'n "dankoffer" — hy wou homself daarin aan die Here as offer gee. Daarom was Kain se vrugte maar net so goed — as offer. Sy hart was egter nie daarby nie. Hy het nie in die geloof geoffer nie.

Hierdie besprenkeling van die bloed?

Hier kan ons praat van 'n skuldoffer of soenoffer.

Sonder die bloed aan die deurkosyne, sou die eersgeborenes van die Israeliete ook gesterf het.

Hulle was ook sondaars. Hulle het ook die geestelike dood in hulle gedra. In beginsel was ook hulle opgeskryf as slagoffers van die verderwer.

Die verderwer stuit egter teen die bloed aan die deurkosyne.

Ons Paaslam geslag

So word die paaslammetjie beeld of tipe van ons Paaslam.

Hy is ook vir ons geslag op Golgota.

Hy was waarlik sonder enige gebrek.

Hy was ons in alle opsigte gelyk, uitgenome die sonde.

En Hy is geslag — ja, soos 'n lam is Hy na die slagplek gelei.

Huisgesin behoue

En wonderlik is die weë van die God van die verbond! Die bloed word nie aan die voorhoof van die kind gesmeer of daarop gesprinkel nie. Nee, dit kom aan die deurkosyne van die huisgesin. In Hom is die huisgesin behoue. Hy is immers die eersgeborene — die priester — wat vir sy gesin moes instaan.

Is dit vreemd om in die Nuwe Testament te lees: By Lidia: "en toe sy en haar huisgesin gedoop is" — Hand. 16:15. En by die tronkbewaarder: "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin" — Hand. 16:31?

Onthou: Wie hoof van die gesin is, is priester by die huisaltaar. Sy verantwoordelikheid is om sy gesin te verteenwoordig en sy kinders vir die Here groot te maak.

30. Deur die geloof het Israel...

> *Deur die geloof het hulle die Rooisee deurgegaan soos oor droë grond, terwyl die Egiptenaars, toe hulle dit probeer, verdrink het" — Hebr. 11:29*

Israel glo

Die skrywer stap nou af van Moses. Nou gaan dit om "hulle" — die volk — se geloof. Moses het nog "voorgegaan" in die geloof. Hulle het egter deur die geloof gevolg. Dit is nou die eerste keer dat van die volk Israel só gepraat word. Dit maak die wonder des te groter dat die volk die pad deur die Rooisee instap.

Van koers af

Die volk het Egipte pas verlaat.

Hulle is op pad na Kanaän.

Maar hulle swaai regs — weg van die groot pad af.

Hulle trek in die rigting van die Skelfsee.

Wat makeer Moses? Hy is mos nou van koers af!

Selfs Farao se spioene bring die tyding van die rigting waarin die volk trek.

Farao self sê: "Hulle het in die woestyn verdwaal."

En hy was al klaar spyt dat hy hulle laat trek het.

Hoe sou hulle klaarkom sonder die handearbeid van die slawevolk? Saal op die perde! Span in die strydwaens!

Agtervolg die gespuis en bring hulle terug!

Farao self trek as generaal voor sy leër uit.

Die wolk oor hulle

Voor lê die ondeurdringbare see.

Agter slaan die stof uit — Farao se leër is vinnig besig om hulle in te haal.

En bokant hulle? Rustig die wolk van God se teenwoordigheid. En deur die geloof trek hulle agter Moses aan — reguit na die see toe.

Ag, hulle het baie bang geword! Wie sou nie onder sulke omstandighede bewe nie? En hulle kom sommer dadelik in opstand teen Moses. "Het jy ons hierheen gebring om ons hier te begrawe?"

Die HERE stry vir julle

Die gelowige Moses antwoord rustig: "Moenie vrees nie! Staan vas en aanskou hoe die HERE julle verlossing gaan bewerk! Die HERE sal vir julle stry en julle moet stil wees." Die HERE beveel om te trek — en hulle trek! Deur die geloof!

Lig en duisternis

En dan begin die wonders voor hulle oë plaasvind.

Die wolkkolom skuif van voor hulle af na agter hulle.

En sak in tussen hulle en die Egiptenaars — die ligkant na hulle en die donker kant na Farao

en sy leër.

Hulle trek in die lig van Gods genade.

Die Egiptenaars gaan sukkelend en soekend agter hulle aan — in die donker van God se toorn.

So trek hulle dwarsdeur die nag op 'n ligpad.

En daar lê die see voor hulle! En nou?

Moses hef sy staf op en steek dit uit oor die water.

'n Sterk Oostewind steek op en dryf die see uit hulle pad.

En dwarsdeur die see lê daar 'n droë pad tussen twee watermure.

Verlos! Verlore!

Deur die geloof het hulle die Rooisee deurgegaan! Veilig en behoue! Prys die HERE wat dit gedoen het!

Farao en sy manskappe kom eindelik ook by die oewer van die see. Hulle sien die pad deur die water heen. En storm oormoedig in.

Maar God se genade is bedoel vir hulle wat deur die geloof lewe. Hy trek sy hand weg en — waterkolke druis oor Farao en sy manne. Hulle verdrink — man en muis. God laat Hom nie bespot nie.

Val en opstanding

Dit is die Evangelie by die Rooisee.

Christus het gekom tot 'n val en opstanding vir baie.

Hy is die rots van redding, maar ook die rots van struikeling.

"U het die verharde Farao en al sy manne in die Rooisee laat verdrink maar u volk Israel op droë grond daardeur laat trek. Hierin het U ons 'n heenwysing na die doop gegee" (Doopformulier).

Gered en verdrink

Israel is gedoop in die see — en is gered.

Farao is gedoop in die see — en het verdrink.

En die verskil? Israel het deur die geloof deur die see gegaan.

Farao en sy manne het in ongeloof ingegaan.

Soos vir Israel beteken die doop redding — vir hulle wat glo.

Soos vir Farao beteken die doop ondergang — oordeel — vir hulle wat nie glo nie.

Is u gedoop? Moenie daarmee speel nie! U kan in u eie doop verdrink. Prys die Here, gedoopte! Leef uit die geloof — en u is salig!

31. Deur die geloof het die mure van Jerigo geval

Deur die geloof het die mure van Jerigo geval nadat daar sewe dae lank onheen getrek is — Hebr. 11:30

Jerigo die vestingstad

Die volk van Israel het eindelik in Kanaän aangekom. Moses was reeds dood en Josua was die nuwe leier. Op 'n wonderbare wyse het die HERE hulle die Jordaan deur gelei — weer droogvoets, soos deur die Rooisee.

Eindelik slaan hulle laer op in die beloofde land — by Gilgal. En daar lê die sterk stad, Jerigo, voor hulle. Sonder om die stad in te neem, is dit hopeloos om te dink aan die inname van die hele land. En hierdie sleutelvesting kon moeilik verower word. Vir Israel sou dit menslik onmoontlik wees. Josua het alreeds spioene na Jerigo gestuur. Hulle ontkom aan die hande van die veiligheidsmagte van Jerigo met behulp van Ragab. Nou eindelik staan Josua en sy volk gelaer in Kanaän en die stad lê daar in hulle pad. Wat nou?

Ek gee Jerigo in jou hand

"Toe het die HERE vir Josua gesê: Kyk, Ek gee Jerigo met sy koning en dapper helde in jou hand. Julle moet dan om die stad trek, al die krygsmanne; trek die stad eenmaal om; so moet jy doen ses dae lank." Die sewende dag moes hulle die stad sewemaal omtrek. Dan moet die priesters op hulle ramshorings blaas en die hele volk moet 'n krygsgeskreeu aanhef — "dan sal die stadsmuur op sy plek inval; en die volk moet inklim, elkeen reg voor hom uit" — Jos. 6:1-5.

Eenvoudig en tog so moeilik

Die HERE gaan dit doen.

Hy alleen gaan Jerigo platslaan.

Maar daartoe gebruik hy ook die volk.

En Hy eis van hulle geloof — geloof in die bo-menslike wat sou gebeur.

Hulle taak is ongelooflik eenvoudig.

En dit is juis wat die geloof so moeilik maak.

Dit is asof ons Elisa hoor met sy boodskap aan Naäman, die melaatse Siriër: Gaan bad sewemaal in die Jordaan en jy sal gesond wees.

Geen eie krygstaktiek

'n Moeiliker krygsplan sou menslik meer aanvaarbaar wees. So iets waarby die krygstaktiek en menslike wapens en krag ook te pas kom. Dit sou 'n mens kon insien. Die Meders en Perse het die onneembare stad Babel byvoorbeeld ingeneem, deur die Eufraatrivier bokant die stad op te dam en toe in die droë rivierbedding onder die stadsmuur binnegekom. Maar hierdie plan met Jerigo? Dit lyk, met eerbied gesê, belaglik! Hoe kan dit moontlik wees?

Israel glo en volhard

En tog: Josua en sy volk gehoorsaam, want hulle glo in God.

Sou daar vir Hom een ding onmoontlik wees?

Die manne moes darem ten minste hulle wapens saamneem.

Wanneer die stadsmure intuimel, moes hulle instorm en hulle werk doen met hulle swaarde en spiese. Maar die oorwinning sou aan die HERE alleen toekom. En dit moes hulle glo — blindelings glo. En elke dag, vir ses dae lank, trek hulle stil-stil om die stad. Vooraan loop die priesters met die ark. En voor die ark stap sewe priesters met ramshorings. En op die sewende dag gebeur dit! Die priesters blaas op die ramshorings en die krygsmanne hef 'n krygskreet, uit alle kele, aan.

Israel het geglo.

Hulle het volhard in die geloof.

En die HERE het Jerigo in hulle hand gegee.

Die goeie Herder loop voor

Dink ons nie dikwels te min van onse Here nie?

Verwag ons nie te weinig van ons geloof nie?

En dan sit ons in die put of vlug in doodsangs voor ons vyande — die duiwel, die wêreld en ons eie sondige harte.

Vertrou op die Here en doen wat goed is.

Laat jou weg aan die HERE oor en vertrou op Hom en Hy sal dit uitvoer.

Daartoe stel die geloof 'n mens — ook 'n volk — in staat.

Stap maar rustig agter die Here aan — u goeie Herder. Hy ken die pad — ook die berge en mure wat jou weg versper.

> Hy kan en wil en sal in nood
> — selfs as ons sidder vir die dood —
> volkome uitkoms gewe.

32. Deur die geloof het Ragab, die hoer...

> *Deur die geloof het Ragab, die hoer, nie saam met die ongehoorsames omgekom nie, omdat sy die spioene in vrede ontvang het — Hebr. 11:31*

Kan sy ook hier wees?

Ragab, die vrou met die lelike bynaam.

'n Bynaam wat ons liewer nie uitspreek nie.

Haar portret hang ook hier in die galery van die geloofshelde.

Ja, haar naam staan selfs in die geslagsregister van Jesus Christus — die Seun van God.

God is nie kieskeurig nie — sy maatstawwe is nie soos die van die mense nie. Sy weë is hoër as ons weë.

Soos sy is ons almal maar brandhoute wat uit die vuur geruk is. Wie het eers iets aan Hom gegee dat dit hom vergeld moet word?

Vir die eiegeregtigde Jode sê Jesus: Die tollenaars en hoere sal julle voorgaan in die koninkryk van God.

O vrou, groot is jou geloof

Met Ragab sluit die skrywer sy galery van geloofshelde. En wat 'n slot. Sy was geen Israeliet nie en daarby het sy sedeloos gelewe. En sy skei haar af van haar volk — terwille van die geloof in die God van Israel. Haar geloof openbaar duidelik die eienskappe wat die geloof waarlik moet besit: Die vaste vertroue op die dinge wat ons hoop; die bewys van die dinge wat ons nie sien nie — vers 1.

Haar geloof en haar werke

Die skrywer praat nie Ragab se sonde goed nie.

Die Bybel praat niemand se sonde goed nie — nooit nie.

Haar eie werke was boos — lelik — sondig.

Haar geloof het haar egter verander — vernuut.

Sy het haar geloof uit haar werke getoon:

> "En is Ragab, die hoer, nie ook netso geregverdig deur die werke toe sy die boodskappers ontvang en met 'n ander pad weggestuur het nie" — Jak. 2:25.

Sy het deur die geloof gekies — vir die God van Israel.

En haar geloof het geblyk uit haar werke — haar dade.

Sy het gedoen wat sy geglo het.

Ragab het in Jerigo gewoon. Josua se spioene het daar aangekom om die stad te verken en verslag aan Josua te bring.

Hulle is opgemerk en die polisie was op hul hakke. Hulle het by haar skuiling gesoek en gevind. En sy het hulle in die donker van die nag oor die muur van die stad neergelaat.

Sy glo in God in die hemel daarbo

Daarmee het sy haar eie lewe in die weegskaal geplaas.

Waarom het sy dit gedoen?

Sy het geglo. Luister na haar geloofsbelydenis:

> "Ek weet dat die HERE die land aan julle gegee het ... want die HERE julle God, Hy is God in die hemel daarbo en op die aarde hieronder" — Jos. 2:9, 11.

So bely die heidin — die ontugtige — haar geloof in die ware God.

Die ongehoorsames sterwe

Daarom het sy nie saam met die ongehoorsames omgekom nie.

Ook die ander inwoners van Jerigo het immers gehoor wat sy gehoor het. Die skrik van die God van Israel was ook op hulle. Ook hulle harte het gesmelt en daar het geen moed in hulle oorgebly nie. En tog het hulle ongehoorsaam gebly en nie aan die God van die hemel daarbo en die aarde hieronder die eer gegee nie.

Sonde is ongehoorsaamheid.

En ongehoorsaamheid is die vrug van ongeloof.

Die geloof laat 'n mens, daarenteen, buig voor God.

Die geloof bring jou tot oorgawe aan God.

Die geloof maak jou getrou aan Hom — ondanks alle gevare. Die geloof laat jou volhard — ondanks druk en vervolging.

Selfsugtige motief?

Het sy vir Israel gekies bloot met die hoop dat sy gered sou word, wanneer Jerigo ingeneem word? Sy het tog gevra dat die spioene moes onderneem om haar en haar dierbares te spaar wanneer hulle die stad verower?

Vanselfsprekend kon sy dit vra.

Sy het immers klaar gekies en hoort alreeds by die volk van God.

Maar dit is ook geen ongeloof of sonde om te pleit vir redding nie. Waarom sou sy dit nie doen nie?

Sy vra dit nie as verdienste op haar goeie daad nie.

Sy vra dit as gelowige — en die HERE verhoor haar gebed, omdat sy geglo het.

O Here, bewaar ons van die sonde van Ragab!

Maar, Here, gee ons die geloof van Ragab!

Gee ons die vaste vertroue. Laat ons die "Onsienlike" sien.

En laat ons dan waag en doen soos sy gedoen het.

33. Deur die geloof het Barak...

> *En wat sal ek nog meer sê? Want die tyd sal my ontbreek as ek van Gideon, Barak en Simson en Jefta, Dawid en Samuel en die profete sou verhaal — Hebr. 11:32, Rigt. 4:8*

Sy stelling is bewys

Die skrywer sluit af. Hy sou baie meer geloofshelde kon noem en geloofsgestaltes kon opdiep uit die Ou Testament, maar hy vind dit nou voldoende. Hy het genoeg voorbeelde genoem om sy stelling in vers 1 te bewys:

"Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie." Vanaf Abel, wat hom oor sy offer gebuig het en daarin homself gelowig aan die Here gee, tot by Hagar, die heidense vrou met haar lelike lewenspraktyk — wat alles waag omdat sy in die God van Israel glo — kon hulle sien wat die geloof is. Hulle kon ook verneem watter offers die geloof verg en waartoe dit in staat is — teen alle kragte op aarde in. Geen offer is te swaar en geen stryd te magtig en geen aanslae te fel — die geloof triomfeer altyd daaroor.

Voorbeelde — in die verbygaan

Daarop noem hy nog 'n paar voorbeelde waarby hy kon stilstaan, as die tyd nie ontbreek het nie. 'n Mens sou byna kon sê: Het hy dit tog maar gedoen! Die skrywer is immers die instrument in die hand van die Heilige Gees. Dan sou die Heilige Gees nog verder aan ons die vertolking van die Ou Testament kon leer.

Alles wat nodig is

Maar dit is genoeg.

> "Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkomelik bevat en dat alles wat die mens moet glo tot saligheid daarin genoegsaam geleer word" (Nederlandse Geloofsbelydenis Art. 7).

Elkeen het gedoen wat goed was in sy eie oë

Die skrywer moet ophou, maar hy neem swaar afskeid van die geliefde ou tyd. Hy sien voor sy oë die voorbeelde van mense wat geglo het net soos ons glo. En dan noem hy nog 'n paar voorbeelde — in die verbygaan. "Gideon, Barak en Simson en Jefta." Hulle was al vier rigters. Hulle het geleef in die tyd nadat Josua dood is en die volk nog geen koning gehad het nie. Dit was 'n tyd van sonde en genade. Elkeen het gedoen wat reg was in sy eie oë — soos die sogenaamde eksistensialiste in ons tyd leer. Niemand mag vir iemand anders voorskryf hoe hy moet lewe of die Here moet dien nie. Elkeen moet volgens sy eie omstandighede op die bepaalde oomblik uitmaak wat vir hom reg is — wat hom "gelukkig maak". Ons ken die gevolge van so 'n opvatting. Ons sien die verwildering van die samelewing en die hele Westerse sogenaamde Christendom. Die mense het die spoor byster geraak omdat hulle God verloor het.

'n Sondige volk — 'n genadige God

So was dit ook in die Rigtertyd. Die volk van God het nie geskroom om te vermeng met die heidene, wat tussen hulle gewoon het nie. Hulle het selfs afgode gedien. En die HERE het hulle geslaan met nasies wat hulle land vertrap en hulleself verslaaf het.

Wanneer die volk dan tot die HERE roep, was Hy weer genadig — en stuur manne soos Gideon, Barak en Simson en Jefta.

Barak — 'n power gestalte

In tydsorde tree Barak eerste van die vier op. En wat 'n power gestalte! Die vrou, die profetes Debora laat hom roep: "Trek op met tienduisend man en die HERE sal Siséra met sy strydwaens en al in jou hand gee." En Barak se antwoord is: "As u met sy saamtrek, sal ek gaan." En sy trek saam en die "held" Barak skuil agter die rokspante van Debora. En ironies genoeg word Siséra uiteindelik deur 'n ander vrou, Jael die vrou van Heber, gedood (Rigters 4). Wat 'n held was die Barak uiteindelik! Is dit nie om oor te huil nie — sulke "geloofshelde" nogal!

Barak oorwin — tog deur die geloof

En tog het Barak — met die morele steun van Debora — die geloofsdaad verrig. En hy het ondervind dat die HERE sy woord gestand doen en die magtige leër van Siséra in sy hand gee. En as die grote Paulus dan sê dat die Here vir hom gesê het: "My krag word in swakheid volbring," het Barak dit tog ook gesien. Ondanks sy swakheid, het hy geglo en gedoen en God het bewys dat sy geloof nie op wankele grond gestaan het nie. Al was sy eie geloof swak.

Barak — ons broer

En sê nou maar vir my of Barak nie naas ons staan nie! Is dit nie ook ons "geloofsgestalte" nie? Het ons nie ook dikwels — ja, ook ek — die steun van "sterkeres" nodig om in die geloof te doen wat van ons verwag word nie?

Deur die genade van God staan Barak se naam ook daar tot ons bemoediging en beskaming. Ons wat wil doen deur "krag en geweld" en vergeet dat die HERE sê: "Nie deur krag of geweld nie, maar deur my Gees." God vra nie van ons onverskrokkenheid en durf nie, maar oorgawe van stap tot stap.

34. Deur die geloof het Gideon ...

Want die tyd sal my ontbreek as ek van Gideon.... sou verhaal — Hebr. 11:32; Rigt. 6:14, 15

Gideon die swak held

Gideon! Die held van elke kind wat met sy 300 man die magtige leër van die Midianiete, wat Israel verdruk en uitgemergel het — oorweldig en geheel verslaan het. Dit kon hy alleen deur die geloof doen.

Gideon het wonderlike dinge ondervind.

Soos aan Moses by die brandende doringbos, verskyn die "Engel van die HERE" aan hom. Dit was die ongeskape "Engel" van Wie ons meermale lees, wat Hom met God self vereenselwig.

God verskyn dus aan hom. En dan gaan dit verder met hom ook soos met Moses. Ondanks wonderbare tekens, bly hy onseker — en deins hy terug vir roeping.

Die HERE bou steiers

Ag, die HERE bou as 't ware steiers rondom Gideon se ou gelofie. "Gaan in hierdie krag van jou en verlos Israel uit die hand van die Midianiete. Is dit nie Ek wat jou stuur nie? Maar hy vra Hom: Ag Here, waarmee sou ek Israel verlos? Kyk my geslag is die swakste in Manasse" — Rigt. 6:14, 15. En dan bring Gideon 'n offer, wat die Engel van die HERE met die punt van sy staf laat ontvlam en daarna verdwyn Hy. Gideon skrik: "Ag Here HERE! Ek het die Engel van die HERE gesien van aangesig tot aangesig" — Rigt. 6:22.

Moed van die wanhoop

Eindelik begin sy geloofsdade.

Hy breek, in opdrag van die HERE, die altaar van Baal en sy heilige boomstam, af. En Hy bring dan weer vir die HERE 'n offer. Die inwoners van die stad wou hom stenig — dat hy dit durf waag het om hulle "god" te vernietig. Gideon se vader, Joas, tree vir sy seun in: "As Baal 'n god is, laat hy vir homself veg."

En Gideon word van die Gees van die HERE vervul en blaas op die ramshoring en roep die volk op tot die stryd. Maar dan vra hy maar weer van die Here om sy klein geloofs-vlammetjie brandende te hou. Skaapvelletjies word op die dorsvloer uitgesprei. Hy stel selfs sy voorwaardes aan die HERE. Die eerste nag moes alleen dou op die velletjies wees — en rondom droog. Die volgende nag weer andersom. En die HERE doen dit elke keer.

Wat se moeite het die Here nie soms met ons nie! ! Ons wil maar nie gaan op die pad van die geloof nie. Dit is en bly moeilik om die "Onsienlike" te sien. En dan sien ons dikwels ook nie die "skaapvelletjies" — gewone ou dingetjies — waarmee ons geloofspad uitgeplavei is nie. Ons maak ons oë toe in ongeloof en wil nie kyk nie, omdat ons skrik vir die onbekende pad.

Geloof getoets

Gideon het tekens gevra en gekry.

Maar sy geloof is ook terdeë getoets.

32000 Manskappe het by hom aangemeld vir die stryd.

"Nee," sê die HERE. "Die manskappe by jou is te veel vir My om die Midianiete in hulle hand te gee; anders kan Israel hom teen My beroem deur te sê: My eie hand het my verlos."

En die wat bang was en bewe word huistoe gestuur.

10000 bly oor. Nog te veel, sê die HERE.

Hulle word getoets by die water. Die wat gemaklik op hulle maag gaan lê en water drink uit die stroom, gaan ook huistoe.

300 bly oor.

300 man teenoor die magtige leër van die Midianiete.

Die Here doen dit — deur Gideon se geloof

Maar die HERE het mos beloof dat hy dit sou doen. En Hy doen dit. 'n Mens kan, in ons terminologie, sê: Sonder om 'n skoot te skiet. In die nagduister verslaan die Midianiete eintlik hulleself. Wie kon in die donker onderskei tussen vriend en vyand? So doen die Here dit. So kry Gideon dit reg deur die geloof.

Hou moed klein kuddetjie! Hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.

Hierdie geslag vra na tekens en roep om getalle — hoe meer hoe beter. En hulle bou hulle torings van Babel deur volkere- en kerklike organisasies — wat almal moet insluit. Dit gaan om alle nasies en tale en volke en rasse en gelowe. Almal — miljoene der miljoene.

En wat kan ons tog vermag? 'n Klein oorblyfsel? 'n Gideons-bende? Glo soos Gideon — swak en tog sterk — en doen dit wat jy in jou klein kring moet doen. So doen die Here dit.

En die Midianiete vernietig hulleself in hul verwarring in die nagdonker. GOD REGEER!

35. Deur die geloof het Simson...

Want die tyd sal my ontbreek as ek.... van Simson.... sou verhaal — Hebr. 11:32; Rigt. 15:16, 18

Die sterk swak man

Dat die skrywer Simson maar net noem, is tog vir ons genoeg om aandag aan hom te gee.

Simson is die sterk swak man.

Hy was 'n Nasireër van God van sy geboorte af. Ja, sy geboorte self is deur die "Engel van die HERE" aangekondig. Die Engel het selfs noukeurig gesê hoe hy opgevoed moes word. Met lyf en siel behoort hy, sy lewe lank, aan die HERE. Hy is volkome aan die HERE gewy.

En hy was geseën met groot liggaamskrag.

Maar Hy was tog so angswekkend swak — na die innerlike mens. En uiteindelik sterf hy, as gevolg van sy eie swakheid, 'n smadelike dood as blinde slaaf van die Filistyne.

Simson die sterke

Simson die sterke — die held van God en sy volk. Wat kon hy nie alles vermag nie! Hy skeur 'n leeu se bek oop met sy kaal hande. Hy slaan 'n mag van Filistyne lamlendig. Met 'n esels-kabebeen, verslaan hy duisend man. Hy is met nuwe sterk toue vasgebind, maar breek dit soos garingdrade. Hy is binne die stadsmure van Gasa opgesluit, maar die volgende oggend vind die Filistyne die swaar deure van hulle stadspoort daar naby op 'n randjie — en Simson is weg. En selfs in die aangesig van sy eie dood ruk hy die pilare van die tempel van Dagon omver en duisende Filistyne sterf saam met hom.

Simson by Etam in die steek gelaat deur sy eie mense

Wat het Simson deur die geloof vermag?

Wat kon hy doen — deur sy krag en sy swakheid?

Ons neem een voorbeeld. Of die skrywer aan die voorbeeld gedink het, weet ons nie. Maar ons kyk maar daarna, want dit staan tog ook in die Woord van God.

Dit was by die rotskloof van Etam, waar die Filistyne hom kom soek het. Omdat die Filistyne vir hom bang was, wou hulle hom nie self daar gaan uithaal nie. Omdat die manne van Juda vir die Filistyne bang was, pleit hulle by Simson om homself oor te gee. Hy doen dit met die voorbehoud dat hulleself nie op hom sou aanval nie. Hy wou die verraaiers — sy eie mense — geen leed aandoen nie. En hulle beloof dit graag — die Filistyne kan hulle nie verwyt nie en dan spring hulle die dreiging van Simson se eie sterk hande ook nog vry.

Die HERE laat hom nie in die steek nie

Simson word gebind en uitgelewer aan sy en sy volk se vyande.

"Toe hy tot by Legi kom, juig die Filistyne hom tegemoet!"

Hulle het hom — en hy is stewig vasgebind deur sy broers.

"Maar die Gees van die HERE het oor hom vaardig geword, en die toue wat om sy arms was het geword soos linnedrade wat in die vuur brand, en sy bande het versmelt van sy hande af."

Lees gerus maar tussen die lyne. En u sal merk dat nie Simson se krag nie, maar die krag van die Gees van die HERE hier beskryf word.

Dan gebeur dinge vinnig. Daar lê 'n vars eselskakebeen. Simson gryp dit en storm op die gewapende Filistyne af. En binne 'n ommesien lê daar duisend dooie Filistyne. Die ander vlug paniekbevange.

Sy eie lied op Kakebeenshoogte

Dan sing Simson sy oorwinningslied.

"Met 'n eselskakebeen het ek een klomp, twee klompe, met 'n eselskakebeen het ek — duisend man verslaan."

EK — DIE STERKE SIMSON — het dit gedoen! En hy noem die plek "Kakebeenshoogte".

Simson se lied— deur die geloof

Maar die HERE laat Hom sy eer nie ontneem nie. Daarop kry hy baie dors en roep die HERE aan. En dan is 'n "ander" Simson aan die woord. Luister mooi — en pas dit op uself toe — in u eie oorwinningsroes.

"U het deur die hand van u kneg, hierdie groot verlossing gegee, en moet ek nou van dors sterwe en in die hand van die onbesnedenes val? Toe kloof God die holte wat by Legi is en daar kom water uit. Daarom noem hulle dit Roepersfontein."

Die "ou mens" en die "nuwe mens"

Simson het op sy Kakebeenshoogte gestaan en gesing van homself: "Ek, die sterke, Simson!" God het hom daar afgeruk en hom gebring by "Roepersfontein", waar sy lied was: "U het dit gedoen — en nie ek nie."

Herken u uself in Simson. In u geloofskrag en in u menslike krag, wat in werklikheid u swakheid is. Paulus praat van die "ou mens" wat moet sterwe en die "nuwe mens" wat moet opstaan. Altwee leef en spook in ons, soos in Simson. Ons allerbeste geloofshoogtepunte is by "Roepersfontein". "As ek swak is, dan is ek sterk," sê Paulus.

Ondanks sy swakheid, was hierdie Simson tog 'n "geloofsheld".

36. Deur die geloof het Jefta...

Want die tyd sal my ontbreek as ek.... van Jefta... sal verhaal " - Hebr. 11:32; Rigt. 11:30, 31

Onbesonne belofte

Jefta, die geloofsheld met sy onbesonne belofte.

Dit is die samevatting van Jefta se geloof.

Hy moes soos Abraham, sy kind wat hy liefhet, vir die HERE offer. Nie omdat die HERE dit van hom geëis het nie, maar omdat hy in sy soeke na geloofskrag, 'n vrywillige belofte afgelê het.

"Wees nie haastig met jou mond nie, en laat jou hart nie gou 'n woord uitbring voor die aangesig van God nie; want God is in die hemel en jy op die aarde. As jy 'n gelofte aan God gedoen het, stel nie uit om dit te betaal nie, want daar is geen welgevalle in dwase nie. Betaal wat jy belowe" — Pred. 5:1, 3.

Jefta was te haastig met sy mond.

Sy hart het gou 'n woord uitgebring voor die aangesig van God — en hy het duur betaal — te duur vir die hart van 'n vader wat sy dogter liefhet.

Jefta die geloofsheld

Jefta was 'n "buite-egtelike kind". Daarom het sy broers hom weggejaag. 'n Tyd daarna val die Ammoniete sy volk aan. Toe kom die oudstes van Gilead — die stad waar sy vader en broers gewoon het — om hom te smeek om hulle aanvoerder in die oorlog te word. Jefta stel sy voorwaardes — dat hy hulle hoof moes word — en hulle stem toe. Ag, Jefta was nie 'n man van oorlog nie. Hy probeer die Moabiete — nageslag van Lot, die neef van Abraham — oorreed om terug te trek.

Israel het Ammon immers ook nie aangeval toe hulle op weg deur die woestyn na Kanaan was nie. Ammon wou egter nie luister nie.

Wees nie haastig met jou mond nie

"Toe het die Gees van die HERE op Jefta gekom en hy.... het deurgetrek na die kinders van Ammon. En Jefta het aan die HERE 'n gelofte gedoen en gesê: As U werklik die kinders van Ammon in my hand gee, dan sal wat uitkom, wat uit die deur van my huis uitkom my tegemoet, as ek in vrede terugkom van die kinders van Ammon, aan die HERE behoort, en ek sal dit as 'n brandoffer bring" — Rigt. 11:30, 31. En Jefta trek welgemoed weg. Die HERE gaan met hom mee. Die slag word gelewer en die Ammoniete verslaan.

Oorwinnaar verslaan homself

Bly en dankbaar reis hy terug na sy huis. Sy dogter is die eerste wat hom gewaar. Sy bars by die deur uit en gaan haar pa met blydskap tegemoet. Dansend en singend kom sy.

Ag... Ag... Hy skeur sy klere as teken van droefheid en rou. "Ag, my dogter, jy druk my heeltemal neer, en jy stort my in die ongeluk!

Want ek het my mond geopen teenoor die HERE .... en ek kan nie terugtrek nie" — Rigt. 11: 34, 35. Jefta se oorwinning word vir hom die neerlaag van sy lewe. Deur die geloof het hy — soos 'n ware Israeliet — sy vyande oorwin. God het hom die oorwinning gegee. Hy sou die oorwinning net so goed behaal het, indien hy vooraf geen belofte afgelê het nie. Ag, hy kon

ook soveel ander dinge beloof het. Maar juis dit? Nee, dit is te swaar vir die hart van 'n vader wat liefhet! En hy weet: Dit is beter om nie te belowe nie, as om te belowe en die gelofte nie te betaal nie. Vandaar die noodkreet uit sy siel: "Ek kan nie terugtrek nie!" 0 God, hoe swaar tog!

En sy dogter? Sou sy minder wees as vader Isak, wat as seun saam met Abraham gestap het na Moria en toegelaat het dat sy vader hom op die hout van die altaar vasbind en die mes uithaal om hom te slag? Nee, sy was 'n gelowige kind. "My vader, as u u mond geopen het teenoor die HERE, maak met my soos uit u mond uitgegaan het."

Beloftes aan die Here

Glo u? Groot is u verantwoordelikhede dan!

Belowe u aan die Here? Betaal u beloftes, want dit is beter om nie te belowe nie as om te belowe en nie te betaal nie.

Beloftes word so maklik lig geskat.

U doop u kind — en belowe — en vergeet dit — miskien.

U lê belydenis van geloof af — en belowe — en dan?

U tree in die huwelik — en belowe — en werk nie om die beloftes gestand te doen nie?

U doen 'n belofte op versoek van die kerkraad — soveel per maand — of só 'n gedeelte van my inkomste — en die kerkraad moet agter u aanloop om iets daarvan te kry.

Is dit 'n wonder dat ons nie kan offer soos ons beloof het, indien die Here onsself opeis nie?

Jefta — en sy dogter — het dit in die geloof gedoen.

En ons?

37. Deur die geloof het Samuel...

Want die tyd sal my ontbreek as ek ... van Samuel ... verhaal — Hebr. 11:32; 1 Sam. 2:26

Samuel die profeet

Samuel is die laaste persoon wat by name genoem word in ons hoofstuk. Ook maar net genoem en niks meer nie. Hy word na Dawid genoem, hoewel hy veel ouer as Dawid was. Dawid was egter 'n koning — of regeerder — en word daarom na die rigters genoem. Samuel, hoewel hy ook 'n rigter was, was egter in besonder 'n profeet van die Here. Daarom pas hy meer by die profete, wat direk na sy naam genoem word.

Van die HERE gebid

Samuel was die seun van Hanna — vrou van Elkana. Hanna se ongeluk en vernedering — by al haar geluk saam met die man wat haar liefhet — was haar kinderloosheid. Ey sy het gebid om 'n kindjie en sy het selfs aan die HERE 'n gelofte gedoen: "As U waarlik my ellende aansien en aan my 'n manlike kind skenk, dan sal ek hom aan die HERE gee al die dae van sy lewe" — 1 Sam. 1: 11.

Daarom het Hanna haar seuntjie Samuel genoem, want "ek het hom van die HERE gebid".

Spreek HERE — u kneg hoor

"En die seun Samuel het toegeneem in grootte en in guns by die HERE sowel as by die mense" — 1 Sam. 2:26. Eindelik tree dan die vreemde en heerlike in die jong Samuel se lewe. Die HERE roep hom tot profeet. En verder — tot in sy ouderdom — was dit sy leidster: "Spreek, HERE, want u kneg hoor." Dit is sy "geloofsgestalte".

Verdriet

Geloofsverdriet en profetiese smarte het Samuel geken.

Dit het begin by die huis van Eli — die hoëpriester.

Eli die sagte vader wat nie kon tug nie.

Eli se seuns wat onheilig met die heilige dinge omgespring het. Eindelik hulle al drie se ondergang en die ark van die HERE weggevoer deur die Filistyne.

Sy verdriet oor sy eie kinders en dat die volk daarom 'n koning, soos die heidense nasies, begeer het.

Sy smarte oor Saul se ongehoorsaamheid en uiteindelike verwerping deur die HERE. Ja, gehoorsaamheid is beter as offerande, Saul!

Die offermaal in Bethlehem

Dit lyk vir my asof ons 'n hoogtepunt van Samuel as geloofsgestalte sien toe hy in Betlehem, in die huis van Isaï 'n offermaaltyd moes hou. Daar moes hy iemand salf as koning in die plek van Saul.

"Daarna sê die HERE aan Samuel: Hoe lank sal jy treur oor Saul, terwyl Ek hom verwerp het om koning te wees. Vul jou horing met olie en gaan heen: Ek stuur jou na Isaï, die Bethlehemiet, want Ek het onder sy seuns vir my 'n koning uitgesoek — 1 Sam. 16:1. Die Here soek sy geroepenes uit. En Hy salf hulle met sy Gees om hulle roeping te vervul.

In Bethlehem aangekom reël hy 'n offermaaltyd in die huis van Isaï. En die seuns van Isaï

kom dan een-vir-een die vertrek binne.

Eliab, die oudste staan voor Samuel.

"Gewis hier staan voor die HERE sy gesalfde," dink Samuel.

Maar die HERE sê vir hom: "Kyk nie na sy voorkoms en sy hoë gestalte nie, want Ek ag hom gering. Want nie wat die mens sien, sien God nie; want die mens sien aan wat voor oë is, maar die HERE sien die hart aan" — 1 Sam. 16:7.

Op Eliab volg nog ses broers; maar telkens is Samuel se uitspraak: "Nie hierdie een nie." Die HERE het hulle nie uitgekies nie.

Eindelik: "Is dit al die seuns?" vra Samuel.

"Die kleinste is nog oor — hy pas skape op." "Stuur en laat hom haal, want ons mag nie om die tafel gaan sit voordat hy hier kom nie." Eindelik kom die seun binne, rooierig met mooi oë (merkwaardig) en 'n mooi gestalte. "Staan op, salf hom, want dit is hy," is die opdrag van die HERE. "En die Gees van die HERE het van die dag af en verder oor Dawid vaardig geword."

'n Profeet loop sy pad af

So het die ou profeet Samuel vir Dawid, die man na Gods hart, ontmoet en tot koning gesalf. Die salfolie het uit die horing van Samuel oor die seun Dawid gevloei. En die Gees van die HERE het oor hom vaardig geword. Hy was die gesalfde van die HERE. Tipe of voorbeeld van die "Gesalfde" wat sou kom — gebore uit die geslag van Dawid, en wat vir ewig sal sit op die troon van sy vader Dawid. Dit is Samuel se vreugde en voorreg. Hy het die "Onsienlike" gesien.

Gelukkige Samuel wat deur die geloof vir Dawid kon salf as koning en in vrede sy verdere lewenspaadjie afloop. Hy was gehoorsaam aan sy Sender wat die hart aansien.

Samuel se gestalte staan daar as 'n reus onder sy mense — 'n geestelike reus. Hy het reguit geloop. Na Moses was hy die eerste groot profeet in Israel. Wat was Hanna se gebed om 'n seuntjie vrugbaar! Gee ons moeders wat so bid en sulke geloftes aan die Here doen.

38. Deur die geloof het Dawid .... (1)

Want die tyd sal my ontbreek as ek.... van Dawid ... verhaal — Hebr. 11:32; 2 Sam. 12: 7, 13

Die ryk man en die arm man

Ons skrywer kon nie nalaat om David te noem nie, hoewel hy nie verder oor hom skrywe nie. Dit sou wél daarop neerkom dat hy by Dawid minstens solank as by Abraham en Moses sou moes stilstaan. Ek sou met Dawid alleen 'n boek kon vul, maar ek het besluit om net by enkele dinge stil te staan waarin sy "geloofsgestalte" baie duidelik na vore kom. Eerstens dan 2 Sam. 12.

Natan, 'n profeet van die Here, staan voor koning Dawid.

Hy vertel aan hom 'n verhaal — 'n ware verhaal.

En tog is dit ook 'n gelykenis.

Hy vertel dit in ander woorde as wat die werklikheid was.

Daar woon 'n ryk man — êrens in Dawid se koninkryk.

Hy het baie beeste en kleinvee. Sy buurman is brandarm.

Hy het maar een ooilam, waarvoor hy baie lief was.

Die ryk man ontvang besoekers en wil hulle trakteer. Hy slag nie een van sy baie skape nie, maar laat haal die ooilam van die arm man en slag die.

U is die man

Onmiddellik is Dawid die "regverdige regter". Vreeslik dat so iets in my koninkryk plaasvind! Wie is die man? Hy moet sterwe — so 'n groot kwaad moet uit Israel uitgeroei word! Koning Dawid sal daarvoor sorg!

"Toe sê Natan vir Dawid: U is die man! So sê die HERE: Ek het jou as koning gesalf oor Israel, en Ek het jou gered uit die hand van Saul en ek het die huis van jou heer aan jou gegee, en die vroue van jou heer in jou skoot, en Ek het die huis van Israel en Juda aan jou gegee; en as dit te min was, sou Ek aan jou nog meer sulke dinge daarby wil voeg. Waarom het jy die woord van die HERE verag deur te doen wat verkeerd is in sy oë? Uria, die Hetiet, het jy met die swaard verslaan, en sy vrou het jy vir jou as vrou geneem" — 2 Sam. 12.

Natan, die profeet, slaan in die Naam van sy Sender, spykers met koppe. Dawid, die Oosterse potentaat, weet wat Natan van hom dink. Hoe maklik sou dit wees om hierdie profeet stil te maak. Net 'n wenk met Dawid se hand en daar lê sy kop — afgekap.

Ek het gesondig teen die HERE

Maar Dawid glo in die HERE.

Hy word genoem: die man na God's hart.

Hy was die vader — by uitnemendheid, van die Messias.

Eeue later hoor ons hoe die blindes en melaatses roep: "Jesus,

Seun van Dawid, wees ons barmhartig!"

En nou staan Dawid hier voor Natan met 'n vinger wat na hom wys?

Nou sien hy nie vir Natan nie en hy vererg hom nie.

Hy sien die vinger van sy HERE op hom gerig en.... hy vloek nie.

Hy buig — diep en beskaamd:

"Ek het gesondig teen die HERE."

Die kort sinnetjie is gelaai met droefheid, berou — en geloof!

Ja, geloof — veral.

Met die kort sinnetjie werp hy homself gelowig in die arms van God.

Dit is mos wat dit beteken om te glo.

Die HERE het u sonde vergewe

"Jou geloof het jou gered. Gaan in vrede" hoor ons uit die mond van Jesus — die nasaat van Dawid. En nou sê dieselfde Middelaar dit by monde van sy kneg Natan: "So het die HERE dan ook u sonde vergewe: u sal nie sterf nie." Dawid het immers klaar as regter die doodvonnis uitgespreek oor die ryk man. En daarmee oor homself. Natan het immers pas, in die Naam van die HERE, sy rykdomme opgenoem. En het hy nie die arm man — Uria — vermoor en sy enigste ooilam, Batseba, vir homself gevat nie?

Dawid sing — deur die geloof

Deur die geloof het Dawid sy sonde bely.

Deur die geloof is hy gered van die dood — die straf wat hy oor homself uitgespreek het.

Daarom kon Dawid — deur die geloof — sing — van sonde en genade.

"Wees my genadig, o God, na u goedertierenheid — delg my oortredinge uit na die grootheid van u barmhartigheid — reinig my van my sonde — skep vir my 'n rein hart" — Ps. 51.

En ons — arme sondaars? Ons buig saam met Dawid en bid saam met hom en sing saam met hom. Hy het, soos ons, geval voor die versoekinge. Hy het, soos ons, die aanklag gehoor uit die mond van God. En hy het ook, soos ons, vryspraak ontvang. Skuldig ja — maar jou sondes is vergewe. Loof die HERE, o my siel!

39. Deur die geloof het Dawid... (2)

> *Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete — Hebr. 11:32; Ps. 110:1*

Dawid se Seun is sy Here

Ons kan eintlik nie van Dawid afskeid neem sonder om hierdie kort Psalm in oënskou te neem nie.

Hier sing Dawid — in die geloof.

Maar hier sien hy ook — die "Onsienlike".

Jesus vra vir die Jode:

> "Hoe is dit dan dat Dawid Hom (die Christus) in die Gees Here noem as hy sê: Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete. As Dawid Hom dan Here noem, hoe is Hy sy seun?" — Matt. 22:43-45.

Dawid sing van 'n Koning

Hier ontvang Dawid 'n plegtige, regstreekse openbaring van God. Hy noem sy seun — die Messias — "Here" in die Gees. Die Heilige Gees spreek deur hom hierdie wonderlike profesie uit.

En dan sing Dawid van 'n Koning.

Maar Hy is meer as 'n Koning — Hy is sy Here.

En Hy word verhoog — aan die regterhand van God.

En vandaar regeer Hy oor almal — ook sy vyande.

Ja, sy vyande word die voetbank van sy voete.

En dan gaan die goue draad voort deur die Heilige Skrif.

> "Kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom. En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en tale en nasies het Hom vereer" — Dan. 7:13, 14.

Die Seun van Dawid self aan die woord

Eindelik neem Jesus, die Seun van Dawid, self die woord oor: "En u almal sal die Seun van die mens aan die regterhand van die krag van God sien sit en kom met die wolke van die hemel" — Mark. 14:62. Dit sê Hy by sy verhoor deur die Joodse Raad. Daarop roep die hoëpriester uit: "Julle het sy godslastering gehoor. En hulle het almal Hom veroordeel dat Hy die dood skuldig was" — Mark. 14:64. En terwille van hierdie woorde van Hom sterf Jesus, die Seun van Dawid, aan die kruis.

En Hy het gesterwe en is begrawe. Maar meer nog. Hy het ook opgestaan en Hy het opgevaar na die hemel en sit aan die regterhand van God. Hy regeer oor alle nasies en eenmaal kom sy volle heerlikheid, wanneer Hy kom op die wolke van die hemel.

Priester-Koning

Maar Hy is nie alleen die Koning van die konings en die Here van die here nie. Hy is

Priester-Koning. So sing Dawid van Hom in Psalm 110.

> "Die Here het gesweer, en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek."

Hy kon nie priester wees volgens die orde van Aaron nie. Hy was immers die Seun van Dawid uit die stam van Juda en nie die seun van Aaron uit die stam van Levi — die priester-stam — nie.

Sy priesterorde is die orde van Melgisédek.

Abraham het aan hom tiendes gebring — die priester-koning van Salem — Gen. 14:18—20.

En Melgisédek het Abraham geseën.

Soos Melgisédek hoef die Seun van Dawid ook nie sy vader en moeder of geslagsregister na vore te haal, om te toon dat Hy aan die priester-orde van Israel behoort nie. Soos Melgisédek het sy begin van dae of lewenseinde niks te sê oor sy priesterskap nie.

Soos Melgisédek was Hy priester volgens die orde van God — en God alleen — Hebr. 7:1-6.

Hy offer as Priester

Die Seun van Dawid — die Koning van die Jode — sterf op Golgota. Mense kruisig Hom. En tog is Hy self aktief werksaam. Hy offer Homself. Hy die priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek bring sy soenoffer. "Hy is terwille van ons oortredinge deurboor, terwille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom" — Jes. 53:5.

Maar meer nog: Hy het ook opgestaan.

Hy het ook opgevaar na die hemel.

Hy tree ook vir ons in — as ons enigste Hoëpriester.

Hy dra ons op sy hart en Hy bid vir ons. Soos Aaron van ouds.

Kom buig in aanbidding voor ons Priester-koning — die Seun van Dawid en die Here van Dawid. Roep Hom aan as u Here en u God. Hy is God, lofwaardig, tot in ewigheid. Amen. (Vergelyk Joh. 20:28; Rom. 9:5; Matt. 28:9, 17).

Die Seun van Dawid is ook die Here van Dawid. Die Seun van Dawid is ook Dawid se Verlosser.

40. Deur die geloof het die profeet Jesaja ....

Hier is ek, stuur my— Hebr. 11:32, Jes. 6:8

" .... die profete ...."

Ek gaan maar voort om op die voetspoor van die skrywer in Hebreërs 11 te skryf oor die geloof en die geloofsgestaltes uit die ou tyd. Ek gebruik Hebreërs 11: 32 as "kapstokteks".

Daar verwys die skrywer tog ook na die profete — met 'n enkele woord — as "geloofshelde". Om aan die hand van die "geloofslyn" so deur die Heilige Skrif te blaai, het my 'n bietjie aangegryp en ek wil dit graag deurtrek. Die profete word nou eenmaal ook in Hebreërs 11:32 genoem.

Jesaja en sy tyd

Jesaja, die adelaar onder profete, het in die koninkryk van Juda opgetree in die tyd van die volgende konings: Ussia, Jotam, Agas en Hiskia. In die sterfjaar van Ussia verskyn die HERE aan hom — in 'n visioen. Ussia was 'n godvresende koning wat gedoen het wat reg was in die oë van die HERE — 2 Kron. 26. Toe hy sterk en magtig was, het hy egter hoogmoedig geword en vir homself ook die priesterskap opgeëis.

Toe slaan die HERE hom met melaatsheid. So was dit gesteld met die koning tydens Jesaja se roepingsvisioen. Hy was "onrein".

Jesaja en die HERE

In die sterfjaar van Ussia sien Jesaja die HERE.

Hy sit op 'n hoë en verhewe troon.

Engele roep Hom toe:

"Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskare!"

Die drumpelposte van die tempel bewe en die hele plek word donker van rook.

En Jesaja kyk toe en hy skreeu in sy angs: "Wee my, ek is verlore! Ek is onrein van lippe — my volk is onrein van lippe" (ook sy koning is onrein en 'n uitgeworpene naby sy smadelike dood). "Wee my, my oë het die Koning, die HERE van die leërskare gesien" — Jes. 6.

Jesaja se lippe geheilig

'n Engel vlieg na Jesaja. Hy het met 'n tang 'n gloeiende kool van die altaar geneem en raak daarmee Jesaja se mond aan. "Kyk, dit het jou lippe aangeraak, en jou skuld is weg en jou sonde versoen." Jesaja se mond moes gereinig word en sy hart moes geheilig word. Waarom? Daar hoor hy dit al: "Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan?"

Deur die geloof antwoord Jesaja

Dawid is gesalf as koning — en so het die HERE hom toegerus vir sy taak. Die Gees het oor hom vaardig geword.

Jesaja se lippe word aangeraak — hy moes met sy mond sy werk doen. Hy moes 'n stem hê om te roep: "So sê die Here, HERE!"

Vanselfsprekend beteken 'n gereinigde mond dat ook sy hart gereinig moes word. Daarom hoor hy nadruklik: "Jou skuld is weg en jou sonde versoen."

So is Jesaja toegerus vir sy taak en hy kon antwoord: "Hier is ek, stuur my!"

Wat weet Jesaja

Weet Jesaja wat dit vir hom sou inhou? Weet hy van die eensaamheid wat wag? Weet hy dat hy teen 'n hardhorende volk sou staan? Weet hy van die oordele wat hy sou moes aankondig? Nee — heel waarskynlik besef hy nie alles wat sy roeping inhou nie. Maar hy weet een ding! God het hom geroep. God het sy lippe geheilig. En God sou hom nie in die steek laat nie. Hy kon alles verloor, maar God sou hy nooit kwyt raak nie. Dit is die inhoud van sy geloof. En dan antwoord hy deur die geloof: "Hier is ek, stuur my!"

Die volk wat hoor — en nie wil hoor nie

En dan volg die opdrag:

"Gaan sê aan hierdie volk: Hoor altyddeur, maar verstaan nie, en sien altyddeur, maar bemerk nie .... sodat hulle met hul ore nie hoor en hul hart nie verstaan, en hulle hul nie bekeer en gesond word nie." Verskriklik! Ag, my volk — my dierbare volk! En Jesaja stamel: "Hoe lank, Here?"

God se verbondswraak

"Totdat die stede verwoes lê — sonder inwoners —

en die huise sonder mense —

en die land verwoes is tot 'n wildernis."

"Troosteloos! En hy is 'n verkondiger van die blye boodskap!" Hoe rym dit dan? Is God dan nie ook barmhartig nie? Ja, Hy is wel barmhartig, maar Hy is ook regverdig. Vreeslik is sy verbondswraak oor sy eie dierbare volk! Hy laat die sondes nie ongestraf nie. Hy straf dit eerder aan sy eie eniggebore Seun. Daarom kon Jesaja tog ook roep: "Troos, troos my volk, sê julle God" — Jes. 40:1.

Bid vir u profete! Bid vir hulle wat die Evangelie in heilige erns, met geheiligde lippe, moet verkondig! En bekeer jou volgens die Evangelie — waarvolgens God sal oordeel — eenmaal — Hy kom!

41. Deur die geloof het Jeremia ....

> *Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het.... het Ek jou geheilig; Ek het jou tot 'n profeet vir die nasies gemaak — Hebr. 11:32; Jer. 1:5*

Jeremia is die wenende profeet

Sy eerste reaksie, toe die HERE hom roep tot profeet, was:

"Ag, Here HERE, ek kan nie. . ."

Ja, hy kon nie en hy wou nie.

Hy wou nie die oordele van die HERE oor sy volk aankondig nie.

> "En as ek sê: Ek sal aan Hom nie dink nie en in sy Naam nie meer spreek nie, dan word dit in my hart soos 'n brandende vuur, opgesluit in my gebeente. Ek het my moeg gemaak om uit te hou, maar kon nie" — Jer. 29:9.

Hy wou nie — dit was vir hom te swaar om uit te skreeu "Geweld en verdrukking!"

Hy mag nie vir sy eie volk bid nie

Jeremia het sy eie volk liefgehad. Ook die liefde was soos 'n brandende vuur in sy binneste. Maar sy volk het dit nie so verstaan nie. Hulle het hom gehaat en wou hom selfs doodmaak, omdat hy onheil verkondig. Hy breek die moraal van die volk in die krisistyd af, sê sy vyande.

Ag, en hy het vir hulle gebid — sy dierbare volk!

Maar die HERE het vir hom gesê:

> "Bid nie vir hierdie volk ten goede nie. As hulle vas, luister Ek nie na hulle gesmeek nie; en as hulle brandoffer en spysoffer bring, het Ek in hulle geen behae nie; maar deur die swaard en die pes en die hongersnood maak Ek hulle tot niet" — Jer. 14:22.

'n Volk vasgevang in hulle eie godsdienstigheid

Wenend het hy oor die akker gegaan —

Met trane het hy die saad uitgestrooi —

Maar sy volk se harte was soos die aarde, droog en hard gebak deur die son — verhard in die afgodediens en die onbekeerlikheid van hoerery en onsedelikheid en liefdeloosheid.

Waarom wou sy volk na Jeremia nie luister nie?

Omdat hulle baie godsdienstig was — in hul eie oë.

Luister na hulle wanneer hulle optrek na die tempel van die HERE om hulle feeste te vier en hulle offers te bring. Dit is asof ons Dawid hoor juig in Psalm 122:

> "Die HERE se tempel! Die HERE se tempel! Die HERE se tempel is dit!" — Jer. 7:4.

Hulle het vertrou op die tempel en hulle offers en hulle tiendes. Maar hulle het hulle weë en handelinge nie goed gemaak nie. Hulle het nie reg onder mekaar gedoen nie. Hulle het vreemdeling, weduwee en wees verdruk. Hulle het onskuldige bloed in hierdie plek vergiet. Hulle het agter ander gode aangeloop tot hulle eie skade.

'n Godsdiens — ruim en uitwendig

Hulle het God en Mammon tegelyk probeer dien.

Hulle het vasgehou aan die uitwendige diens, maar hulle harte was nie daarby nie.

'n Profeet twis met die HERE

En Jeremia moes dit vir hulle sê. Maar hulle kon hom nie begryp nie en wou hom nie verstaan nie. Daarom het hulle hom gehaat — en vervolg. Daaroor het Jeremia by die HERE gekla:

"Regverdig is U, o HERE, as ek met U sou twis! Waarom is die weg van die goddelose voorspoedig? U is naby in hulle mond, maar ver van hulle niere" — Jer. 12:1, 2. Hulle sê selfs van my, Jeremia: "Hy sal ons einde nie sien nie." Hulle sal daarvoor sorg dat hy voor die tyd dood is.

Deur die geloof het Jeremia tog gedoen

En die HERE se antwoord op Jeremia se klag?

"As jy met voetgangers loop, maak hulle jou moeg — hoe sal jy dan wedywer met die perde?"

Jy loop nou nog maar gemaklik saam met voetgangers. Die tye sal egter baie moeiliker word. Jy sal met perde moet saamdraf. Hoe sal jy dit kan doen — indien jy nou al moeg word?

Dit is God se barmhartige hardheid oor sy geroepene — sy profeet. Sy voorreg is om profeet te kan wees — van die hoë God. Al die ander dinge verdwyn dan in die niet. Wees daaroor bly dat jy ondanks verdrukking en vervolging en frustrasie nog kan sê: "So sê die Here HERE!"

En deur die geloof het Jeremia dit gedoen, wat God van hom verwag het. Hy het dit al wenend gedoen tot die bitter einde toe. Hy het selfs belewe hoe die HERE sy profetiese woorde waar maak. Jerusalem lê in puin — die tempel is verwoes en geplunder — die volk weggevoer in ballingskap.

En Jeremia sing met weemoed sy klaagsange in die "Klaagliedere van Jeremia". Deur die geloof kon Jeremia dit alles doen — ondanks homself.

42. Deur die geloof het Esegiël...

Mensekind eet op wat jy vind; eet hierdie rol op, en gaan spreek met die huis van Israel. Toe het ek my mond oopgemaak, en Hy het my die rol laat eet — Eseg. 3:1, 2; Hebr. 11:32

Jode in ballingskap

Esegiël het onder die Joodse ballinge in Babel opgetree as profeet van die HERE. Hy was onder die voorhoede van die ballinge. Hy was onder die ballinge wat weggevoer is deur Nebukadneser, saam met koning Jojakim — 2 Kron. 36:5-7. By die grasie van Nebukadneser het sy seun Jojagin in sy plek koning geword. Jerusalem en die tempel van die HERE is wel beroof, maar het nog bestaan. En die volk het nog maar geroep: "Die HERE se tempel is dit!" Selfs die ballinge, aan die oewers van die Kebarrivier in Babel, het nog vas geglo dat die stad en tempel nooit verwoes sou word nie. Die HERE sou dit nie toelaat nie.

Valse gerustheid

En dit was nou allereers Esegiël se taak as profeet. Hy moes die Jode in Babel uit hierdie valse gerustheid wakker skud. Vanselfsprekend het hulle hom nie geglo nie — 'n onheilsprofeet of boetprediker word normaalweg nie geglo nie.

Roepingsvisioen

Soos Jesaja word ook Esegiël in 'n visioen geroep. Hy sien 'n wonderlike verskyning. Dit word beskryf in hoofstuk 1. Vier onbeskryflike wesens op 'n vreemde voertuig met draaiende wiele, waarvan die vellings vol oë is. Die wesens en die wiele is in voortdurende beweging — verwarrend en tog ordelik. En dan sien hy bokant die wesens en bokant die uitspansel 'n blinkende Gestalte op 'n saffiertroon sit — omspan deur iets soos 'n geweldige reënboog.

Esegiël besef: "So het die verskyning van die heerlikheid van die HERE gelyk. En toe ek dit sien het ek op my aangesig geval en die stem gehoor van Een wat met my spreek."

Ek stuur jou

"Mensekind, Ek stuur jou na die kinders van Israel, na die opstandige nasies wat teen My opgestaan het.... hulle is hard van aangesig en verstok van hart. Ek stuur jou na hulle, en jy moet vir hulle sê: ‚So spreek die Here HERE !'

Maar of hulle nou al luister of nie — hulle sal moet erken dat daar 'n profeet in hulle midde gewees het — Eseg. 2:3-5.

Verkondig my Woord

"Toe kyk ek, en daar was 'n hand na my toe uitgesteek, en daarin 'n boekrol! En Hy het dit voor my uitgesprei; en dit was beskrywe op die voor- en agterkant, en daarop was geskrywe klaagliedere en gesug en wee" — Eseg. 2:9, 10.

Dit is Esegiël se opdrag:

Gaan verkondig die Woord — hou aan tydig en ontydig.

Verkondig klaagliedere en gesug en wee — want hulle is hard van aangesig en verstok van hart.

Ja, so sê die Here HERE !

Eet die Bybel

En dan kry Esegiël 'n onontwykbare opdrag: "Eet hierdie boekrol op." Dit moet 'n deel van jou word. Dit moet in jou bloedstroom opgeneem word. Jy moet met die boekrol vereenselwig wees. Wat daarin staan moet jou eie wees. En jy moet dit so vanselfsprekend uitroep asof die geskrewe letters self uit jou binneste roep. Jy moet niks wees nie en die boekrol alles. Hy moet jou laat leef, soos die brood wat jy eet. Hy moet jou laat praat — die woorde wat Ek daarin gelê het. Dit is om van te skrik! Om weg te vlug! Dit is te veel verwag van vlees en bloed!

Esegiël eet deur die geloof

En tog.... deur die geloof maak Esegiël sy mond oop. En God laat hom die rol opeet. En vreemd! Ondanks die klaagliedere en gesug en wee — wat Esegiël insluk — is dit in sy mond soet soos heuning. Bevoorregte profeet! Begenadigde bedienaar van die Woord van God!

Moeilik — en tog heerlik

Sy Woord is soet — aangenaam — vreugdevol — vir elkeen wat roepingsbewus sê: "So sê die Here HERE !" Of hulle nou al luister of nie. Dit bly Gods Woord en daarom heerlik om dit te kan uitdra. Want agter sy Woord staan God self. En binne-in dryf die Heilige Gees met onweerstaanbare drang. En jy praat en swyg nie: "So sê die Here HERE !"

Mense verstok van hart en hard van aangesig — bespot jou — en daarmee God en Sy Woord. Hulle spuug op jou — wat maak dit saak? Hulle het op my Sender ook gespuug!

Esegiël het selfs nie altyd op klippe geploeg nie. Hy sien op 'n keer 'n dal vol doodsbeendere — droog en bleek gebrand deur die woestynson. En dan kom die opdrag: "Profeteer vir die bene!" En hy doen dit. En eindelik staan sy lewende volk daar in hulle opstandingsgestalte. Die Woord van God is lewenskragtig en sal die hart bekeer.

Luister my volk: "So sê die Here HERE !"

43. Deur die geloof het Daniël...

En Daniël het hom voorgeneem om hom nie te verontreinig met die spys van die koning of met die wyn wat hy gedrink het nie — Hebr. 11:32; Dan. 1:8

Begaafde seun

Daniël is as jong man — moontlik veertien-vyftien jaar oud — uit sy vaderland weggevoer na Babel. Hy was een van 'n groep uitgesoekte jong seuns: "jong seuns aan wie geen enkele liggaamsgebrek was nie, maar wat mooi van aansien was en vernuftig in allerhande wysheid en in besit van kennis en insig in wetenskap, en wat bekwaam was om in die paleis van die koning te dien; en om die skrif en die taal van die Chaldeërs te leer" — Dan.1: 4.

Pragtig! Blink is die toekoms vir Daniël en sy vriende. 'n Goeie opleiding — gratis — en 'n aanloklike loopbaan lê vir hulle oop.

Nebukadnésar lê hand op Daniël

Vanselfsprekend het koning Nebukadnésar die dinge nie uit vriendskap of liefdadigheid gedoen nie. Hy het daarmee 'n bedoeling gehad. Hy wou sy heerskappy vestig oor volke en nasies. Sy invloed moes gevestig word — ook oor die Jode. En die jong manne moes vir die doel ingespan word. Nie verniet kry jong mans in ons tyd gratis universiteitsopleiding in Rusland en ander kommunistiese lande nie. Die Kremlin het iets met hulle in die oog. Hoe beter en bekwamer en aantrekliker sulke seuns is, des te beter kan hulle gebruik word.

Breinspoeling

In Babel moes hulle opgelei word in die skrif en taal van die Chaldeërs. Hulle name is verander. Daniël word Béltsasar — waarin die naam van die god van Babel, naamlik "Bel" teruggevind word. Die koning wou hulle grondig verander. Hulle moes in taal, kultuur, wetenskap en godsdiens ware Babiloniërs word. Hulle eie opvoeding, agtergrond en godsdiens moes eenvoudig verdwyn. Nebukadnésar het op sy manier probeer om Daniël en sy vriende te "breinspoel".

Deur die geloof weier Daniël

Moses het geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word. Daniël het geweier om hom te verontreinig met die kos van die koning. Dit het hy — as kind — deur die geloof gedoen.

En hierdie keuse het Daniël se verdere lewensloop bepaal. Og, Daniël het nie skoor gesoek nie. Hy het die saak reguit met die hofbeampte bespreek. Hy het selfs 'n proeftyd voorgestel — dan kon hy bewys dat die kos, wat hy verkies, nie minder voedsaam is as die van die koning nie. En so slaag hy ook in sy doel.

Kies — vir God teen afgode

Hy het hom nie verontreinig met die kos van die koning nie. 'n Bord kos — wat maak dit tog verskil? Die Here Jesus sê selfs: Dit is nie wat in die mond ingaan, wat 'n mens onrein maak nie, maar wat uit die hart uitkom — slegte gedagtes en begeertes.

En tog was Daniël se keuse nie alleen 'n keuse teen Babel vir Jerusalem nie, maar teen die afgodediens van Babel **vir** die diens van die God van Israel. Dit was dieselfde keuse waarvoor Moses gestaan het. Die kos van die koning, was waarskynlik offervleis en offerkoeke wat aan sy afgode gewy is. En die wyn sou van die wyn wees wat as plengoffers vir die afgode gebring is. Daarom was dit vir Daniël 'n geloofskeuse.

Deur die geloof het hy volhard

Ja, deur die geloof het hy hom voorgeneem — toe hy 'n kind was. Daarom kon hy deur die geloof volhard tot in sy ouderdom. Deur al die jare het sy lig geskyn in Babel. Hy het sy Vader in die hemele voor die koning en sy volk verheerlik. Hy het Nebukadnésar oorleef en selfs sy koninkryk oorleef. Hy was nog daar in die dae van Darius die Pers — koning van die Medies-Persiese ryk. Juis toe het hy gekom by 'n geloofshoogtepunt. Omdat hy in God geglo het en hom nie laat intimideer het nie, is hy lewend tussen hongerige leeus gegooi — en het daar ongedeerd uitgekom.

Wees getrou in geringe

Dit alles het by die bord kos van Nebukadnésar begin. Deur die geloof het hy gekies om hom nie voor sy God te verontreinig nie. Daarom kon hy deur die geloof voor Nebukadnésar staan en sy drome uitlê — maar hom ook in die Naam van die HERE vermaan. Hy kon ook aan Béltsasar, opvolger van Nebukadnésar sê: "God het u geweeg en te lig bevind."

En dit alles het begin by sy keuse as kind.

Dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid.

Laat niemand jou jonkheid verag nie. Verkondig die Woord — hou aan tydig en ontydig. Weerlê, bestraf, vermaan. Het jy vir God gekies, dan word sy krag in jou swakheid volbring.

44. Deur die geloof het Hosea ...

Toe het ek gegaan en Gomer, die dogter van Diblaim, geneem.... — Hebr. 11:32; Hosea 1:3

Voorspoed en weelde maak mense hardhorend

Hosea was 'n tydgenoot van Jesaja en Amos. Jesaja het as profeet in die koninkryk Juda opgetree. Hosea en Amos was profete in "Israel" die tien-stamme-ryk. Sy koning was Jerobeam, die seun van Joas — die tweede Jerobeam wat in Israel regeer het. Hy was 'n sterk koning, wat die verlore gebiede van Israel teruggewen het en die twee ryke: Juda en Israel was, na 'n land tyd, nou weer so groot as in die tyd van koning Dawid.

In 'n tyd van voorspoed en weelde is dit altyd moeilik om na 'n profeet van die HERE te luister. Die volk was ryk en het lekker gelewe. Afgodediens gepaard met sedeloosheid was fluks aan die gang. "Woorde" van 'n profeet kaats van hulle af soos water van 'n eend se rug.

Preek met die daad

Daarom gaan die HERE dit met Hosea "anders" doen. Hy moes met die "daad" preek.

"Gaan heen, neem vir jou 'n hoervrou en hoerkinders; want die land het grootliks owerspel bedrywe deur van die HERE afvallig te word" — 1:2. Ag, HERE waarom tog dit? Hosea se hart sou in hom krimp. Wat 'n vreeslike eis aan 'n man vir wie die diens van die HERE heilige erns is! "Sal ek dan die lede van Christus neem en dit lede van 'n hoer maak? Nee, stellig nie! Of weet julle nie dat hy wat 'n hoer aanhang, met haar een liggaam is nie? Want die twee, sê Hy, sal een vlees wees. Maar wie die Here aanhang, is een gees met Hom" — 1 Kor. 6:15-17.

Mislukte huwelik

Of die Diblaim alreeds bekend was vir haar los lewe, is nie duidelik nie. Dat sy egter later so geword het, is wel duidelik. Volgens die naam — Jisreël — van die eerste kind wat Hosea by haar gehad het, lyk dit asof dit nog goed gegaan het. Volgens hulle name was die tweede en derde kinders waarskynlik nie eens meer Hosea s'n nie — sy het blykbaar agter ander mans begin aanloop.

En dit is presies wat die HERE met die huwelik wou tuisbring. Hy is die wettige "Man" van Israel, maar Israel sy "vrou" het agter ander mans — die afgode — aangeloop. Sy volk het ontrou geword.

Dit moes Hosea met sy huwelik aan hulle tuisbring. Sy huwelik moes dien as 'n aanskoulike les vir die volk. Dit word selfs simbolies tuisgebring by die volk deur die name van die kinders: Lo-Rugama — "geen ontferming" en Lo-Ammi—"nie my volk nie".

Deur die geloof

Deur die geloof het Hosea gegaan en die vrou geneem en met haar getrou. Deur die geloof het hy by haar gebly, totdat sy self weggeloop het. Deur die geloof het hy haar selfs verdra ondanks die buite-egtelike kinders wat in sy huis gebore is. Hy moes immers die "hoervrou en hoerkinders neem" — 1:2. Selfs toe Diblaim hom verlaat het, was sy huweliksmart nog nie ten einde nie. "En die HERE het vir my gesê: Gaan nog 'n keer, bemin 'n vrou wat bemin word deur haar vriend, maar wat owerspel bedrywe, net soos die HERE die kinders van Israel bemin, terwyl hulle hul tot ander gode wend en versot is op rosynekoeke" — 3:1.

Sit stil vir 'n tyd

En Hosea gaan en hy koop haar terug — want dit was eintlik maar weer dieselfde Diblaim. Sy sal dan vir 'n tyd lank moet stilsit — geen owerspel pleeg en aan geen man behoort nie.

"Want die kinders van Israel sal vir lang tyd bly sit sonder koning en sonder vors en sonder slagoffer en sonder klip-pilare en sonder efod en huisgode.

Daarna sal die kinders van Israel hulle bekeer en die HERE hulle God soek" —3:3-5.

Gekrenkte liefde

Deur die geloof kon Hosea dien as voorbeeld — voorbeeld van die liefde van God vir sy afvallige volk. Dit het geloof gekos om dit te kon doen. Dit was 'n harde eis van God, maar hy het homself verloën en saam met die owerspelige mens geleef — soos God leef met sy ontroue volk.

Die sonde van die volk is vreeslik — hulle vertrap die liefde van God.

Gekrenkte liefde slaan egter terug — hard en vernietigend in sy verbondswraak. Dit het Israel onthou toe hulle in die ballingskap in Assirië moes "stilsit" en wegkwyn.

"As iemand die wet van Moses verwerp, sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie; hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het" — Hebr. 10:28, 29. Onthou dit, bruid van Jesus Christus. Hy het vir jou sy lewe afgelê. So lief het Hy jou! Moenie sy liefde vertrap nie.

45. Deur die geloof het Amos ...

> *Die leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? Die Here HERE het gespreek, wie sal nie profeteer nie? — Hebr. 11:32; Amos 3:8*

'n Gewone gelowige en 'n gewone boer

Deur die geloof het Amos die leeu hoor brul — en gevrees.

Deur die geloof het Amos die Here HERE hoor spreek — en geprofeteer.

Dit is die profeet Amos in sy geloofsgestalte.

Amos was 'n gewone boer uit Tekoa in Juda.

> "Ek was geen profeet en ook geen profete-seun nie. Ek was 'n veewagter en kweker van wildevyebome. Maar die HERE het my agter die kleinvee weggeneem en gesê: Gaan profeteer teen my volk Israel" — Amos 7: 14, 15!

Dit is eintlik al wat ons weet van Amos as persoon.

Hy het sy skapies opgepas en wildevyebome aangeplant.

Rustig was sy lewetjie as kleinboer in Tekoa.

Amos hoor! Deur die geloof

En dan hoor hy 'n stem — die stem soos van 'n leeu wat brul.

En hy herken die stem as die stem van die Here HERE.

Die HERE se stem.

Adam hoor Hom in die geruis van die aandstilte.

"Soos iemand wat deur sy moeder getroos word, so sal Ek julle troos" —Jes. 66:13. Soos die stem van 'n moeder — lieflik!

Dieselfde stem kan ook brul in sy toorn. In sy gekrenkte Vaderliefde.

Hy brul teen Damaskus en Gasa, omdat hulle sy heiligheid daar aantas.

Maar veel verskrikliker is sy toorn teen sy eie volk — Israel. Dit is die toorn van heilige jaloesie — van gekrenkte liefde. Sy Naam en sy Verbond word in die modder getrap — en Hy brul.

Israel hoor dit nie

En Amos hoor dit — maar Israel hoor dit nie.

Hulle rus op hulle ivoorbeddens — en drink wyn uit offerkomme — en slag die kalwers van die stal en eet die vetstes van die kleinvee — en bekommer hulle nie oor die verbreking van die dogter van Sion — allermins oor die stem van die Here HERE.

Terwyl hulle moes sidder en profeteer — een en almal.

Wie sal nie profeteer nie? Wie hoor die stem van die Here HERE en swyg?

Deur die geloof het Amos die stem van die leeu hoor brul.

Hy het die Here HERE hoor praat en geprofeteer.

Luister!

Met die natuurlike oor hoor ons nie die stem van die HERE nie.

Tog is ons in staat om sy stem te hoor.

Hoor jy Hom fluister en roep en pleit in sy heilige Woord?

Hoor jy sy stem in die geskiedenis van die mensdom?

Hoor jy Hom brul in die gebulder van kanonne en die angskrete van mense — manne — vroue — kinders? Rou en angstig styg dit deur murg en bloed uit bo die rook en stofwolke van puin en bloed.

Hoor jy Hom brul in die opmars van die kommunisme — op die maat van "vredesmars-musiek" — wat volke oprol en verslaaf?

Die Here HERE het gespreek en dit was. In groot en klein dingetjies.

In die stad en op die platteland.

Hy verhinder die moderne toringbou van Babel op sy eie manier.

Deur die geloof het Amos die brulstem gehoor en gevrees.

Hy het die HERE hoor spreek en self begin praat. Sy mond het vanself oopgegaan. Hy kon nie by sy skapies in Tekoa bly nie. Hy is gedryf deur die leeu wat brul en die Here HERE wat spreek.

Hoor en preek tog

Ag, preek tog dominees — julle word daarvoor betaal!! "Gaan weg, siener, vlug na die land Juda en eet daar brood en profeteer daar" (7:12).

Nee, so is ons nie! Die dominees moet preek — na ons smaak. Hoe skerper — hoe beter — vir sommiges! Veral die wat wegkyk van hulleself! Blaas die basuin!! Gésel die volk en volkere! Vir andere? Waarheid soos koeie. Eg Gereformeerd! Maar raak my net nie aan nie! Moet veral nie verwag dat ek self ook moet profeteer nie!

Vrees! Praat! Dit is glo

Hoor jy die leeu wat brul?

Hoor jy die Here HERE wat spreek?

Waarom vrees jy dan nie?

Waarom profeteer jy nie?

Omdat — vreeslike gedagte — jy nie glo nie.

As die leeu vlak by jou brul, dan skrik jy! In doodsangs krimp jy! Hoe kan jy dan swyg wanneer die Here HERE spreek!

Op ons grense! En in ons midde!

Leef deur die geloof wat hoor en praat.

46. Deur die geloof het Jona...

Neem my en gooi my in die see; dan sal die see om julle heen bedaar, want ek weet dat om my ontwil hierdie groot storm oor julle gekom het — Hebr. 11:32. Jona 1:12

Teen sy sin

Het die HERE ooit so 'n reguit hou met so 'n krom stok geslaan?

Jona kom uiteindelik — teen sy sin — in Ninevé.

Hy stap die vyandige stad binne en roep: "Nog veertig dae, dan word Ninevé verwoes!"

En hy hoop hulle luister nie en sy profesie kom uit.

Maar Ninevé word nie verwoes nie. Hulle doen wat Jona nie wou hê dat hulle moes doen nie. Hulle bekeer hulle in sak en as. En God spaar Ninevé, omdat hulle na sy Woord uit die mond van sy profeet, Jona, geluister het.

God agterhaal Jona met storm op see

Jona is deur die HERE geroep en ontvang sy opdrag: "Jy moet vir Ninevé gaan preek!"

En Ninevé is die hoofstad van Assirië, die wrede en bloeddorstige vyand van sy eie dierbare volk.

Nee, Jona gaan nie na Ninevé nie. Hy klim op 'n skip en vaar weg na Tarsus. God agterhaal hom met 'n storm op see. Die ou skippie wil sink, maar Jona lê in die ruim en slaap. Die manne — wat intussen buite raad is in hulle nood, werp bygelowig die lot. Wie is die skuldige? Die lot val op Jona.

Ag, hulle wou Jona geen kwaad aandoen nie. Hulle wou hom graag spaar. Maar Jona weet — die HERE het hom uitgewys.

Hy glo dit. Hy glo wat hy sê: "Gooi my in die see. En die see sal bedaar. Want ek weet ek is die skuldige."

Deur die geloof het Jona

Deur die geloof staan Jona hier naas koning Dawid: "Ek het gesondig teen die HERE." En hy laat hom in die see gooi. Maar dit is sy geloofsprong — teenoor die ongeloofsprong toe hy op die skip na Tarsis geklim het. En God vang hom op. Hy beskik 'n groot vis wat Jona insluk. En Jona is drie dae en drie nagte in die ingewande van die vis. En so word hy selfs 'n teken vir die Jode van die tyd van Jesus — onse Here. Soos Jona drie dae in die vis was, so was Hy drie dae in die graf.

Sy gebed — 'n gelowige lied

Aangrypend gelowig — ootmoedig en dankbaar — is Jona se gebed uit die ingewande van die vis. "Uit my benoudheid het ek die HERE aangeroep, en Hy het my verhoor. U tog het my in die diepte gewerp, in die hart van die see. Ek is weggestoot, weg van u oë; tog sal ek weer u heilige tempel aanskou." So bid en dank hy die HERE binne-in die vis in die diepte van die see. Sy redding deur die vis was vir hom al klaar die teken van sy volkome redding — al moes hy drie dae daarop wag. Dit is geloof by uitnemendheid. Die geloof wat vertrou op die dinge wat ons hoop en 'n bewys is van die dinge wat ons nie sien nie. Vasgekeer in die ingewande van die vis, sing hy van lofoffers en dankoffers. Die vis is die duikboot van die HERE en hy glo — hy weet — dat hy klaar gered is.

Deur die geloof gaan Jona na Ninevé

En die HERE beveel die vis om Jona op die droë grond uit te spuug. Onmiddellik volg die bevel: "Maak jou klaar, gaan heen na die groot stad Ninevé, en verkondig daar die boodskap wat Ek jou sal sê." Jona is nie gered om nou in die tempel van die Here te gaan rondkuier of daar sy lofoffers te bring nie. Gehoorsaamheid is beter as offerande. Maar Jona het deur skade en skande geleer.

Deur die geloof reis hy — ondanks homself — na Ninevé.

En hy verkondig presies die boodskap wat die HERE hom voorsê.

Hy wil niks en verwag niks

En dan is hy maar weer ons bloedbroer. Hy verwag niks — en toe die HERE sy woord seën is hy daaroor ontevrede tot die dood toe. Weer moes die HERE hom 'n les leer deur die wonderboom wat opskiet en sy skadu oor hom werp. Hoe geduldig is die hoë God nie met ons ongeduldige ou mensies nie? Ons wat liewer haat, as om lief te hê. Ons wat liewer die slegte verwag as die goeie. Omdat ons die oordeel van God "begeer" oor ons vyande — en selfs oor baie mense wat in werklikheid nie ons vyande is nie.

Ag, Jona!

Ag, Jona moes Ninevé verwoes word?

Moet alle kommuniste verdelg word?

Moet almal, wat op ons weg kom en aan wie ons die evangelie nie wil verkondig nie, maar hel toe gaan?

Wees tog maar deur die geloof gehoorsaam en doen wat die Here van jou verwag: "Maak dissipels van al die nasies." Al verwag jy nie veel nie, doen dit tog maar. Die Here kan nog altyd 'n reguit hou slaan met 'n krom stok.

47. Deur die geloof het Miga....

Die toorn van die HERE sal ek dra, want ek het teen Hom gesondig" — Hebr. 11:32; Miga 7:9

Deur die geloof het Miga vir sy volk gebid.

Assur! Wee ons!

Miga, die Morastiet, het as profeet opgetree in Juda in die dae van Jesaja. Die Tienstammeryk — Israel — het nog bestaan in sy tyd, want hy kondig ook die val van Samaria aan —1:6. In die tyd het die Assiriese wêreldryk op die voorgrond begin tree. Ook Israel en Juda het dit gevoel. Net soos Jesaja, sou hy die inval van die magte van Sanherib — in die jaar 701 v.C. — meegemaak het. Alreeds vroeër was hy bewus van die magtige vyand uit die Noorde. Samaria is al in 722 v.C. verwoes en die tien stamme is weggevoer na Assirië.

Miga, die profeet met 'n priesterhart

Soos die ander profete moes ook Miga die oordele van God aansê oor sy geliefde volk. Hy het selfs belewe hoe die tien stamme — tog ook 'n deel van die nageslag van Jakob — weggevoer is na die verre Assirië. Hy het gesien hoe Sanherib se magte voor die poorte van Jerusalem lê en ook gehoor hoe die Assiriese boodskappers God en sy koning belaster. Daarom kan ons begryp dat die profeet, met die hart van 'n priester, aan sy geloof uiting gee. Hy tree in vir sy volk.

Die toorn van die HERE sal ek dra

"Wees nie bly oor my nie, o my vyandin! Al het ek geval, ek staan weer op; al sit ek in die duisternis, die HERE is 'n lig vir my. Die toorn van die HERE sal ek dra, want ek het teen Hom gesondig; totdat Hy my saak verdedig en my reg verskaf" — 7:8, 9.

So bid Miga deur die geloof. En wat 'n gebed!

Sy volk het geval — hulle sit in duisternis.

En die vyande lag — hulle spot met die volk en hulle God.

In naam van sy volk sê die voorbidder, Miga, dan:

"Die toorn van die HERE sal ek dra.

Want ek het teen Hom gesondig."

Hy ken sy volk en hy ken sy God. Hy weet van God se verbondstrou.

Maar hy weet ook van sy gekrenkte liefde — en sy verbondswraak.

As profeet ken hy dit — hy is immers "'n prater van God."

Om van God te kan praat, moet jy eers na Hom luister.

Agter Assur — die hand van God

Daarom weet hy beter as die spottende en laggende Assiriërs, waarom sy ou volkie dit so moeilik het. Agter Assirië sien hy die hand van God. Assur is maar die roede van God se toorn, waarmee Hy sy eie volk slaan. En nou lag en spot en vertrap hulle! "Kan die byl hom beroem teen die wat daarmee kap, of die saag spog teen hom wat dit trek" — Jes. 10:5, 15. Sien u die hand van God? Sien u sy vinger op ons ou volkie gerig? Hoor u: Suid-Afrika is die muishond van die volkere van die wêreld?

Roep tot die V.V.O. en die dreigende kommunisme: "Die toorn van die HERE sal ek dra — want ek het teen Hom gesondig!" Bely dit van harte — Hy is barmhartig en vergewe menigvuldiglik!

Nog hoop ek op Hom

Maar sê ook vir die vyande: "Nog hoop ek op Hom.

Ek wag op Hom, totdat Hy my saak verdedig en my reg verskaf."

Dit is geloofstaal, wat ons uit die mond van Miga kan leer.

God tugtig die volk wat Hy liefhet.

En Hy gebruik as tugroede magtige nasies met vreeslike wapens.

Want Hy het met reg 'n saak teen sy eie volk.

Sy verbondsliefde is vertrap en sy eer is gekrenk.

'n Saak by God

En tog het sy volk ook nog 'n saak by Hom.

"Totdat — Hy my saak verdedig en my reg verskaf."

Die sondige en skuldige volk — wat teen Hom gesondig het — het nog 'n saak by die HERE. Dit is nie verworwe of verdiende reg waarop hulle pleit nie. Dit is gegewe reg en geregtigheid wat hulle uit genade uit sy hand ontvang het.

> "Maar jy, Israel, my kneg, Jakob wat ek uitverkies het, nageslag van Abraham, my vriend. Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God! Wees nie bevrees nie, wurmpie Jakob Israel! Ek help jou, spreek die HERE, en jou Losser is die Heilige van Israel!" — Jes. 41:8-14.

Dit het Miga begryp — in die geloof. Daarom kan hy bely dat God 'n saak teen sy volk het — en hulle tereg tugtig. Maar daarom kan hy ook getuig dat sy volk 'n saak by God het en om sy Naams ontwil kan verwag dat Hy hulle saak sal verdedig. Deur die geloof — kan ook ons bely en dit hoop — ja, verseker verwag. Die HERE bly getrou, ondanks ons ontrou.

Miga het immers ook geprofeteer van die "Heerser in Israel" gebore in Betlehem Efrata — 5:1. En in Hom glo ons. En op Hom wag ons.

48. Deur die geloof het Habakkuk....

Hoelank, o HERE, roep ek om hulp, maar u hoor nie. — Hab. 1:2

Nogtans sal ek jubel in die HERE, ek sál juig in die God van my heil — Hebr. 11:32; Hab. 3:18

Stille in die land

"Die Godspraak van Habakuk, die profeet" lees ons as opskrif by die boekie. En tog lyk dit asof Habakuk eintlik maar 'n stille in die land was. Hy het wél dinge gesien en woorde van die HERE gehoor, maar hy het self daaroor nagedink en daarmee geworstel.

Ons lees nêrens dat hy die woorde op die hoeke van die strate of elders in die openbaar uitgeroep het nie. Moontlik het hy dit opgeskryf en dit is later by die versameling van die profetiese boeke gevoeg.

Geloofsgestalte

En sy profetiese gesigte word dan omspan deur die twee uitsprake — aangehaal uit die aanvang en die afsluiting van sy profesieë. Daaruit spreek Habakuk se "geloofsgestalte" — waarom dit ons te doene is. Deur die geloof roep hy om hulp. Deur die geloof jubel hy in die HERE.

Onreg en moeite

Hy sien onreg en aanskou moeite. Verwoesting en geweld is voor sy oë. Stryd en twis het 'n aanvang geneem. Die wet verloor sy krag, en reg kom nooit meer te voorskyn nie. Die goddelose omsingel die regverdige en die reg kom verdraaid te voorskyn.

Is dit sy eie mense wat soveel onreg pleeg? Of is dit die Chaldeërs waarvan die HERE spreek (1:6) wat al die gruweldade doen? En voeg die HERE nogal daaraan toe: "Want kyk, Ek gaan die Chaldeërs opwek, daardie kwaai en onstuimige nasie." Is dit maar weer die ou tema: 'n Sondige verbondsvolk en 'n toornige God? Is die Chaldeërs maar weer die tugroede in sy hand?

Waarom tog?

Maar Habakuk, wat dit moet sê, kan dit nie begryp nie. Hy kan dit nie begryp dat die vreeslike en afgodiese nasie — die Chaldeërs, mense soos visse nadersleep in hulle nette nie. Waarom tog? Ja, waarom?

Die HERE antwoord wél op Habakuk se vrae. Skryf maar die gesig op en wag maar — dit sal uitkom. Dit sal ook plaasvind: die verdrukker sal weer deur andere verdruk word. "Kyk, sy siel is opgeblaas in hom en nie reg nie. Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe" — 2:4.

Buig in aanbidding

En eindelik buig die gelowige Habakuk dan in aanbidding. En sy gebed word 'n lied — "op die wysie van Sjigjonót" — 3:1.

Die volk sou dit in later tye wel sing — by hulle nood en verdriet.

Hy skrik as Hy die toorn van die HERE in aantog sien.

"In toorn, dink aan ontferming!"

"In grimmigheid betree U die aarde, in toorn dors U die nasies."

"U trek uit tot redding van u volk, tot redding van u Gesalfde."

"Toe ek dit hoor, het my ingewande gebewe,

ja, ek het gebewe waar ek staan."

Rede om te bewe

Rede om te bewe het Habakuk. Hy moes bewe voor die toorn van God. Hy kon nie anders as om te sidder voor die geweld en onreg van die verdrukker van sy volk, wat terselfdertyd die tugroede in die hand van die HERE is.

So het ook ons alle rede om te bewe. Voor God. Voor die geweld en nood wat dreig. Ons het veral rede om te sidder, wanneer ons daaraan dink dat God ons en die sogenaamde Christendom tugtig met iets wat so wreed kan wees as die kommunisme.

Deur die geloof jubel hy in sy nood

En tog is dit nie die einde van Habakuk se gebed nie — sy gebed wat 'n lied geword het. Deur die geloof sing hy:

"Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie — nogtans sal ek jubel in die HERE, ek sal juig in die God van my heil. Die Here HERE is my sterkte, en Hy maak my voete soos die van herte, en Hy laat my tree op my hoogtes."

So kom sy klag: "Hoelank, o HERE, roep ek om hulp, maar u hoor nie" tot rus. Eintlik word dit verander in 'n lofsang.

En dan dink ons aan Paulus: "... uit die geloof geregverdig ... het ons vrede by God ... en ons roem in die hoop op die heerlikheid van God. En nie alleen dit nie, ons roem ook in die verdrukkinge ... want verdrukking werk lydsaamheid ... lydsaamheid werk beproefdheid — beproefdheid werk hoop; en die hoop beskaam nie" — Rom. 5.

U maak my voete soos die van herte — binne-in die vuur.

49. Deur die geloof het Serubbabel en sy volk geluister na Haggai die profeet

Toe het Serubbabel.... gehoor gegee aan die stem van die HERE hulle God en aan die woorde van Haggai, die profeet — Hebr. 11:32, Hag. 1:12

Ore en harte wat luister en gehoorsaam

Dit stem 'n "profeet" dankbaar om ook iets te vertel van die vrugbare prediking van 'n ander profeet. Daarom gaan dit nou nie om die geloof van die profeet nie, maar dat die geloof die vrug op sy woord was. Ons het nou al so dikwels van hardhorende hoorders by die profete gehoor, dat dit louter vreugde is om ook 'n keer te hoor van 'n leier en 'n priester en 'n volk wat "gehoor gee".

Waarom luister hulle

Ter verklaring moet ons byvoeg dat hierdie Serubbabel, Josua die priester en die oorblyfsel van die volk in Jerusalem en Juda "as brandhoute uit die vuur geruk is" — die vuur van die Babiloniese ballingskap. Hulle het die roede van God aan eie lyf gevoel. En hulle was pas terug en leef selfs nou nog onder druk en dreiging. Hulle moes dus naby God bly — daarom was hul ore en harte geneig om te luister. Die ryk van die koning van Babel het onder gegaan. Hy het sy taak as "roede van God" uitgedien. Kores, die koning van die nuwe Medies-Persiese ryk, gee verlof aan die Jode om terug te keer na hulle land. Tempelskatte word meegegee, sodat hulle die tempel kon herbou. In die tweede jaar van hulle aankoms, lê hulle die fondamente van die nuwe tempel op Sion. Toe die fondament klaar was, sing die priesters en Leviete en die volk juig.

Vyande meng in

Maar daar kom die Samaritane aan. "Laat ons saamwerk en saam met julle die tempel bou," sê die vreemdelinge. "Nee, dit sal nie gaan nie. Julle mag nie saam met ons die huis vir onse God bou nie. Ons moet dit alleen bou." Die Samaritane begin hulle toe bangpraat en huur raadgewers om hulle by die koning, Kores, verdag te maak. En die hande van die volk van Juda het verslap. En hulle is afgeskrik om nie te bou nie.

Verlate fondamente

En die fondamente van die huis van God groei toe onder gras en bossies. Intussen bou die volk vir hulself huise om in te woon — vanselfsprekend! En hulle ploeg en saai om 'n eie bestaan te kan maak. En die jare gaan verby. Op die tempelplein gebeur niks.

Dan verskyn die profeet Haggai in hulle midde:

"So spreek die HERE van die leërskare: Hierdie volk sê: Nog het die tyd nie gekom, die tyd dat die huis van die HERE gebou moet word nie.

Is dit vir julleself wel tyd om in julle betimmerde huise te woon, terwyl hierdie huis in puin lê?

Gee ag op wat julle wedervaar het; julle het baie gesaai, maar min ingebring; julle het geëet, maar nie tot versadiging nie; julle het jul geklee, maar nie warm geword nie; en wie hom vir loon verhuur, verhuur hom om dit in 'n stukkende beurs te steek."

Waarom gaan dit so? "Terwille van My huis wat in puin lê, terwyl elkeen van julle vir sy eie huis hardloop" — Hagg. 1: 2-9.

Eie huise en huis van die Here

'n Vreemde Woord — die Bybel. Hy praat altyd die waarheid — ook tot ons! Inflasie — die geld val dwarsdeur ons beursies.

Ons hardloop vir ons eie huise, maar die huis van die **HERE** is **'n** puinhoop. Of hoe?

Ag, ek praat nie van ons mooi kerke nie. Ek praat van die lewende tempel van Jesus Christus — sy lewende gemeente. Is dit te erg gestel: 'n puinhoop van werkloosheid en futloosheid en liefdeloosheid?

Tempel herrys

Maar Serubbabel luister.

En Josua, die hoërpriester luister.

En die oorblyfsel van die volk luister.

En hulle spring aan die werk.

En die tempel van God herrys uit die puinhoop.

Die Here seën gehoorsames

Weer praat Haggai die profeet. Let op Serubbabel en my volkie!

Let op, hoe dit vroeër was en hoe dit nou sal word!

Kyk, hoe die HERE julle gaan seën.

Sy beloning — genadeloon — bly nie uit nie.

Beproef die HERE ! Steek die hande uit die moue en werk!

Vul jou lewe met sy heilige diens — daarvoor is jy geskape en daartoe is jy verlos. En kyk of Hy nie 'n oorvloedige seën op jou sal uitstort nie.

Luister na u Heiland: "My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy werk te volbring — Joh. 4:34.

En dit is ook ons voedsel — ons lewe — in sy volheid van vergenoegdheid en vreugde. Beproef dit gerus en jy sal versteld staan.

50. Deur die geloof — dade

> *.... wat deur die geloof koninkryke oorweldig het, geregtigheid geoefen, beloftes verkry, bekke van leeus toegestop — Hebr. 11:33-35*

Die skrywer is in Hebreërs 11 nog nie uitgepraat oor die geloof nie. Tot dusver was dit hom te doene om op te som wat persone deur die geloof alles verrig het. Nou begin hy om verskillende geloofsdade op te som.

Geloof sonder werke is dood

Geloof sonder die werke is dood. "Net so is die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood. Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon" — Jak. 2:17, 18.

> "Laat julle lig so skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik" — Matt. 5:16.
>
> "Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as die van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie" — Matt. 5:20.

God alleen die eer

In die opsomming van geloofswerke, wat in die volgende verse genoem word, vind ons selfs baie meer dade as die geloofs-gestaltes wat tot dusver behandel is. Dit gaan dus in die eerste plek om die werke van die geloof. Die persone op sigself verdwyn op die agtergrond. Dit is immers die eerste geloofswerk om jouself te kan verloën en jouself so weg te syfer dat God alleen die eer ontvang.

Die dade is dit waarna God kyk en waarna ook die mensdom kyk — om God in Christus te leer ken. Die wêreld lees nie die Bybel nie, maar hulle lees die Christene, soos 'n boek. Hulle kyk na ons en soek by ons die dade wat ons preek.

Eenvoudige geloofslewe

Sommige van die dade wys terug op wat persone verrig het, waarmee hy ons reeds besig gehou het. Andere is meer algemene uitdrukkinge, wat selfs nie alleen op persone in die Ou Testament van toepassing is nie. Ons kan selfs dink aan die tyd van die Makkabeërs — die tydperk tussen die Ou en Nuwe Testament — toe die Jode vanweë hulle geloof vervolg en gemartel is.

Met geloofsdade is dit tog ook so. Jy lewe alleen maar volgens wat die lewe uit die HERE van jou verg. Jy voer maar jou dagtaak uit. En dinge gebeur — sommer-so — sonder enige doelbewuste inspanning van jou kant. Jy loop agter die Here aan — soos Israel agter die verbondsark aangestap het rondom Jerigo en die mure tuimel sommer in. Of jy weier — soos Daniël — 'n bordjie "koningskos". Dit mag 'n gebrek aan wêreldgelykvormigheid wees, wat jou "anders" laat optree as die "ander" mense. Jy mag selfs net "anders" aantrek as hulle en daarin toon dat jy nog "skaamtegevoel" het. En al die ou dingetjies breek deur mure en maak deure oop en ontketen kragte, waarvan jy nie gedroom het nie.

Andere sien in jou die Lig

Jou hart — of jou brein soos die moderne opvatting is — ondergaan, miskien ongemerk, 'n verandering. Jy sien dinge anders en leef dit uit. En jy merk met bewondering dat andere in jou die "Lig" sien. Jy beoefen geregtigheid — vanself — hoe weet jy self nie.

Klein dingetjies lei tot grotes

En, soos by Daniël, lei die klein dingetjies tot groot dinge. Hy kry toegang tot die hart van die tiran en heerser, Nebukadnésar. Hy sê aan hom die waarheid — sonder om daardeur sy eie lewe te verloor. Sy getroue vriende — Sadrag, Mesag en Abednego — gaan die vuuroond in — kom daar ongedeerd uit. Daniël self kom lewend uit die leeukuil.

So oorweldig die paar manne in Babel koninkryke.

Hulle oefen geregtigheid uit.

Hulle verkry beloftes.

Hulle stop die bekke van leeus toe.

En in ons tyd?

Versprei die Lig

'n Klein dogtertjie stap êrens in Engeland baie myle na die huis van 'n predikant — met haar spaargeldjies — om 'n Bybel te kon koop. Die predikant kom so onder die indruk daarvan dat hy 'n veldtog op tou sit om 'n "genootskap" te stig om Bybels goedkoper te versprei. Bybelgenootskappe ontstaan en word 'n magtige wêreldbeweging. Hulle ontvang offers — klein bedraggies en groot somme — en vertaal en druk en versprei Bybels. En deure gaan oop en kragte ontketen.

Bybels word ingesmokkel na kommunistiese lande.

Manne en vroue waag daarmee hulle eie lewe.

En meer manne en vroue en kinders waag in die bepaalde

lande hulle vryheid en hulle lewe.

En die saad van die Woord val en ontkiem en groei.

Kom ons begin maar in ons eie klein kring — net maar te lewe en te doen wat ons vanselfsprekend moet doen — deur die geloof. Kyk rondom jou en deel uit wat jy het. En God doen dit deur jou skamele kragte.

51. Deur die geloof was die wêreld hulle nie werd nie

> *Hulle is gestenig, in stukke gesaag, versoek, deur die swaard vermoor.... hulle het gebrek gely, is verdruk, mishandel — die wêreld was hulle nie werd nie — hulle het in woestyne rondgedwaal en op berge en in spelonke en in skeure in die grond — Hebr. 11:37, 38*

Lig van die wêreld

"Die wêreld was hulle nie werd nie ....?"

'n Vreemde uitspraak?

Dit gaan immers hier om mense wat die "sout van die aarde en die lig van die wêreld" genoem word, deur die Here Jesus self. Die wêreld moes en moet dus vir hulle iets werd wees.

Sê die Here Jesus dan nie ook nie: "Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het" — Joh. 3:16.

Waardeloos in die oog van die wêreld

Aan die ander kant het die wêreld juis hulle as waardeloos beskou. En die wêreld doen dit nog steeds. Juis daarom is hulle doodgemaak — in stukke gesaag — deur die swaard vermoor.

Die wêreld het hulle as niks minder as 'n pes en 'n plaag beskou nie.

Daarom moes hulle gebrek ly en verdruk en mishandel word. Die wêreld wou hulle in veragting uitspuug as nikswerd gespuis. Daarom het hulle in woestyne rondgedwaal — op berge — spelonke— in skeure in die grond moes hulle hulself skuilhou.

Soos hulle My haat, sal hulle julle haat

Hulle was niks vir die wêreld werd nie — het die wêreld gemeen.

En hier word beslis bedoel die "mensewêreld".

Die mensewêreld is die sondige wêreld.

Dit is die wêreld wat lê onder die heerskappy van die duiwel.

Juis daarom het die wêreld hulle gehaat.

Daarom het die wêreld ook die Verlosser van die wêreld verag en gesmaad en gekruisig.

Dit was juis terwille van Hom — Hy wat sou kom — dat die wêreld van die ou tyd die geloofshelde van die ou tyd gehaat het.

En dit is om dieselfde Jesus Christus dat die wêreld vandag nog die mense haat wat deur die geloof lewe.

God skaam Hom nie om hulle God genoem te word nie

God het hulle die moeite werd geag om in die wêreld te lewe en te werk as gelowiges. Hy het dit selfs ter wille van die wêreld gedoen. Die mensewêreld behoort immers aan Hom — Hy het hulle gemaak en Hy laat sy "wêreld" nie los nie. Daarom stuur Hy hulle as getuies die wêreld in.

Tevergeefse moeite

Maar, sê die skrywer: Die wêreld was hulle nie werd nie. Hulle het — om so te sê —

vergeefs in die wêreld geleef. Dit was nie die moeite werd dat hulle geglo en in die wêreld gewerk het nie. Die wêreld het hierdie bemoeienis van God nie verdien nie en ook nie waardeer nie. Dit kon net sowel agterweë gebly het.

Hoor ons nie die waarheid uit die mond van Jesus Christus nie? "Ek bid vir hulle; Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir die wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort. Ek het hulle u Woord gegee, en die wêreld het hulle gehaat, omdat hulle nie van die wêreld is nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie" — Joh. 17. Die wêreld was en is Jesus Christus nie werd nie. Daarom is die wêreld ook sy volgelinge nie werd nie.

Waarom dan in die wêreld?

En tog moes hulle — en moet ook ons — in die wêreld bly. Allereers omdat ons kosbaar is vir die Here.

Nie omdat hulle en ons dit verdien het nie.

Nee, Hy het syne lief ondanks hulleself.

En Hy stuur hulle die wêreld in, omdat Hy nog ander skape in die wêreld het.

En Hy gebruik hulle — en ons — om deur woord en voorbeeld die andere te trek en aan Hom te bind.

Daarom leef en werk en ly ons in die wêreld.

Sy bruid is in die wêreld

Ons bid: "Laat u koninkryk kom."

En ons voete kom in beweging en ons harte gaan uit na die wêreld — in sonde oud. Want ons weet die wêreld is ook "syne". Sy bruid is besig om haar toe te berei vir haar bruidegom. En sy werk en ly nie tevergeefs nie. Almal wat aan Hom behoort moet na Hom toe kom. Hulle moet almal ingelyf word in sy bruidskerk.

Dan kom Hy.

Sy bruid het haar gereed gemaak.

En sy is bekleed met blink en fyn linne.

Salig is elkeen wat genooi is na die bruilof van die Lam.

52. Deur die geloof het ons iets beters ontvang

> *En alhoewel hulle almal deur die geloof getuienis ontvang het, het hulle die belofte nie verkry nie, omdat God iets beters oor ons beskik het, sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie — Hebr. 11:39, 40*

Verbly julle in die Here!

Ons het in ons gesprek gekom by die einde van die klassieke hoofstuk oor die geloof. Ek het rede om bly en dankbaar te wees. Ek hoop elke leser ook.

> "Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle! Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word. Die Here is naby. Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus" — Filip. 4:4-7.

Hulle sien uit

Die gelowiges uit die Ou Testament het deur die geloof getuienis ontvang. Hulle het die belofte uit die verte gesien en begroet. Maar die belofte is vir hulle nie vervul nie. Die sentrale belofte was immers: "Ek sien Hom, maar nie nou nie, ek aanskou Hom, maar nie naby nie: 'n ster kom te voorskyn uit Jakob, en 'n septer kom uit Israel op" — Num. 24: 17. Die môrester — die Christus — moes nog kom.

Ons het gesien!

God het iets beters oor ons beskik.

By ons is dit nie alleen 'n belofte wat wink nie.

Die belofte is wel afgebeeld in die offers en seremonies wat dag vir dag gebring en nagekom moes word.

Dat ons iets beters ontvang het, wil nie sê dat ons geloof beter is as wat hulle s'n was nie.

Dit wil sê dat ons leef in die tyd van vervulling.

> "Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons" — 2 Kor. 1: 20.

Die Here bereik sy doel

" .... sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie ...."

Mooi word die vertolking van hierdie woorde in die nuwe vertaling weergegee: "sodat hulle nie sonder ons die voleinding bereik nie." Die Here bereik sy doel eers, wanneer ook ons deel het aan die geloof, wat hulle gehad het.

Na die koms van Christus leef ons alreeds in die bedeling van die voleinding.

Christus moes kom om die pad na die voleinding vir hulle en vir ons oop te maak.

Sonder ons, kom ook hulle nie daar nie.

Sonder ons, is die getal van die uitverkorenes van die Here onvolledig.

Ons sien ook uit

In die opsig sien ook ons, soos hulle, die "Onsienlike".

Ook ons, leef soos hulle, uit die belofte wat wink.

Christus wat kom op die wolke van die hemel.

Dan bereik ons, saam met die mense uit die ou tyd, ons bestemming in sy volheid of volmaaktheid.

Deur die geloof kyk ons terug — en sien ons vooruit. Ons kyk terug na die wolk van getuies uit die ou tyd. Dit het ons saam met die skrywer gedoen dwarsdeur Hebreërs 11.

En dit het ons versterk, omdat ook ons deur die geloof lewe. Eers nadat ons teruggekyk het, kan ons vorentoe kyk.

Die oog gevestig op Jesus

Dan loop ons met volharding die wedloop wat voor ons lê "die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het, en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het" — Hebr. 12:1, 2.

Gee ag op Hom!

Sodat julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie.

Voor ons is wolke en donkerheid.

Storms dreig en ons sidder in afwagting.

Maar bo-oor al die donker wolke span die reënboog van die belofte — "Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het" — Open. 1:7.